PRYS 50c

ALMANAK

EN

BYBELSE DAGBOEK

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

1968

Uitgegee vanweë die Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk

62ste JAARGANG

E. J. Kruger & Kie.

(EDMS) BEPERK

VIR U SKRYFBEHOEFTE-BENODIGDHEDE

Fabrikante van „IMPALA"-skryfbehoeftes

Verkrygbaar by u kerk se boekhandelaars

Ons is die enigste Afrikaanse skryfbehoefte-fabrikante in die Republiek

TEL. 27-4521 - POSBUS 75
NEWVILLE - JOHANNESBURG

ALMANAK

EN BYBELSE DAGBOEK

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1968

REDAKSIE:

Ds. T. F. J. Dreyer
Hoofredakteur

Ds. S. E. Young

en

Ds. S. P. Viljoen

Redakteur van Statistieke:
Mnr. A. B. van N. Herbst

Prys 50c

62ste JAARGANG

Gedruk deur die N.H.W.-Pers, Posbus 171, Krugersdorp.

Die P.U. vir C.H.O.

★ Spesiale voorligting aan eerstejaarstudente.
★ Spesiale aandag aan indiwiduele studente.
★ Voortreflike Studiegeriewe.
★ Gesonde Studentelewe.

Skryf aan:
DIE REGISTRATEUR, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.



Die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

BLINDEDERMONTSTEKING

KENTEKENS

- *Pyn in die regtersy*
- *Aangepakte tong*
- *Koors van* 100 *tot* 102 *grade*
- *Verharde maagwande*

Dit is onnodig om die blindederm sonder meer te laat uithaal. Blindedermontsteking kan vandag teen geringe koste behandel word met 'n middel wat die afgelope dertig jaar honderde lewens gered het en duisende lyers die doktersmes laat vryspring het — die Dr. Mullers-Blindedermmiddel.

Wanneer die blindederm pla, probeer eers die

DR. MULLERS-BLINDEDERMMIDDEL

70c per bottel by alle apteke of posvry van Norwood Coaker, Posbus 89, LADYBRAND.

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord 7
Kerklike en ander gedenkdae 9
Historiese kalender 11
Alfabetiese lys van predikante in bediening 34
God Spreek 36
Lukas 12: 35 en 36 39
R. C. Joubert 41
Luther se vyf-en-negentig stellings 43
N. J. J. van Rensburg 55
Prof. dr. P. Hartig 57
Hartingsburg 61
Ds. S. E. Young 67
M. M. J. Nel 69
Kerklike gesag 71
Kom. D. R. J. van Vuuren 73
C. P. Willemse 75
Rhodesië 76
Die Internasionale Liberalisme 79
Die Afrikaner en sy kerk 84
Die Ossewa 91
Die uitwissing van die van Rensburg-trek 92
Stel die geeste op die proef 96
Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 99
Kaapse predikante voor 1814 104
Vroeëre predikante sedert 1853 105
Diensdoende predikante op 15 September 1967 108
Professore en lektore 114
Studente 115
Statistieke van Gemeentes 116
Universiteits- en skoolkalenders 189
Vir elke dag — Bybelse Dagboek 195

U Erfenis aan die Nageslag



Pragtige kerkmeubels keurig vervaardig deur

S.A.T.I.M.

S.A. Timber and Joinery Works (Edms.) Bpk.

★

WERK TEN VOLLE GEWAARBORG

★

Preekstoele — Kerkbanke — Kerkmeubels
Deure — Houtwerk

★

S.A.T.I.M.

Telefoon 834-1571 Posbus 6680

Kosterstraat 3, Booysens,
JOHANNESBURG

VOORWOORD

Die Almanak van 1968 kom en klop aan u deur om binne gelaat te word.

Hy kom as 'n ou en 'n goeie vriend. Hy kom om u van die Kerk een en ander te vertel, om belangstelling in die Kerk en die werk van die Kerk by u te wek. Daar is baie in die Kerk wat alles weet van die eie gemeente, wat hard, miskien jarelank reeds, hard werk aan die opbou en uitbou van die eie gemeente, maar wat min, soms selfs bedroewend min weet van die ander gemeentes en van die werk van die Kerk in die algemeen. Ons Kerklede mag nie vergeet dat ons ook deel is van en deel moet hê aan die groot geheel, met ander woorde aan die Kerk. En daarom moet ons ook die Kerk goed ken.

Die Almanak wil u daarin bystaan. Dit bevat al die nodige gegewens. Maar nog meer. Dit is ook in baie ander opsigte van groot diens. Dit gee nie net inligting nie, maar ook voorligting. Dit help om die koers wat ingeslaan moet word te bepaal en om rigting te gee, veral in die tyd waarin ons nou lewe is daar op verskillende terreine gisting en verwarring. Helaas, selfs op die kerklike erf. Dat dit vir u van diens mag wees, is ons bede en bo alles dat dit mag dien tot grootmaking en verheerliking van Sy nooit genoeg Volprese Naam.

T. F. J. DREYER,
Hoofredakteur.

Posbus 683,
Pretoria.



BOUERS VAN
DEFTIGE

PYP-

ORRELS

vir

MEER AS 'N
HALWE EEU

•

**BEROEMD VIR
KLANK**

•



COOPER, GILL & TOMKINS

[Edms.] Bpk.

Die firma met tradisie!

Staibstraat 33, Nu-Doornfontein, Johannesburg
Tel. 22-8718

**STEMKONTRAKTE — GEHOORTOESTELLE
KERKKLOKKE**

Ook te: Kaapstad, Durban, Port Elizabeth.

KERKLIKE EN ANDER GEDENKDAE IN 1968

Nuwejaarsdag	1 Januarie
Eerste Lydensweek	3 Maart
Tweede Lydensweek	10 Maart
Derde Lydensweek	17 Maart
Vierde Lydensweek	24 Maart
Vyfde Lydensweek	31 Maart
Sesde Lydensweek	7 April
Van Riebeeckdag	6 April
Goeie Vrydag	12 April
Paassondag	14 April
Paasmaandag	15 April
Dankdag vir die oes	21 April
Hemelvaartdag	23 Mei
Republiekdag	31 Mei
Pinkstersondag	2 Junie
Gesinsdag	8 Julie
Bartholomeusnag	24 Augustus
Setlaarsdag	2 September
Krugerdag	10 Oktober
Biddag vir die gesaaides	20 Oktober
Hervormingsfees	3 November
Eerste Adventsweek	1 Desember
Tweede Adventsweek	8 Desember
Derde Adventsweek	15 Desember
Geloftedag	16 Desember
Vierde Adventsweek	22 Desember
Kersfees	25 Desember
Tweede Kersdag	26 Desember
Oujaarsdag	31 Desember

SAOB

. . . . DIE EERSTE EN GROOTSTE PYPORREL-FABRIEK IN SUID-AFRIKA

- Lewer gemiddeld een orrel per week af.
- Bied 'n volledige en gereelde stem- en onderhoudsdiens aan oor die hele Suider Afrika.
- Verbou en restoureer bestaande orrels.
- Bou ook 'n volledige reeks standaardmodel orrels teen uiters lae pryse vir kleiner kerke en sale.
- Het reeds 'n groot aantal pyporrels aan privaat persone, skole, universitelte en ander instellings gelewer.
- Vervaardig benewens orrels ook toringuurwerke, luiklokke, dowegehoortoestelle en ander kerkmeubels soos banke, preekstoele, nagmaaltafels, ens.
- Takke en tegniese verteenwoordigers te

KAAPSTAD 55-3848/77-8687 | BLOEMFONTEIN 74969 | POTCHEFSTROOM 7381 | JOHANNESBURG 7063539

SUID-AFRIKAANSE ORRELBOUERS (EDMS.) BPK.

POSBUS 200 SILVERTON PRETORIASTRAAT 157

TELEFOON 76-4844/5/6, 76-4305 NA-URE: 76-5751, 76-5200

JANUARIE 31 DAE

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERING	Sons opg.	Sons ond.
		EERSTE KWARTIER 7 4.23 nm. VOLMAAN 15 6.11 nm. LAASTE KWARTIER 22 9.38 nm. NUWEMAAN 29 6.29 nm.	vm.	nm.
M	1	Verskyning van die Almanak, 1907	5 18	7 05
D	2	Oorgawe van Jameson, 1896	5 19	7 05
W	3		5 19	7 05
D	4	Kommando teen Dingaan, 1840	5 20	7 05
V	5		5 21	7 04
S	6	Inswering van Pres. M. W. Pretorius, 1857	5 22	7 04
S	7	Die Vierkleur te Potchefstroom gehys, 1857	5 23	7 04
M	8		5 23	7 04
D	9		5 24	7 04
W	10	Stigting van die Gereformeerde Kerk, 1859	5 25	7 04
D	11		5 26	7 04
V	12		5 26	7 04
S	13		5 27	7 04
S	14	Die Kerk van Wolmaransstad ingewy, 1911	5 28	7 04
M	15		5 28	7 04
D	16		5 29	7 04
W	17	Sandrivier Konvensie, 1852	5 30	7 04
D	18	Eerste Gekomb. Kerkverg. aan die Kaap gehou, 1746	5 30	7 04
V	19	Die Kaap 'n Engelse Kolonie, 1815	5 31	7 03
S	20	Generaal P. J. Joubert gebore, 1831	5 32	7 03
S	21	Die gemeente Rustenburg gestig, 1850	5 33	7 03
M	22		5 33	7 03
D	23	Slag by Spioenkop, 1900	5 34	7 03
W	24		5 35	7 03
D	25		5 35	7 03
V	26		5 36	7 02
S	27		5 37	7 02
S	28	Slag van Laingsnek, 1881	5 38	7 02
M	29	Die Holl. taal in die Kaapse Geregshowe belet, 1824	5 38	7 02
D	30		5 39	7 01
W	31		5 40	7 01

PSL

DOOSLEGGERS, KONSERTINALEGGERS
PLATLEGGERS, TOEGANKLIKE LEGGERS

HANDTEKENING-KLADDERS
SEËLBOEKE
ENS.

•

U KAN HIERDIE BY U SKRYFBEHOEFTE-
HANDELAAR VERKRY

Vervaardig deur

SILVERAY

Handelsnavrae:

PRESS SUPPLIES LIMITED

Posbus 7591	Posbus 2401	Posbus 1706
JOHANNESBURG	KAAPSTAD	DURBAN

Ook Voorraadhouers van:

PAPIER, DRUKKERSMASJINERIE EN -BEHORE

FEBRUARIE 28 DAE

Dag van die Week.	Maand.	MAANSVERANDERING	Sons opg.	Sons ond.
		EERSTE KWARTIER 6 2.20 nm.		
		VOLMAAN 14 8.43 vm.		
		LAASTE KWARTIER 21 5.28 vm.		
		NUWEMAAN 28 8.56 vm.		
			vm.	nm.
D	1	Die Kerk van Eendracht ingewy, 1919	5 41	7 00
V	2		5 42	7 00
S	3	Generaal C. de Wet oorlede, 1922	5 43	6 59
S	4	Retief—Dingaan-Traktaat onderteken, 1838	5 44	6 58
M	5	Die Kerk van Heilbron ingewy, 1916	5 44	6 58
D	6	Ds. J. J. Kuhn oorlede, 1937	5 45	6 57
W	7		5 46	6 57
D	8		5 47	6 56
V	9		5 47	6 55
S	10	Generaal de Wet trek Kaapkolonie binne, 1901	5 48	6 55
S	11		5 49	6 54
M	12	Ds. C. W. du Toit oorlede, 1932	5 49	6 53
D	13	Grondwet van die S.A. Republiek aangeneem, 1858	5 50	6 52
W	14	Stigting van die Republiek Natal, 1840	5 51	6 52
D	15	—	5 52	6 51
V	16		5 52	6 50
S	17	Voortrekkerslaer by Moordspruit uitgemoor, 1838	5 53	6 49
S	18	Martin Luther oorlede, 1546	5 45	6 48
M	19		5 54	6 48
D	20	Die gemeente Ventersdorp gestig, 1892	5 55	6 47
W	21	Holland herneem besit van die Kaap, 1803	5 56	6 46
D	22	Die eerste Kerk van Pretoria ingewy, 1857	5 56	6 45
V	23	Die Vierkleur te Pretoria gehys, 1857 Eerste Kerkraad Herv. Gem. Potchefstroom benoem, 1842	5 57	6 45
S	24	Die Kerk van Potchefstroom ingewy, 1866	5 58	6 44
S	25	Die Kerk van Pretoria ingewy, 1905	5 59	6 43
M	26		5 59	6 42
D	27	Amajuba, 1881 Die gemeente van Johannesburg gestig, 1895	5 59 6 00	6 42 6 41
W	28	Ds. P. W. v. Drimmelen in Humpata oorlede, 1919		
D	29			

Weblers

STAALVENSTERS

(EDMS.) BPK.

Posbus 15, Luipaardsvlei **Foon 664-4471 (3 lyne)**

FREDERICK COOPERLAAN — FACTORIA
KRUGERSDORP

Vervaardigers van

Vensters

VIR HUISE, KERKE, SKOLE EN INDUSTRIËLE GEBOUE

Spreek ons gerus vir u benodigdhede t.o.v.

DEURE en STAALVENSTERS

MAART 31 DAE

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERING	Sons opg.	Sons ond.
		EERSTE KWARTIER 7 11.20 vm. VOLMAAN 14 8.52 nm. LAASTE KWARTIER 21 1.07 nm. NUWEMAAN 29 12.48 vm.	vm.	nm.
V	1		6 01	6 39
S	2		6 02	6 39
S	3		6 03	6 37
M	4	Inswering van President Steyn, 1896	6 03	6 36
D	5	Hoeksteen van die Kerk van Ermelo gelê, 1910	6 04	6 35
W	6	Die gemeente Oos-Londen gestig, 1937	6 05	6 34
D	7		6 05	6 33
V	8		6 06	6 32
S	9	Slagtersnek, 1816	6 06	6 31
S	10		6 07	7 30
M	11	Lydenburg skei af, 1857	6 07	6 29
D	12	Oudl. A. H. Klazinga van Lichtenburg oorlede, 1920	6 08	6 29
W	13		6 08	6 28
D	14		6 09	6 27
V	15		6 09	6 26
S	16		6 09	6 25
S	17		6 10	6 24
M	18	Sandrivier Konvensie te Rustenburg bekragtig, 1852	6 10	6 23
D	19		6 11	6 22
W	20	Oudl. A. Rocher van Ventersdorp oorlede, 1912 Die gemeente Bloemfontein-Noord gestig, 1937	6 11	6 20
D	21		6 12	6 19
V	22		6 12	6 18
S	23	Afkondiging van die vrede te Pretoria, 1881	6 13	6 17
S	24		6 14	6 15
M	25	Die Kerk te Potgietersrus ingewy, 1924	6 14	6 14
D	26	Eerste Kerkviering Herv. Gem., Potchefstroom, 1842	6 14	6 12
W	27	Generaal P. J. Joubert oorlede, 1900	6 14	6 12
D	28	Die Kerk van Ventersdorp ingewy, 1913	6 15	6 10
V	29		6 15	6 10
S	30	Hoeksteen van die Kerk te Johannesburg gelê, 1935	6 16	6 09
S	31		6 16	6 08

Vergrotings in Lewenskleur

teen Billike Pryse

W. E. CAREY

Apteker
KRUGERSDORP

KRY AL U RUBBERSTEMPELS VAN

WEST RAND PUBLICATIONS

(EDMS.) BEPERK

Humanstr. 55 — KRUGERSDORP — Tel. 660-5916

★

SPOEDIGE EN BEKWAME DIENS

★

DRAAISTEMPELS VIR DESIMALISASIE HIER VERKRYGBAAR

★

Agente vir:
RUBBER STAMP ENGRAVING COY.
Posbus 8011 :: Johannesburg

APRIL 30 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING	Sons	
		EERSTE KWARTIER 6 5.28 vm. VOLMAAN 13 6.52 vm. LAASTE KWARTIER 19 9.35 nm. NUWEMAAN 27 5.21 nm.	opg.	ond.
			vm.	nm.
M	1	Stigting Teologiese Fakulteit te Pretoria, 1917 Dr. J.H. Greyvenstein Hoogleraar te Pretoria, 1917 Dr. S.P. Engelbrecht Hoogleraar te Pretoria, 1921	6 17	6 07
D	2		6 17	6 06
W	3		6 18	5 05
D	4		6 18	6 04
V	5		6 18	6 03
S	6	Aankoms van Van Riebeeck in Tafelbaai, 1652 Gemeente Chrissiesmeer gestig, 1892	6 19	6 02
S	7	Die Kerk van Nylstroom ingewy, 1922	6 19	6 01
M	8		6 20	6 00
D	9		6 20	6 59
W	10		6 21	5 58
D	11	Die Kerk van Bronkhorstspruit ingewy, 1913	6 21	5 57
V	12	Die eerste anneksasie van Transvaal, 1877	6 22	5 56
S	13	Oudl. M.J. Prinsloo van Witfontein oorlede, 1892	6 22	5 55
S	14		6 23	5 54
M	15	Hoeksteen van die ou Kerk van Ventersdorp gelê, 1893	6 23	6 53
D	16		6 24	5 53
W	17	Ds. M.J. Goddefroy emeritus, 1917	6 24	5 52
D	18	Die eerste Kerk van Potchefstroom ingewy, 1851	6 25	5 51
V	19		6 25	5 50
S	20	Hoeksteen van die Kerk op Chrissiesmeer gelê, 1892	6 26	5 49
S	21	Ds. N.J. van Warmelo oorlede, 1892	6 26	5 48
M	22		6 27	5 47
D	23	Die Kerkraad van Witfontein wil nie verenig nie, 1886	6 27	5 47
W	24	Oudl. F.G. Wolmarans van Potchefstroom oorlede, 1872	6 28	5 46
D	25	Protes van die Hervormers te Spiers, vandaar Protestante, 1529	6 28	5 45
V	26	Eerste Kerk van Rustenburg ingewy, 1851 Gemeente Wolmaransstad gestig, 1892	6 29	5 44
S	27		6 29	5 43
S	28		6 20	5 42
M	29	Tweede Dorsland trek, 1875	6 30	5 41
D	30	Koningin Juliana van Nederland gebore, 1909	6 31	5 40

Koop direk van die fabriek

— — — EN BESPAAR!

★ **KOSHUISMEUBELS**

★ **VOUSTOELE**

★ **KERKMEUBELS, ens., ens.**

★

ONS IS VERSKAFFERS AAN DIE N.H. WEESHUIS, KRUGERSDORP EN TALLE ANDER INRIGTINGS

STEEL en BARNETT Bpk.

Posbus 3449 — Tel. 869-2211

JOHANNESBURG

— PROBEER ONS EERSTE —

HARTKWAAL

Die hart is 'n groot spier wat die bloed na alle organe van die liggaam pomp. By sommige mense is die hartspier geneig om pap en moeg te raak — 'n toestand wat deur onreëlmatige hartklopping gekenmerk word. In sulke gevalle is dit dus nodig om die hartspier te versterk — en hiervoor is die Dr. Allens-Watersugpille die aangewese versterkmiddel. Vir hartkwaal, swak hart, watersug, nier- of leweraandoeninge, lae of hoë bloeddruk en voorsorg teen verkoue kan u met algehele veiligheid en vertroue staatmaak op die

DR. ALLENS-WATERSUG PILLE

75c per bottel by alle apteke of posvry van Norwood Coaker, Posbus 89, Ladybrand.

MEI 31 DAE

Dag van die Week.	Dag van die Maand.	MAANSVERANDERING	Sons opg.	Sons ond.
		Eerste Kwartier .... 5 7.54 nm. Volmaan .... 12 3.05 nm. Laaste Kwartier .... 19 7.44 nm. Nuwemaan .... 27 9.30 vm.		
			vm.	nm.
W	1	Die gemeente van Ermelo gestig, 1909	6 31	5 40
D	2	Hollands in Kaapse Parlement toegelaat, 1882	6 32	5 39
V	3		6 32	5 38
S	4		6 33	5 37
S	5	Ds. A. J. Barger oorlede, 1940	6 33	5 36
M	6		6 34	5 36
D	7		6 34	5 35
W	8	Die gemeente Memel gestig, 1915	6 35	5 34
D	9	Stigting van die gemeente Zoekmekaar, 1931 Paul Kruger ingesweer as Staatspresident, 1883	6 35	5 33
V	10	Duitsland val Holland in, 1940	6 36	5 33
S	11	Die Kerk van Witbank ingewy, 1929	6 36	5 32
S	12	Eerste Avondsmaalviering aan die Kaap, 1652	6 37	5 32
M	13		6 38	5 31
D	14		6 38	5 31
W	15	„Die Hervormer" verskyn, 1909 Die gemeente Schweizer-Reneke gestig, 1925	6 39	5 30
D	16	Gemeente Losberg gestig, 1925	6 39	5 30
V	17		6 40	5 29
S	18		6 40	5 29
S	19		6 41	5 28
M	20	Inwyding van die Kerk van Delmas, 1933	6 41	5 27
D	21		6 42	5 27
W	22		6 42	5 26
D	23	Stigting gemeente Bothaville, 1936	6 43	5 26
V	24		6 43	5 25
S	25		6 44	5 25
S	26		6 44	5 24
M	27	Aankoms van ds. Van der Hoff te Potchefstroom, 1853	6 45	5 24
D	28	Ds. G. W. Smits oorlede, 1894	6 45	5 24
W	29		6 46	5 24
D	30	Eerste Uniale Ministerie gevorm, 1910	6 46	5 23
V	31		6 47	5 23

WANNEER HOOFPYN KLOP

S-T-R-E-L-E-N-D-E

Mag-Aspirin

Positiewe werking in Senu-hoofpyn, Lendepyn, Heupjig, Senu-ontsteking, Periodieke Pyne, Rugpyn, Rumatiek, Verkoue en Griep.

Tablette 20c per buisie, Poeiers 20c per dosie.

MAG-ASPIRIN is meer as gewone Aspirien

PNB9145-1A

"EEN WOORD EN EK WAS OMGEKRAP"

,,Ek was so prikkelbaar dat die nietigste ergernis my omgekrap het. Neerslagtigheid en spanning het my lewe oorheers. My eetlus het verdwyn. Ek het sleg geslaap en was altyd moeg . . . en my senuwees was op hol. Ek het 'n senuwee-instorting gevrees. Toe het ek van die Dr. Heinz-Senuwee-Versterker verneem, en dit het wonders vir my verrig. Vandag is die lewe weer 'n lus.'' Die knaende angs van ,,Senuwees'' bring geestelike en liggaamlike foltering, vrees vir kranksinnigheid, ongekende lyding mee. Die Dr. Heinz-Senuwee-Versterker versterk oorspanne senuwees, verskaf energie, knap u senugestel op, verryk die bloed en herstel brein- en selweefsel.

Voed u senuwees met die . . .

DR. HEINZ
-SENUWEE-VERSTERKER

Hoe is U Senuwees?

As u aan een of meer van die volgende ly, het u die Dr. Heinz-Senuwee-Versterker nodig.

- Bewerigheid
- Senu-uitputting
- Slaaploosheid
- Senuswakheid
- Vrouekwale
- Prikkelbaarheid
- Senuagtige Slegte
- Voortdurende Moegheid
- Spysvertering
- Hardlywigheid

By alle apteke vir 70c per bottel. Tablette, 70c per bottel.

PNB7418-4Da

KALMEER EERS — VERSTERK DAN

JUNIE 30 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING				Sons	
Week.	Maand.	Eerste Kwartier	4	6.47	vm.	opg.	ond.
		Volmaan	10	10.13	nm.		
		Laaste Kwartier	17	8.14	nm.		
		Nuwemaan	26	12.25	vm.		
						vm.	nm.
S	1	Dr. B. Gemser Hoogleraar te Pretoria, 1926				6 47	5 23
S	2	Die gemeente Gwelo gestig, 1923				6 48	5 23
M	3	Oudl. G. J. Engelbrecht van Standerton oorlede, 1910				6 48	5 23
D	4					6 49	5 23
W	5	Uitspraak Hoog Ger. Hof insake Trichardtsfontein, tussen Ned. Herv. en Ned. Herv. of Geref., 1893				6 49	5 23
D	6	Gemeente Humpata gestig, 1910				6 49	5 23
V	7	F. W. Reitz as Staatssekretaris ingesweer S.A. Rep., 1898				6 50	5 23
S	8					6 50	5 23
S	9					6 51	5 23
M	10					6 52	5 23
D	11					6 52	5 23
W	12	Verantwoordelike Bestuur aan Kaapkolonie toegestaan, 1872				6 52	5 23
D	13	Die Kerk van Ermelo ingewy, 1910 Gemeente Ladysmith gestig, 1943				6 53	5 23
V	14					6 53	5 23
S	15					6 53	5 23
S	16					6 53	5 23
M	17					6 53	5 23
D	18	Ds. F. S. du Toit van Ventersdorp oorlede, 1914				6 53	5 23
W	19					6 54	5 23
D	20	Komdt. Salomon Prinsloo oorlede, 1892				6 54	5 23
V	21					5 54	5 23
S	22					6 54	5 23
S	23	Tweede Volksraad ingestel, 1890 Ds. L. E. Brandt oorlede, 1939				6 55	5 24
M	24	Oudl. J.C. Coetzee van Zeerust oorlede, 1933				6 55	5 24
D	25	Potgieter en Trichardt in Zoutpansberg, 1836				6 55	5 25
W	26	Gemeente Ebenhaeser gestig, 1937				6 55	5 25
D	27	Die gemeente van Vliegepoort gestig, 1931				6 56	5 26
V	28	Ds. A. J. Begemann emeritus, 1872				6 56	5 26
S	29	Eerste Kaapse Parlement geopen, 1854				6 56	5 27
S	30					6 56	5 27

DRUKWERK!

— Dis ons Besigheid!

N.H.W.-PERS

Humanstraat 55, Krugersdorp.

Telefoon 660-5916/7 Posbus 171

Drukkers en Skryfbehoeftehandelaars.

Hierdie bladsy is goedgunstelik geskenk deur 'n vooraanstaande firma.

JULIE 31 DAE

MAANSVERANDERING

Eerste Kwartier	3	2.42 nm.
Volmaan	10	5.18 vm.
Laaste Kwartier	17	11.11 vm.
Nuwemaan	25	1.49 nm.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.		Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
M	1	President T. F. Burgers ingesweer Z.A. Rep., 1872	6 65	5 27
D	2			
W	3	Hoeksteen te Boksburg gelê, 1943	6 65	5 27
D	4	Oud-Ouderling H. C. J. v. Rensburg, Zoutpansberg, oorlede, 1909	6 65	5 28
V	5		6 55	5 28
S	6	Joh. Huss gebore, 1373	6 55	5 28
S	7	Die Kerk van De la Rey ingewy, 1928	6 55	5 29
M	8	Die gemeente van Bloemhof gestig, 1916	6 55	5 29
D	9	Oudl. S. E. Grobler van Zoutpansberg oorlede, 1903	5 55	5 30
W	10	Calvyn gebore, 1509	6 55	5 30
D	11	Inwyding van Kerk te Zwartruggens, 1942	6 55	5 31
V	12		6 55	5 31
S	13	Senator Oudl. A. D. W. Wolmarans oorlede, 1928	6 54	5 32
S	14		6 54	5 32
M	15	President Brandt, O.V.S., oorlede, 1888	6 54	5 33
D	16	Verlating van Schoemansdal, 1867	6 54	5 33
W	17		6 54	5 34
D	18	Oudl. J. v. Graan van Ventersdorp oorlede, 1917	6 53	5 24
V	19		6 53	5 34
S	20	Ds. L. G. F. Biccard oorlede, 1900	6 53	5 34
S	21		6 53	5 35
M	22		6 53	5 36
D	23		6 52	5 36
W	24	Generaal Andries Pretorius oorlede, 1853	6 52	5 37
D	25	Afskeid van Prof. Dr. P. J. Muller van Pretoria, 1909	6 51	5 37
V	26		6 51	5 38
S	27	Kerkorde van de Mist ingevoer, 1804	6 51	5 38
S	28	Die Prokurasie-Kommissie gestig, 1890	6 50	5 39
M	29		6 50	5 39
D	30	Die gemeente Van der Hoff gestig, 1933	6 49	5 40
W	31		6 49	5 40

DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

- **IS GESETEL IN EEN VAN DIE MOOISTE STEDE VAN ONS LAND;**
- **IS BESONDER GOED TOEGERUS WAT BETREF DIE AANTAL FAKULTEITE EN VERSKEIDENHEID OPLEIDINGSRIGTINGS;**
- **BIED 'N VERSKEIDENHEID STUDIERIGTINGS AAN VIR DIEGENE WAT BEDAGS WERK EN NA-UURS 'N VOLWAARDIGE AKADEMIESE KURSUS WIL VOLG.**

Algemene inligting oor die universiteit word in SKAKELBLAD verstrek wat deur die universiteit versprei word en ouers van voornemende studente word vriendelik aangeraai om hierop in te teken.

Die Universiteitsjaarboek bevat o.a. volle besonderhede oor studierigtings, beurse en losies.

Navrae: DIE REGISTRATEUR

AUGUSTUS 31 DAE

MAANSVERANDERING

Eerste Kwartier .. .. 1 8.34 nm.
Volmaan .. .. 8 1.32 nm.
Laaste Kwartier .. .. 16 4.13 vm.
Nuwemaan .. .. .. 24 1.57 vm.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.		Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
D	1		6 47	5 41
V	2		6 46	5 42
S	3		6 46	5 42
S	4	Oudl. A. Alberts van Humpata oorlede, 1928	6 45	5 43
M	5	Hoeksteen van Kerk te Randfontein gelê, 1939	6 44	5 43
D	6		6 44	5 43
W	7	Hoeksteen te Benoni gelê, 1943	6 43	5 44
D	8	Die eerste Alg. Kerkverg. van die Ned. Herv. Kerk te Rustenburg geopen, 1853 Gemeente Vaalharts gestig, 1940	6 42	5 44
V	9	Ds. M. J. Goddefroy oorlede, 1920	6 42	5 45
S	10	Louis Trichardt gebore, 1783 Ds. W. P. J. Poën oorlede, 1937	6 41	5 45
S	11		6 40	5 46
M	12		6 39	5 46
D	13	Aanval op Veglaer, 1838	6 38	5 47
W	14	Oudl. F. P. H. Alberts van Humpata oorlede, 1930	6 37	5 47
D	15	Slag van Thaba Bosigo, 1865	6 37	5 48
V	16	Die gemeente van Vereeniging gestig, 1913	6 36	5 48
S	17	Die Kerk van Venterskroon ingewy, 1889	6 35	5 48
S	18	Ds. A. Lagerwy oorlede, 1898	6 34	5 49
M	19		6 33	5 49
D	20	Eerste Doopbediening aan die Kaap, 1653 Gemeente Rust der Winter gestig, 1938	6 33	5 50
W	21		6 32	5 50
D	22		6 31	5 51
V	23	Ds. J. v. Arckel eerste predikant aan die Kaap, 1665	6 30	5 51
S	24	Bloedbad van St. Bartholomeus, 1572	6 29	5 51
S	25	Aankoms van die eerste Hugenote, 1688 Ds. S. Vermooten oorlede, 1965	6 28	5 52
M	26	Generaal Louis Botha oorlede, 1919	6 27	5 52
D	27	In gebruik neem van die Bybel in Afrikaans, 1933	6 27	5 52
W	28	Slag van Boomplaas, 1848	6 26	5 52
D	29		6 25	5 33
V	30	Ds. P. A. C. van Heyniging oorlede, 1904	6 24	5 53
S	31	Die Lydenburgse gemeente skei van die Herv. Kerk af, 1854	6 22	5 54



Ledig die Galblaas

VERWYDER VERSTOPTE GAL

Wanneer die gal in die galblaas verstop is, kan dit verwyder word deur 'n dosis van die Dr. Heinz-Lewersout, opgelos in 'n klein bietjie warm water, op die nugtermaag te drink. Die Dr. Heinz-Lewersout bevorder ook die werking van die lewer en niere, verwyder voedseloorskiet uit die maag en ingewande, en hou die bloed skoon.

'n Gereelde dosis van die Dr. Heinz-Lewersout besorg wonderbaarlike verligting van die volgende kwale: Hoë Bloeddruk, Swaarlywigheid, Galblaasontsteking, Rumatiek, Kroniese Verkoues, Huidsiektes, Aambeie, Klein Galsteentjies, Hartaandoening, Rugpyn, Nierkwaal, Galagtigheid, Hardlywigheid, Môresiekte by swanger vroue, Sinkpyne en Slegte Spysvertering.

DR. HEINZ-LEWERSOUT

Te kry by alle aptekers en medisyneverkopers teen 35c per bottel.

VERGROTE MANGELS

Hierdie kwaal is dikwels die rede waarom kinders lusteloos, bleek en iesegrimmig raak. Die beste behandeling is Buccalene. Dit vernietig die kieme en gifstowwe in die keel en bloed wat chroniese mangelontsteking veroorsaak en laat die geswelde mangels spoedig sak. Volwassenes moet met Buccalene gorrel en dit dan insluk sodat die keel regstreeks en die grondoorsaak deur die gestel behandel word. In die geval van babas en kindertjies word die keel geverf en 'n klein bietjie ingegee. Onmiddellike behandeling met Buccalene sal, in die meeste gevalle, 'n pynlike (en soms gevaarlike) operasie uitskakel. *Gebruik Buccalene ook vir keelseer, verslapte keelspiere en keelvergiftiging.*

Buccalene **65c per bottel by alle apteke of posvry van Norwood Coaker, Posbus 89, Ladybrand.**

PNB 8301

SEPTEMBER 30 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING	Sons	
Week.	Maand.	Volmaan ..... 7 12.07 vm. Laaste Kwartier ..... 14 10.31 nm. Nuwemaan ..... 22 1.08 nm. Eerste Kwartier ..... 29 1.35 vm.	opg.	ond.
			vm.	nm.
S	1	Transvaal geannekseer, 1900 Gemeente Randpoort gestig, 1939	6 20	5 55
M	2	Ds. D. v.d. Hoff gebore, 1814 Inwyding van Kerk te Randpoort, 1939	6 19	5 55
D	3		6 18	5 56
W	4		6 17	5 56
D	5		6 16	5 57
V	6	Koningin Wilhelmina ingehuldig, 1898 Koningin Juliana ingehuldig, 1948	6 15	5 57
S	7		6 15	5 58
S	8	Ds. N. J. v. Warmelo gebore, 1835	6 13	5 58
M	9		6 12	5 59
D	10		6 11	5 59
W	11		6 10	6 00
D	12	Die Kerk van Vrededorp ingewy, 1908	6 09	6 00
V	13		6 08	6 01
S	14		6 07	6 01
S	15	Eerste Uniale Volksraad verkies, 1910	6 06	6 02
M	16		6 05	6 02
D	17	President M. W. Pretorius gebore, 1819	6 04	6 02
W	18		6 00	6 03
D	19		6 00	6 03
V	20	Die Huweliks-Ordonnansie van de Mist ingevoer, 1804	6 00	6 04
S	21		5 59	6 04
S	22		5 58	6 05
M	23		5 57	6 05
D	24		5 56	6 05
W	25		5 55	6 06
D	26		5 54	6 06
V	27	Generaal Louis Botha gebore, 1862	5 53	6 07
S	28	Die Kerk op Witpoort ingewy, 1912	5 52	6 07
S	29		5 51	6 08
M	30		5 50	6 08

Met

Komplimente

van

Bowater Paper Co.

VOORBARIGE GRYS HARE

As die haarwortels te min natuurlike kleurstof afskei, veroorsaak dit Voorbarige Grys Hare. Die oorspronklike kleur kan egter herstel word deur die Spaanse Haarherstelmiddel aan te wend. Hierdie middel kleur nie die hare nie, maar versterk inderdaad die haarwortels en spoor hulle aan om weer die natuurlike kleurstof af te skei. So word die oorspronklike kleur van die hare dan herstel.

Getuienis: „Dit is verblydend om die uitwerking van die Spaanse Haarherstelmiddel te sien, en vandag sal ek gewis nie aarsel om dit by enigeen aan te beveel nie." — H.J.B. (Geval 978)

Die Spaanse Haarherstelmiddel

45c by Aptekers of posvry van

NORWOOD COAKER, Posbus 89, Ladybrand.

OKTOBER 30 DAE

MAANSVERANDERING

Volmaan .... 6 1.46 nm.
Laaste Kwartier .... 14 5.05 nm.
Nuwemaan .... 21 11.44 nm.
Eerste Kwartier .... 28 7.07 vm.

Dag van die Week.	Dag van die Maand.		Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
D	1		5 49	6 08
W	2	Slag van Vegkop, 1836	5 48	6 09
D	3		5 46	6 09
V	4		5 45	6 10
S	5	Eervol ontslag ds, P. W. Ennis, 1928	5 44	6 10
S	6	Stigting van die gemeente Barberton, 1934	5 43	6 11
M	7	Oudl. D. P. J. v. Schalkwyk van Trichardts oorlede, 1911	5 42	6 11
D	8		5 41	6 11
W	9	Ds. D. v. d. Hoff oorlede, 1881	5 40	6 12
D	10	President Kruger gebore, 1825	5 39	6 12
V	11	Die Hervormer Ulrch Zwingli gesneuwel, 1531 Hoeksteenlegging Kerk Zwartruggens, 1941	5 38	6 13
S	12		5 37	6 13
S	13	Eerste Diamant in Suid-Afrika gevind, 1867	5 36	6 14
M	14		5 35	6 14
D	15	Hoeksteenlegging van die Kerk van Pietersburg, 1892	5 34	6 15
W	16	Afskeidspreek van ds. Jac. van Belkum met sy emeritaat, 1927	5 33	6 15
D	17		5 32	6 16
V	18		5 31	6 17
S	19	Eerste Kerk op Stellenbosch ingewy, 1687	5 30	6 17
S	20	Die Kerk van Louis Trichardt ingewy, 1906	5 29	6 18
M	21	Oudl. F. Boshoff van Waterberg oorlede, 1919	5 28	6 19
D	22	Die Edik van Nantes herroep, 1685	5 28	6 19
W	23		5 27	6 20
D	24	Sinode in die Kaap besluit dat Engels ook gepreek moet word in Hollandse Kerke, 1859	5 26	6 20
V	25		5 25	6 21
S	26		5 24	6 21
S	27		5 23	6 22
M	28	Nuwe Kerke te Witbank ingewy, 1944	5 22	6 22
D	29		5 22	6 23
W	30		5 21	6 23
D	31	Hervormingsdag, Samekoms Komm. N. Herv. en N. Geref. Om oor kerkvereniging te handel, 1882 Ds. P. W. Ennis oorlede, 1932	5 20	6 24

KOLSKOOT VIR U...

... Tensy u spaar ten spyte van u verpligtinge, *sal u nooit spaar nie.*

Met ons KOLSKOOT-spaarplan bepaal *u* die bedrag, met KOLSKOOT bepaal *u* die tydperk en KOLSKOOT gee u *lewensversekering* teen 'n uiters lae premie *vir die bedrag wat u wil spaar!*

Met KOLSKOOT word:

Net R5 per maand oor 10 jaar R816! (...en Jannie is veilig aan universiteit).

Net R10 per maand oor 10 jaar — R1,633! (Parys, Tokio — hier kom ons!).

R100 per maand oor 10 jaar — R16,331! (Onverbeterlik vir pensioenvoorsiening!).

KOLSKOOT se samegestelde, *belastingvrye* 6% rente kan vergelyk word met 'n belasbare rente van tot 17.9%, afhangende van u inkomste!

Kom gesels gerus verder.

Saambou
BOUVERENIGING
WAAR MENS TUIS VOEL

NOVEMBER 30 DAE

MAANSVERANDERING

Volmaan .... 5 6.25 vm.
Laaste Kwartier .... 13 10.53 vm.
Nuwemaan .... 20 10.02 vm.
Eerste Kwartier .... 27 1.30 vm.

Dag van die Week.	Maand.		Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
V	1		5 19	6 24
S	2	Eerste Alg. Kerkverg. Ned. Herv. Kerk te Kaapstad, 1824	5 19	6 25
S	3	Hoeksteenlegging eerste Herv. Kerk op Christiana 1876	5 18	6 25
M	4	Ds. Jac. van Belkum oorlede, 1933	5 18	6 26
D	5	Naam Ned. Hervormd in die Kaap verander in Ned. Gereformeerd, 1842 Aankoms van ds. D. v. d. Hoff in Suid-Afrika, 1852	5 17	6 26
W	6		5 16	6 27
D	7	Vasco da Gama te St. Helenabaai, 1497	5 15	6 27
V	8		5 15	6 28
S	9		5 15	6 28
S	10	Martin Luther gebore, 1483	5 14	6 29
M	11		5 13	6 30
D	12	Piet Retief gebore, 1780	5 13	6 30
W	13		5 12	6 31
D	14		5 12	6 32
V	15	Ds. A. J. Begemann oorlede, 1925	5 11	6 33
S	16	Pretoria aangelê, 1855	5 11	6 34
S	17		5 11	6 35
M	18	Vasco da Gama se eerste reis om die Kaap, 1497	5 10	6 36
D	19	Hoeksteenlegging van die Kerk te Potgietersrust, 1921	5 10	6 36
W	20	Die Kerk op Eldoret ingewy, 1921	5 09	6 37
D	21	Ds. H. D. van Broekhuizen Predikant van die Hervormde Kerk, 1917	5 09	6 38
V	22	Die gemeente Trichardts gestig, 1879	5 09	6 40
S	23	Hoeksteenlegging van die Kerk van die Laeveld, 1924	5 08	6 41
S	24		5 08	41
M	25	Die Kerk van Memel ingewy, 1915	5 08	6 42
D	26	Die Kerk van Bethal ingewy, 1926	5 08	6 43
W	27	President Steyn oorlede, 1916	5 08	6 44
D	28		5 08	6 44
V	29	Kerk te Johannesburg ingewy, 1935	5 08	6 45
S	30		5 08	6 45

HAUM BOEKHANDEL

Generaal Pretorius-gebou - Posbus 460 - Tel. 22014
Paul Krugerstraat 484 - PRETORIA 22007

RISSIKSTRAAT 4
TEL. 41857
PRETORIA

LYNNWOODWEG 275
TEL. 744476
PRETORIA

BOEKE

. . . Afrikaans - Nederlands - Engels

KERKLIK

Ned. Hervormde Kerk - N.H.S.V. - Sondagskole

SKRYFBEHOEFTES

Notuleboeke - Skryfbenodigdhede - Skole - Universiteit

KANTOORBENODIGDHEDE

Optelmasjiene - Tikmasjiene - Rekenmasjiene - Staal Kantoormeubels

ONDERSTEUN U EIE BOEKHANDEL
ONS BEVREDIG DIE KIESKEURIGES
KATALOGUS OP AANVRAAG

DESEMBER 31 DAE

MAANSVERANDERING

Volmaan	5	1.07 vm.
Laaste Kwartier	13	2.49 vm.
Nuwemaan	19	8.19 nm.
Eerste Kwartier	26	4.14 nm.

Dag van die Maand.	Week.		Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
S	1	Slawe vry verklaar in die Kaap, 1834	5 08	6 46
M	2	Verkiesing eerste Voortrekker-Volksraad, 1836	5 08	6 46
D	3	Engelse besetting van Port Natal, 1838	508	6 48
W	4	Die Ned. Geref. Kerk in die S.A.R. gestig, 1866	5 07	6 49
D	5		5 07	6 50
V	6	Voortrekkersgelofte 1938	5 07	6 50
S	7	Die Ned. Herv. of Geref. Kerk gestig, 1885	5 07	6 51
S	8	Inwyding van Kerkgebou, Primrose, 1947	5 07	6 52
M	9	Pres. T.F. Burgers oorlede, 1881	5 07	6 53
D	10	Oudl. J. H. Vorster oorlede. 1942	5 08	6 53
W	11	Slag van Magersfontein, 1899	5 08	6 54
D	12	Ds. C. W. du Toit emeritus, 1918	5 08	6 54
V	13	Republike herstel op Paardekraal, 1880	5 08	6 55
S	14		5 08	6 56
S	15	Slag van Colenso, 1899	5 09	6 56
M	16	Slag van Bloedrivier, 1838	5 09	6 56
		Hoeksteenlegging van die Kerk van Middelburg, 1896		
D	17	Eerste grondwet van die Z.A.R. op Potchefstroom, geteken, 1856	5 09	6 58
W	18	Die Kerk van Vereeniging ingewy, 1915	5 10	6 58
D	19	Generaal A. H. Potgieter gebore, 1792	5 10	6 58
V	20	Komdt. F. Joubert (Fransheld) behaal oorwinning by Bronkhorstspruit, 1880	5 11	6 59
S	21	Oud-Ouderling G. J. Z. Helberg van Zoutpansberg oorlede, 1926	5 11	6 59
S	22		5 11	6 59
M	23		5 12	7 00
D	24		5 13	7 00
W	25	Kersfees	5 13	7 01
D	26	Hoeksteenlegging van die Kerk van Potchefstroom, 1859	5 14	7 01
V	27		5 15	7 02
S	28		5 15	7 02
	28	Hoeksteen gelê van die eerste Kerkgebou in die Kaap, 1700	5 15	7 02
S	29	Die Kerk van Germiston ingewy, 1917	5 16	7 03
M	30	Jameson-inval, 1895	5 17	7 03
D	31	Die gemeente Heidelberg gestig, 1865	5 17	7 03

ALFABETIESE LYS VAN PREDIKANTE IN DIE BEDIENING

Alberts, A. N. J. D. 184

Badenhorst, C. L. 160
Beukes, M. J. du P. 169
Bezuidenhout, W. J. 164
Bierman, P. J. L. 181
Bierman, P. W. A. 172
Blignaut, J. P. B. 167
Booyse, J. J. 135
Booysen, D. J. 187
Booysen, F. J. Z. 133
Booysen, P. J. 148
Botha, H. N. 131
Botha, C. G. 162
Botha, R. P. 185
Botha, S. J. 166
Brandt, A. 161
Brayshaw, N. C. J. 150
Breytenbach, J. 133
Breytenbach, J. H. 156
Buitendag, F. J. H. 172
Buitenweg, N. H. 168

Coetzee, G. C. 183
Conradie, A. J. 186
Cronje, R. 151

Da Silva, A. A. 144
De Beer, J. A. 118
De Beer, W. C. M. 152
De Lange, J. C. 174
Dreyer, A. J. G. 161
Dreyer, D. J. 161
Dreyer, H. M. E. 120
Dreyer, J. G. M. 116
Dreyer, T. F. 128
Dreyer, T. F. J. (Jnr.) 167
Du Plessis, J. C. 134
Du Plooy, J. J. C. 143
Du Toit, D. J. A. G. 141
Du Toit, J. J. 168

Engelbrecht, E. 134
Engelbrecht, F. J. 150
Engelbrecht, J. J. (Jnr.) 155
Engelbrecht, W. J. 123
Erasmus, D. F. (Jnr.) 139

Fourie, J. M. 182

Geyser, H. J. 125
Golden, S. G. A. 188
Grobler, G. P. J. 174
Grobler, P. S. 141

Habig, W. G. 182
Heyneke, N. M. J. S. 132

Huyzers, W. F. H. 124

Jacobs, J. A. 148
Jacobs, J. H. H. 153
Jacobs, J. P. 146
Jacobs, P. T. 157
Joubert, I. J. 146

Kemp, W. J. 139
Koekemoer, J. H. 185
Koekemoer, P. J. T. 142
Kotzé, E. C. B. 128
Kruger, J. C. 149
Kruger, P. J. 157

Labuschagne, F. du C. 127
Labuschagne, G. J. J. 123
Labuschagne, J. M. 124
Le Roux, L. M. 128

McDonald, A. T. 181
Mans, C. J. 142
Marais, J. S. 119
Marsman, G. H. J. 161
Mouton, J. F. 122
Muller, C. H. 187

Naude, J. H. 118
Naude, M. J. 144
Nel, L. A. 148
Nell, L. J. J. 158
Nolte, A. J. 146

Oberholzer, J. P. 130
Oosthuizen, A. J. G. 154

Papp, K. 140
Pelser, G. M. M. 128
Pretorius, M. W. 140

Rhoda, J. W. 155
Roos, G. J. J. 131
Roos, W. J. 171
Schroeder, J. A. A. A. 150
Simpson, C. J. A. 163
Smit, C. J. 137
Smit, J. D. H. 121
Smit, J. A. 138
Smit, J. J. 172
Smith, D. J. 179
Snyman, D. B. 171
Snyman, J. P. 180
Snyman, T. 141
Steenekamp, C. S. 121
Steenekamp, C. S. v. H. 167
Steenekamp, J. H. 147
Steyn, D. G. S. 169

Stutterheim, J. F. 147
Swanepoel, A. M. 184
Swanepoel, S. J. 163

Van den Berg, C. L. 126
Van den Berg, J. P. 186
Van der Merwe, F. H. 170
Van der Merwe, W. P. 163
Van der Westhuizen, H. G. 138
Van Heerden, P. W. 135
Van Jaarsveld, G. J. 139
Van Niekerk, C. J. S. 164
Van Oosten, F. 121
Van Rensburg, C. J. J. 177
Van Rensburg, J. B. J. 158
Van Rensburg, N. J. 158
Van Schalkwyk, C. J. 138
Van Schalkwyk, M. J. 147
Van Staden, A. J. 127
Van Staden, B. J. 118
Van Staden, D. J. 178
Van Staden, G. C. 166
Van Staden, G. J. 120
Van Staden, J. H. 137
Van Staden, J. L. 165
Van Staden, P. G. 173
Van Staden, P. S. 133
Van Tonder, J. A. P. 129
Van Wyk, D. J. C. 149
Van Wyk, P. A. R. C. 174
Velthuysen, G. C. 178
Venter, P. J. J. 170
Venter, P. W. 117
Viljoen, C. J. 175
Viljoen, J. A. 152
Viljoen, J. H. 122
Viljoen, J. P. B. 132
Viljoen, S. P. 177
Visser, H. R. 130

Willemse, A. J. 165
Wolmarans, J. N. 145
Wolmarans, W. M. 141

Young, S. E. 137

Zwarts, A. J. 119

ALFABETIESE LYS VAN DIENSDOENDE PROFESSORE EN LEKTORE

De Wet, J. I.
Du Plessis, J. G.
Engelbrecht, B. J.
Mulder, E. S.
Pont, A. D.
Van Rensburg, S. P. J. J.
Van Wyk, W. C.
Van Zyl, F. J.

GOD SPREEK

„Als die ziele luistert
Spreekt 't al 'n taal dat leeft,
't Lyzigste gefluister
En taal en teken heeft."

Die woorde van die digter toon 'n fyne, diepe waarneming en spreek 'n groot waarheid uit. Deur ons gejaag deur die lewe en die groot gebrek aan stilte luister ons nie genoeg nie en gaan oneindig veel by ons verby wat van groot waarde is. Daar vind elke dag veel meer om ons plaas, in ons onmiddellike omgewing gaan baie by ons verby wat ons niks van merk nie en heeltemal onbewus van is. Die natuur is groot en ryk aan lering. Omdat die mens in duidelik hoorbare klanke spreek, omdat hy sag en hard kan praat, deur intonasie sy stem kan wysig en omdat die diere van die veld en die voëls van die hemel dit nie kan doen nie, daarom is die mens geneig om te dink dat hy alleen oor die buitengewone gawe beskik.

Die digter sê tereg dat alles 'n taal het. Ons hoor dit nie en as ons dit hoor neem ons dikwels daar geen notisie van nie. Ons verstaan dit daarom ook nie, net so min as wat ons 'n vreemde taal verstaan. Hy egter wat sy ore spits, wat fyn en met aandag luister stem saam. Die diere van die veld, sê ons, maak 'n geluid; die voëls van die hemel fluit of sing of maak een of ander piep of ander geluid en daarmee maak hulle nie net hulleself hoorbaar en dui aan waar hulle is nie, maar daarmee gee hulle iets te kenne, hulle roep, nooi uit, waarsku vir 'n dreigende gevaar of stel gerus. Die wat van dieselfde soort is hoor en verstaan dit, is tot 'n sekere mate vir hulle voortbestaan daarvan afhanklik. Dit is vir hulle van groot betekenis en waarde.

Die spraakvermoë van die mens egter oortref dit alles by verre. Al die stemme van die natuur kan daarmee nie vergelyk word nie, kan nie in een asem daarmee genoem word nie. Wat is dit 'n wonderlike, onoortrefbare gawe. En wat 'n groot voorreg om dit te besit en te mag gebruik! Ook vir ons spraakorgane kan ons God, die Gewer van al die goeie, nooit genoeg dank nie. Ons word daarmee gebore en reeds na 'n jaar word die eerste woordjies al gehoor, dikwels krom en verdraaid, maar al gou word hulle meer verstaanbaar en vlot. Hoe oneindig veel kan ons daarmee doen en bereik. Dink aan die hoogtes wat 'n redenaar daarmee kan bereik, duisende kan daardeur beïnvloed en gelei word. Met ons stem kan ons die Naam van die Here groot maak en loof en aan ons medemens groot dienste bewys. Dink onder andere aan die onderwys wat daardeur moontlik gemaak word, aan wat dit vir die mens, vir elke volk, vir die wêreld in die algemeen beteken.

Ongelukkig kan ons spraakvermoë nie net gebruik, maar ook misbruik word, Jakobus sê (3 vers 9): „Daarmee loof ons God en die Vader, en daarmee vervloek ons die mense wat na die gelykenis van God gemaak is. Uit dieselfde mond kom seën en vervloeking." Jakobus wys verder daarop dat die tong groot kwaad kan verrig en baie gevaarlik kan wees. Spreuke 3 : 5, 6, 8: „Net so is die tong ook 'n klein lid en beroem hom op groot dinge — kyk hoe 'n groot hout steek 'n klein vuurtjie aan die brand. Die tong is ook 'n vuur, 'n wêreld van ongeregtigheid . . . Dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek . . . Dit is 'n onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif." Daarom vind die wyse Salomo dit nodig om telkens weer te waarsku teen die gevare wat die verkeerde gebruik van die tong vir ander inhou en gee hy die voortreflike raad om nie te baie te praat nie: „Wie sy

mond bewaak, bewaar sy siel; wie sy lippe wyd oopmaak, vir hom is daar ondergang." (Spreuke 13 :3) „By veelheid van woorde ontbreek die oortreding nie; maar hy wat sy lippe inhou, handel verstandig. (Spreuke 10 : 19). Deur die mond stort die roekelose sy naaste in die verderf. (Spreuke 11 : 9). Die lippe van die regverdige help baie mense reg." (Spreuke 10 : 21).

Nie net die geskapene kan spreek nie. Ook die Skepper spreek. God het met Adam en Eva in die tuin van Eden gespreek en tot baie ander gelowiges na hulle. Hy het dikwels tot sy volk gespreek. Op tallose bladsye in die Woord van God staan dat Hy spreek of „so sê die Here." God spreek ook vandag nog tot sy kinders, die kerk, die wêreld hoewel nie meer met hoorbare stem nie, maar Hy spreek tog. Hy het veral deur Sy Seun baie sterk en baie duidelik tot die ganse mensdom gespreek, deur profete en apostels, deur elke getroue getuie wat Sy Naam bely. Hy spreek egter ook deur wat met ons en om ons gebeur, deur voor- en teenspoed, lief en leed, vreugde en smart en ook deur die dood. Die Hebreërbrief sê: „Nadat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun." (Hebr. 1 : 1). God spreek tot ons veral deur Sy Woord en Gees. Hy spreek tot ons deur die Sakrament. Die spreek van God is duidelik en ernstig en dringend. Dit gaan om ons ewige heil, om ons lewensbehoud. En wat is ernstiger en meer belangrik en noodsaaklik? God roep en pleit by ons: „Laat u met God versoen." (2 Kor. 5 : 20) „Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee." (Mat. 11 : 28) Die mense, ook van vandag, is moeg en belas en het behoefte aan rus en tog gaan duisende by Hom verby en gaan soek dit elders waar hulle dit tog nie vind nie. Sy geroep word eenvoudig verontagsaam en geen ag hoegenaamd op geslaan nie. Die mense van die sogenaamde verligte twintigste eeu luister nie na God nie. Elders in die westerse wêreld word onafgebroke gepraat en geskryf oor die teorie: God is dood. Baie kerke in Engeland en ander lande staan leeg en ongebruik. Die mens van ons tyd beweeg weg van God, asof hy sonder God kan leef. Daar is nie meer plek vir God in sy lewe nie.

Misdadigheid neem hand oor hand toe. Vreeslike en ergerlike sondes word deur die vingers gesien, nie meer as oortredinge bestempel en beskou nie. Alle bande word verbreek. Veral die jeug van ons tyd wil vry wees, maar die vryheid wat gesoek en so vurig begeer en gepropageer word is geen ware vryheid nie maar losbandigheid, dikwels in sy ergste vorm. Alle gesag is uit die bose. Die skokkendste dinge en vuilste sondes word onbeskaamd oor gepraat en gedoen. „Die mens is die enigste „dier" wat bloos en wat nodig het om te bloos," so het iemand lank gelede gesê. Die vraag is egter teenwoordig of daar nog gebloos word? Het die mens nie, wat dit betref, soos 'n dier geword nie?

Wetloosheid, anargie en rewolusie is aan die orde van die dag. Die wêreld is aan die brand. Wat word gedoen om die brand te blus? Wat kan ons doen? Skynbaar weet die kerke ook nie wat om te doen nie. Ja, die kerk dra tot 'n mate skuld aan die verontrustende toestand. Die kerk praat tot op sekere hoogte die wêreld na instede van teen die wêreld met sy sonde en afwyking kragtig te getuig en op te tree. Die Wêreldraad van Kerke is eintlik nie veel meer as 'n agterryer van die Verenigde Volke-Organisasie nie. Dit gaan skynbaar by dié wêreld liggaam meer om die mens as om God. En by die mens self gaan dit om seks en vermaak en sport. Die sedelike verval is so erg en ooglopend dat niemand wat wil kyk

dit nie kan sien nie. 'n Vooraanstaande Engelssprekende besoeker aan oorsese lande het onlangs geskryf: „Seks word in Engeland op 'n skinkbord aangebied . . . daar is in Engeland 'n verontrustende onverskilligheid teenoor geestelike waardes. Die morele struktuur van die maatskappy word al hoe meer ondermyn en kerke staan voor 'n krisis. Dit is 'n lewe sonder God wat tot 'n algehele verontagsaming van ander lei en die lewe van die gemeenskap baie ernstig bedreig." As die wêreld aan die brand is mag 'n mens nie net 'n toeskouer wees nie. Inteendeel. Elkeen moet sy deel bydra om te red wat gered kan word. Die hande moet in mekaar geslaan word. Dit is mooi om na 'n vuurtjie te kyk maar as die vonke op en om 'n mens spat gaan die mooiheid daarvan af.

God spreek tot ons

Die vinger van God wys op die afgrond voor ons voet. Die wêreld raas met angswekkende vaart sy ondergang tegemoet. Die wat dit nie wil sien nie, wat hom doof hou vir die roepstemme van God sal gewis meegesleur word, ondergang en die dood in. Nie net ons bestaan maar ook die van die kerk en van die wêreld is op die spel. Die skrif is aan die muur. Die einde nader vinnig. Die woord van God roep ons toe: „Ontwaak jy wat slaap en staan op uit die dode." (Ef. 5 : 14) Daar is, goddank, redding en behoud en wel vir hulle wat dit begeer. As al die verskriklike dinge wat gebeur ons verontrus en ons vreesbevange word dan roep die evangeliewoord ons toe:

„Hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is." (Lukas 21 : 28.) Deur Jesus Christus is die verlossing bewerk. „Die wat die Naam van die Here aanroep sal gered word." (Hand. 2 : 21).

T. F. J. DREYER.

Posbus 683,
PRETORIA.

Lukas 12 : 35 en 36.

„Laat julle heupe omgord wees en julle lampe aan die brand. En julle moet wees soos mense wat hulle heer verwag wanneer Hy van die bruilof terugkom, sodat hulle dadelik vir hom kan oopmaak as hy kom en aanklop."

Met hierdie woorde uit die gelykenis van die waaksame slaaf stel die Heiland drie belangrike eise aan sy volgelinge. Hierdie drie dinge moet kenmerkend van hulle wees. Dit is die drie eise van werksaamheid, waaksaamheid en bereidheid.

„Laat julle heupe omgord wees." Die mense wat hierdie woorde uit sy mond gehoor het het dit goed verstaan. Die lang bokleed wat hulle gedra het word opgebring om makliker te kan loop of te werk. Iemand wat die heupe omgord het is gereed vir onmiddellike aksie. Ons sou sê hy het die moue opgerol. Gods Woord veroordeel 'n lewe wat in ledigheid deurgebring word. Salomo verwys die luiaard na die mier om van die te leer. Reeds voor die sondeval was die mens tot arbeid geroepe. Hulle moes die tuin van Eden bewerk en bewaak. Dis begryplik dat dit so is want die mens is na die beeld van God geskape en Jesus sê self: „My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook." Om ledig te wees is onchristelik. Die luiaard het ewe min plek in die koninkryk van God as die dronkaard, die onsugtige of die gierigaard.

Ledigheid is onchristelik maar alle soort werk is nie daarom christelik nie. Dat 'n mens werk vir sy gesin en die samelewing word van die christen verwag maar as iemand dit doen is dit nog nie 'n bewys dat hy 'n christen is nie. Ons moet vra na die motiewe vir al sy bedrywigheid. Die strewe na 'n magsposisie, eersug en hebsug kan die mens aanspoor tot allerlei bedrywighede. Dit is nie die werk wat Jesus bedoel nie.

Wat is dan christelike werksaamheid? Ons kan sê dis sodanige werksaamheid wat uit die oortuiging van 'n christelike roeping, in die naam en die krag van Christus, met die oog op Hom en tot Sy eer verrig word. Dit is daardie werk wat nie hier sy loon soek nie maar wat gedoen word net uit diepe dankbaarheid teenoor die Heiland wat vir ons so onvergoedbaar veel gedoen het. Dit is in gehoorsaamheid aan Hom aan wie ons met liggaam en siel behoort.

Die christelike lewe bestaan nie net uit Bybellees, bid en godsdienstige gesprekke nie maar ook in heilige pligsvervulling. Die geloof is 'n krag tot goeie werke. Die bekering bestaan nie net uit 'n inkeer tot jouself, 'n erkenning van jou skuld en sonde nie maar ook in 'n ernstige begeerte om goeie werke te doen.

Vra ons waar die terrein van hierdie werk is dan is dit makliker om te sê waar dit nie is nie. Dit strek oor ons hele lewensvlak. In al die maatskaplike en christelike betrekkinge waarin die Here ons geplaas het. Ons moet dit nie gaan soek in die besondere dinge en by dit wat ver van ons af is nie. Die heupe omgord om as getroue ouers ons kinders op te voed in die vrese van Gods naam. Om as eggenote mekaar lief te hê soos dit ons in die Here betaam. Om as kinders ons ouers in die Here gehoorsaam te wees. Om aan ons roeping te beantwoord en die Here daarin te verheerlik. Die heupe omgord om ook op die volksakker, na die beste van ons vermoë, ook 'n goeie bydrae te lewer. Om in naastediens ons heupe te gord, soos ons Heiland dit gedoen het, tot selfs die nederigste dienswerk. Die heupe omgord tot alle diens in die gemeente van die Here na die mate van ons gawes. Daar is vir elkeen werk in die kerk. Ons moet daaraan dink dat die slaaf wat een talent ontvang het nie in die buitenste duisternis gewerp is omdat hy een talent ontvang het nie maar omdat hy met

daardie een talent nie gewerk het nie. Vir elke lidmaat van ons kerk sal daar ook vanjaar oorgenoeg wees om te doen. Laat ons werk terwyl dit dag is, die nag kom wanneer niemand kan werk nie. Daar kom ook 'n tyd van afrekening vir elkeen van ons.

Die heupe omgord en as skoene aan die voete die bereidheid vir die evangelie van vrede om dit bekend te maak en uit te brei sover as ons voorbeeld gesien word en ons werk kan strek.

Gelukkig is hy, wat die Heer as Hy kom, op hierdie manier besig sal vind.

Die Heiland stel 'n tweede eis: „En julle lampe aan die brand." Daarmee verwag Hy dat ons waaksaam sal wees. Onwillekeurig dink ons hier aan die gelykenis van die verstandige en onverstandige jong meisies. Die verstandige waaksames word geëerde bruilofsgaste maar die ander bly buite in die donker. Ons moet waaksaam wees met die oog op die koms van die Seun van die mens.

Waaksaamheid is 'n moeilike taak omdat ons so bewus is van ons onvermoë. Die mens kan sy aardse goed nie bewaar nie ook nie sy aardse lewe nie. Hoe sal hy dit dan doen ten opsigte van hemelse goed en die nuwe lewe? Ons weet: „As die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter." Tog bly dit nog die roeping van die wagter om te waak. Die Here wil die stad bewaar en Hy doen dit deur menslike getrouheid en waaksaamheid. As die wagter nie waak nie het hy ook nie vrymoedigheid om op die Here te reken nie.

Ons het 'n kosbare pand wat aan ons toevertrou is en ons moet dit bewaar. Van baie kante word daar aanvalle op ons gemaak om, as dit moontlik is, ons kosbare pand van ons weg te neem. Daar is openlike aanvalle maar daar is ook slinkse bedekte aanvalle. Verleidende geeste is werksaam soos seker nooit tevore nie. Die koue oorlog van ons tyd het ook uitgebrei tot die terrein van ons godsdienstige lewe. Ons kan sê dat dit vandag een van die fronte is waar die stryd gevoer word.

Watter wapen het ons in hierdie felle stryd? Ons het net die Woord van God. Daar is geen ander bewaking van ons skat nie dan met die Bybel in die hand. Deeglike kennis van Gods woord is noodsaaklik as ons die aanslae wil afweer. Die satan het ook uit die skrif aangehaal toe hy die Heiland wou verlei. Daar is die wat dit vandag ook nog doen.

God het aan die gelowige ook nog die gebed gegee. Die gebed hou hom gerig op sy owerste leidsman. Wie die oog op Hom gerig hou sluimer nie in nie. 'n Biddende gees is 'n wakker gees.

Stiklug is nie geskik as ons die lamp helder wil laat brand nie. Ons neem nie ons toevlug tot isolasie nie. Ons staan in die volle werklike lewe. Wêreldontvlugting gee nie die oplossing nie. In die wêreld is ons maar nie van die wêreld nie. Die lamp sal ook nie helder brand as die vensters vir alle winde oopstaan nie. Ons moet die woorde van die apostel Johannes altyd in gedagte hou: „Geliefdes, glo nie in elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan." Dit is noodsaaklik dat ons versigtig, nugter en bedagsaam sal wees.

Waaksaamheid beteken nie om proewe te maak hoe naby ons dit aan die vyand durf waag nie maar eerder om hom op die verste moontlike afstand te hou. Ongewapen die stryd aan te knoop is niks minder as verraad nie. Ons moet die vyand nie onderskat nie en goedertrou allerhande toegewings maak nie. So het Simson ook in die mag van die Filistyne gekom.

„En julle moet wees soos mense wat hulle heer verwag." Wees bereid. Die wêreld maak hom klaar vir groot dinge — meesal dinge

wat hy vrees. By die groot volke is daar 'n geweldige wapenwedloop aan die gang. Niemand wil onverhoeds betrap word nie. Die ongelowige verkeer in onsekerheid wat daar uiteindelik met hom sal gebeur. Die volk van die Here sien temidde van die aardse stryd en onsekerheid die hemel geopen. „Kyk, Hy kom met die wolke en elke oog sal Hom sien." Dit is ons verwagting en dit sê ons nog vir mekaar wanneer alles hier uitsigloos geword het.

Almal verwag die dood — en na die dood? Baie durf nie daaraan dink nie, baie hoop maar vir die beste. Die wat in die Here glo wag op die beste want om heen te gaan en met Christus te wees is verreweg die beste. Hierdie geloofssekerheid maak sterk. Onsekerheid verswak altyd die mens in werk en stryd. Ons verwag ons Heer en die saligheid met Hom. Na die moeisame nagwaak kom daar rus.

Met hierdie verwagting in die hart kan dit nie anders as om altyd blymoedig te wees nie. Onder moeilike omstandighede kon Paulus nog die oproep doen: „Verbly julle altyd in die Here, ek herhaal: Verbly julle! „Ons kan ons Heer nie verwag sonder blydskap nie maar ons kan ook nie blydskap hê as ons die Heer nie verwag nie.

Ons mag vir geen enkele dag deur hierdie jaar verflou in ons werksaamheid, ons waaksaamheid en ons bereidheid nie. So sal ons in gehoorsaamheid aan sy Woord die eer en lof van die Here verkondig.

AMEN.

S. P. Viljoen.

Delmas.

ROELOF CHRISTOFFEL JOUBERT (1887-1965)

Wyle oom Roelf Joubert is op 14 Mei 1887 op die plaas Driefontein, distrik Marico, gebore. Hy was die seun van Roelof Christoffel Joubert en Charlotte Catharina Roos en 'n swaer van wyle oom Tollie Joubert (Andries Jacobus Joubert). Sy vader het gesneuwel in die slag te Kleinfontein in die Anglo-Boere-oorlog, daar waar die monument vir daardie gesneuweldes opgerig is. Oom Roelf het die gewoonte gehad om sy pa se onderbaadjie vir 'n mens te wys waar die koeëlgat nog duidelik te sien was. Daar sy moeder ook vroeg oorlede is, het hy van sy 14e jaar by oom Tollie gebly.

In 1910, op 23-jarige leeftyd verhuis hy na Johannesburg om in die myne 'n heenkome te vind. Hy tree ook in die huwelik met 'n mej. Gangel, wat betreklik vroeg oorlede is, na die geboorte van drie kindertjies. Op 1 September 1927 trou hy toe weer met Charlotta Roos, dogter van Gert Lukas Roos van Lotteringskraal. Uit die huwelik is net een dogter gebore.

Op kerklike gebied het hy baie jare troue diens gedoen. In 1936 word hy gekies as ouderling van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Turffontein. Daar begin hy ook Sondagskool hou en word later die Superintendent van die gemeente, waar hy ongeveer sewe jaar werk. Om gesondheidsredes verhuis hy na Skietkraal, Marico-distrik. Hier word hy ook gou weer as ouderling gekies in die gemeente van Zeerust en waar hy etlike jare sy kragte inspan. Ook weer weens swak gesondheid bedank hy en gaan by sy jongste dogter inwoon.

Die Marico Jouberts kan ingedeel word in vegters en nievegters, van eersgenoemde is daar oom Tollie, sy broer Sarel, sy swaer Roelof Christoffel Joubert en sy tweede seun wat in die slag te Buffelshoek gesneuwel het. 'n Ander tak van die familie is die Bokkvaal Jouberts. Van hulle weer was Jozua en sy broer Albertus dapper vegters, sowel as hulle neef Kom.-Genl. Piet Joubert van die Boere-

Wyle oudl. R. C. Joubert en sy tweede vrou, Charlotta Roos.

magte in die Boereoorlog en hulle oom Frans Joubert, held van Bronkhorstspruit in die eerste Vryheidsoorlog. Die laaste twee kom egter uit die distrik Lydenburg.

Op 6 Junie 1965 is oom Roelf oorlede en uit die Nederduitsch Hervormde Kerk van Zeerust begrawe in die ou familiekerkhof te Lotteringskraal. Met sy heengaan het die kerk en volk armer geword. Ons dank God vir sy voorbeeldige en godsvresende lewe.

M. M. J. Basson

RHENOSTERFONTEIN.
Augustus 1967.

LUTHER SE VYF-EN-NEGENTIG STELLINGS, 1517—1967.

Prof. Dr. A. D. Pont

Op 31 Oktober 1967 was dit 450 jaar gelede dat Dr. Martin Luther, 'n Roomse monnik en terselfdertyd teologiese professor aan die Universiteit van Duitsland, sy 95 stellings oor die aflaat gepubliseer het. Dit was in daardie dae algemene praktyk aan die Universiteite dat die dosente, wanneer hulle 'n bepaalde probleem bestudeer het, hulle kollegas uitgenooi het om in 'n openbare debat gedagtes oor dié aangeleentheid te wissel. Om die inhoud en omvang van die debat vas te stel, het die uitnodiger sy standpunt by wyse van stellings (kort en bondig geformuleerde uitsprake) gepubliseer. Omdat daar in die sestiende eeu nog geen koerante was nie, is die stellings op 'n prominente plek in die openbaar aangebring waar almal dit kon sien en van die uitnodiging tot 'n debat kon kennis neem. Luther se 95 stellings het dan ook aan die vereistes voldoen. Die aanhef van die 95 stellings, wat deur Luther in Latyn, die universitêre taal van daardie dae opgestel is, het as volg gelui[1]):

> „Die bygaande stellings wat opgestel is uit liefde vir die waarheid en 'n begeerte om dit na te vors, sal in openbare debat bespreek word te Wittenberg onder voorsitterskap van die Eerwaarde Vader, Martin Luther, Magister van die Kunste en die Heilige Teologie en terselfdertyd wettig aangestelde professor in dié vakgebiede te Wittenberg Universiteit. Hy vra ook dat diegene wat nie teenwoordig kan wees om mondelings met ons te debatteer nie, dit skriftelik, in hulle afwesigheid, sal doen.
>
> „In die naam van ons Heer Jesus Christus. AMEN."

Daarby kom dat hierdie 95 stellings nogal behoudend was en glad nie so ver gegaan het as stellings wat Luther vir ander dispute in die jare 1516 tot 1518 opgestel het nie. Tog het juis hierdie 95 stellings so 'n beroering in Duitsland veroorsaak dat dit vandag as die vanselfsprekende beginpunt van die magtige beweging van die Kerkhervorming beskou word. Luther self het hierdie 95 stellings egter nié gesien en wou dit ook nie gebruik as die beginpunt van 'n groots-opgesette hervorming van die Roomse kerk van sy dae nie. Tot op sekere hoogte is dit dan ook 'n onverklaarde saak waarom die 95 stellings eintlik die effek van 'n vonk in 'n kruivat gehad het. Dit is natuurlik so dat Luther 'n kerklike gebruik, of eintlik misbruik, waarby sowel kerklike prestige as inkomste gemoeid was, aangeval het en sodoende ook onder woorde gebring het wat by baie van sy tydgenote en die by die Duitse volk as onuitgesproke gedagtes geleef het. Hoewel die openbare debat oor die 95 stellings nooit te Wittenberg gehou is nie, is die stellings betreklik kort na hulle verskyning ook in Duits vertaal en in 'n ommesien was die stellings dwarsdeur Duitsland versprei. Met dié gebeure het Luther, wat tot op daardie stadium 'n byna-onbekende teoloog buite Wittenberg was, in die helder lig van die wêreldtoneel verskyn. Oornag het hy bekend, beroemd en selfs berug geword — en vanaf 31 Oktober 1517 tot by sy dood in 1546 het Luther die geskiedenis van sy land en Wes-Europa nie alleen oorheers nie maar ook in 'n nuwe rigting gestuur. Die merkwaardige was dat Luther dit kon doen terwyl hy nie sy eie gedagtes nie maar alleen die inhoud en die eise van die Woord van God weer na vore gebring het.

. Om die situasie van Oktober 1517 en wat onmiddellik daarop

1) O. Clemen en A. Leitzmann, *Luthers Werke in Auswahl*, Berlin 1966, Bd. 1, S. 3.

gevolg het, te kan verstaan, is dit nodig om allereers te let op *die hele leer en praktyk van die aflaat* in die Roomse kerk. Die aanvangspunt van hierdie leer was en is *die vagevuur*. Die leer van die vagevuur kom kortliks hierop neer dat 'n siel wat die ewigheid sonder algehele reinheid en heiligheid ingaan en wat nie sodanig gesondig het dat hy die ewige verderf moet ingaan nie, nié sondermeer in die ewige heerlikheid, by God toegelaat kan word nie. Die siele wat „reg het om tot die hemele toegelaat te word" maar nog besmet is met sondes van 'n min of meer geringe aard of wat nog moet voldoen aan *tydelike sondestraffe* wat nie op aarde uitgeboet is nie, moet éérs na die vagevuur gaan. Daar, in die vagevuur, word die beletsels weggelouter en weggeboet. Nadat die bestemde tyd in die vagevuur deurgebring is, kan die siel dan tot die hemel toegelaat word[2]). Hoewel die opvatting oor die vagevuur géén Bybelse basis het nie, is dit tog op grond van die apokriewe boek *Makkabeërs* én die kerklike tradisie 'n vaste punt in die Roomse leersisteem. Gedurende die Middeleeue was die vagevuur 'n baie meer gevreesde straf as die ewige verdoemenis of hel. Die ewige verdoemenis, so is geglo, sou mens nog kon vermy deur opregte berou oor die sonde maar die tydelike straf van die vagevuur sou alleen vermy kan word as die straf op die sonde wat deur die Kerk opgelê was, ten volle gedra was[3]). Daarby het gekom dat die straf wat die Kerk opgelê het vir kerklike en ander vergrype geweldig swaar was. Daar was dan ook voortdurend versoeke dat dié straf wat deur die Kerk opgelê is, verlig moes word. Hoewel daar van tyd tot tyd wysigings en veranderings aangebring is in dié sisteem en kerklike praktyk was dit eers pous Urbanus II wat in 1095 die moontlikheid geopen het vir 'n algehele kwytskelding van die tydelike, kerklike straf in die vagevuur indien iemand 'n besondere vrome daad sou doen. As „besondere vrome daad" is toe aangemerk die deelname aan die kruistog teen die Mohammedane in die heilige land[4]). Maar hierby het dit nié gebly nie. Daar is ingesien dat hier 'n nuwe genademiddel was — 'n middel waardeur 'n mens kwytskelding (aflaat) kon verkry van die straf wat die Kerk hom opgelê het vir daardie sondes wat die mens, kragtens die biegpraktyk van die Roomse kerk, reëlmatig aan die priester moes voorlê. Die aflaat [5]) het sodoende van die begin af nie alleen gegeld as 'n gedeeltelike of volkome kwytskelding van die kerklike straf wat deur die priester opgelê is nadat die lidmaat sy sondes gebieg het nie, maar dit was natuurlik ook die hele of gedeeltelike kwytskelding van die straf in die vagevuur.

Dat hier sprake was en kon wees van 'n kwytskelding op aarde of in die vagevuur van die kerklike en tydelike straf het op sy beurt weer saamgehang met die Roomse leer van *die skat van goeie werk van die Kerk* waaroor die Kerk en dus die pous, kon beskik[6]). Volgens hierdie opvatting het Jesus Christus en al die Roomse heiliges oneindig méér goeie werke op aarde gedoen as wat nodig was om hulle eie sondes mee uit te boet. Hierdie goeie werke wat hulle te veel gedoen het, gaan nie verlore nie maar vorm 'n skat van goeie werke wat deur die Kerk of die pous gebruik kan word

2) Vgl. I. Klug, *Het Katholieke Geloof*, Heemstede 1939, bls. 627.
3) H. Boehmer, *Der Junge Luther*, Leipzig 1955, S. 143 ff.
4) W. Köhler, *Dokumente zum Ablassstreit*, Tübingen 1934, S. 7 ff.
5) In die oorspronklike Latyn 'n *indulgentia* dit wil sê *'n toegewing*, genoem.
6) B. J. Kidd, *Documents Illustrative of the Continental Reformation*, Oxford 1911, p. 1 ff.

om die tekortkominge van die ander kerklidmate mee aan te vul[7]).

Hierdie leer van die aflaat het betreklik gou ontspoor in die Middeleeuse Roomse kerk omdat dit moontlik gemaak is om deur middel van 'n geldskenking 'n aflaat te verkry. So was dit aanvanklik moontlik om, inplaas daarvan om self deel te neem aan 'n kruistog, deur middel van 'n geldskenking terwille van die kruistog, tóg 'n gedeeltelike aflaat te verkry[8]). Na hierdie éérste verandering in die aflaatpraktyk volg die een stap logies op die ander en word die aflaat 'n middel waardeur die Roomse kerk geld kon inkry. Vanweë die enorme dors na geld van die verwêreldlikte pousdom van die laat Middeleeue word die aflaat al meer en meer vervlak hoe groter die pouse se behoefte aan geld was. So is in 1294 bepaal dat hooggeplaaste persone 'n „biegbrief" kon koop waardeur hulle één maal gedurende hulle lewe en één maal gedurende lewensgevaar, nadat hulle by 'n priester gebieg het, 'n volledige aflaat kan kry. Maar reeds in 1350 kan enigiemand so 'n biegbrief koop. Later bepaal pous Sixtus IV dat na die aflegging van die bieg 'n lidmaat elk keer 'n volledige aflaat kan koop[9]). Uiteraard was hierdie „biegbriewe" en die daarmee saamgaande aflate besonder populêr en het dit enorme bedrae geld in die bodemlose beurse van die Roomse pouse laat verdwyn. Die vaste geloof van die gewone lidmaat in die waarheid van die Roomse leerstellings oor die vagevuur, die skat van goeie werke van die Kerk en die aflaat is so op 'n siniese wyse uitgebuit om aan die pouse stoflike voordeel te besorg. Die laagtepunt in hierdie proses is bereik toe pous Sixtus IV in 1476 dit moontlik gemaak het dat daar ook aflate vir die gestorwenes wat nog in die vagevuur is, gekoop kan word [10]). Hierdie aflate was van die begin af besonder populêr en het vir dié pouse 'n winsgewende uitbreiding van die aflaathandel beteken. Om die verkoop van aflate enigsins te billik is die aflaatsmouse, wat van stad tot stad getrek het met hulle „heilige handelsware" gekeur en is daar eise gestel, hoewel hulle nié normaalweg opgeneem is onder die ampsdraers van die Kerk nie.

Aangesien die aflaatpraktyk in die Roomse kerk van daardie dae ook heelwat kritiek uitgelok het, het verskillende pouslike uitsprake vasgestel dat dit kettery is om aan die heilskrag van die aflate te twyfel of kritiek uit te spreek oor die pous se beskikkingsreg oor die skat van goeie werke van die Kerk. Maar tog was dit aan die ander kant ook so dat in 1517 daar nog geen samevattende en formele leerstuk oor die aflaat afgekondig was nie en dit was dus nog moontlik om binne die ruimte van die Roomse kerk kritiese opmerkings in hierdie verband te maak. Dit was ook duidelik dat daar vroeër of later wél 'n sterk kritiese geluid oor hierdie hele aflaatpraktyk na vore sou moes kom. Want die praktyk van die aflaathandel was nie gerig op die sieleheil of die geestelike welsyn van die lidmaat nie maar uitsluitlik op sy beurs. Daarby kom dat veral die verwêreldlikte pouse van die laat-Middeleeue geen of baie min belangstelling vir die geestelike welvaart van die Kerk gehad het nie. So is dit bekend dat pous Leo X die aflaatgeld wat ingesamel is om die bou van die Pieterskerk in Rome moontlik te maak, hoofsaaklik gebruik het om sy dobbelpartye mee te finansier[11]),

7) I. Klug, *a.w.*, p. 342-347.
Dit is interessant om daarop te let dat dat Roomse dogmatici géén poging aanwend om hierdie leer Bybels te verantwoord nie.
8) W. Köhler, *a.a.O.*, S. 10.
9) B. J. Kidd, *l.c.*, p. 3.
10) W. Köhler, *a.a.O.*, S. 37.
11) H. Boehmer, *a.a.O.*, S. 149.

terwyl pous Alexander VI groot somme aflaatgeld aan sy buite-egtelike seun Cesare Borgia gegee het om 'n oorlog teen die Turke te voer. Daarby het die bankiers wat die aflaatgeld hanteer het, die owerhede in wie se gebiede die aflaat verkoop is en almal wat by hierdie smousery betrokke was, elkeen sy deeltjie afgeknyp het sodat die aflaathandel inderdaad 'n handeldrywery was waar die geloof van die lidmaat uitgebuit is terwille van die finansiële gewin van mense wat weinig of geen godsdienstige motiewe vir hulle optrede gehad het nie[12].

Dit was so ongeveer die situasie rondom en met betrekking tot die aflaat in die dae van Martin Luther. Teen dié aflaathandel het Luther ernstige bedenkinge gekoester veral vanweë die feit dat hy die Heilige Skrif as enigste rigsnoer gesien het van die vasstelling van die verhouding tussen mens en God en terselfdertyd as die enigste finale bron vir die leer van die Kerk. Vanweë hierdie uitgangspunt moes Luther, byna vanselfsprekend, krities staan teenoor die aflaatpraktyk want nóg die leer van die vagevuur nóg die leer van die skat van goeie werke van die Kerk is op Bybelse gegewens gebou nie.

Luther se kritiek teen die aflaatpraktyk was egter breër as die 95 stellings alléén. Reeds op 31 Oktober 1516, 'n jaar vóór die publikasie van die 95 stellings, het Luther oor die aflaat in Wittenberg gepreek en op 24 Februarie 1517 het hy hom andermaal skerp teen die aflaathandel uitgelaat[13]. In sy besware teen die aflaathandel is dit opvallend dat Luther, anders as die ander kritici van hierdie kerklike praktyk, nie soseer die uiterlike verkeerdhede van die aflaat bestry nie, maar prinsipiële argumente na vore bring. Veral het hy dit teen die godsdienstige motiewe wat die hele aflaathandel veroorsaak het naamlik die intense vrees vir die straf in die vagevuur en die verlange van die lidmate na 'n sigbare waarborg vir die saligheid[14]. Dáárom betoog Luther dat die aflaathandel juis daarin verkeerd is dat dit die ware berou en boete, wat daar by die lidmaat moet wees oor die begane sondes, teëwerk en selfs heeltemal verydel. In plaas daarvan dat die lidmate verlang na die ware *goddelike* vergewing van die sondes en sodoende met Christus self in aanraking kom, skep die aflaat 'n ligsinnigheid by die lidmaat wat vanweë die aflaat en die maklike verkrygbaarheid daarvan meen dat hy nou 'n vrybrief vir al sy handel en wandel kry en nié meer verantwoordelik gehou sal word vir sy sondes nie. Dit is duidelik dat Luther volkome erns maak met enersyds *die sonde van die mens* en andersyds die genadeverkondiging deur die Evangelie van *die vergewing van die sondes alléén op grond van die soenverdienste van Jesus Christus,* die Gekruisigde en Opgestane Heer. Die vergewing van die sondes is na die mening van Luther nooit outomaties of selfs 'n „verhandelbare saak" nie maar dit hang onverbreeklik saam met die soendood van Jesus Christus én met die wâre berou wat daar in die hart van die sondaar moet wees. Hierdie opvatting geld dan nie alleen die sondes wat teen God begaan is nie maar óók die „tydelike sondes" wat deur die Kerk gestraf word.

Met hierdie standpunt bots Luther juis met die Roomse leër en kerk wat deur middel van die sewe sakramente en ander heils-

12) H. Boehmer, *a.a.O.*, S. 149.

13) E. Vogelsang, *Luthers Werke in Auswahl,* Berlin 1965, Bd. V, S. 424-428.

14) H. Boehmer, *a.a.O.*, S. 150.

middels aan die mens die ewige saligheid wil waarborg. Die aflaatbrief, so kan betoog word[15], is één van die duidelikste maniere waarop die Roomse kerk tussen God en mens ingeskuif het om dan deur middel van kerklike reëlings daardie heilssekerheid aan die mens te gee wat alleen deur die geloof, dit is deur God Self, deur Sy Woord en Gees aan die werklik Christus-gelowige gegee kan word[16]. Daarom het Luther, vanaf 1515 sy besware teen hierdie kerklike houding begin formuleer. Vir Luther was dit ten ene male onaanvaarbaar, op grond van sy verstaan en bestudering van die Heilige Skrif, dat die pous, die biskop of selfs die Roomse kerk so 'n aanmatigende rol sou kon speel in die verhouding van God en mens. Dáárom bring Luther se standpunt oor die aflaat hom nie maar net in konflik met één van die dakadente randverskynsels van die Roomse kerk van die laat-Middeleeue nie, maar juis met die sentrum van die Roomse kerklike en teologiese beskouing oor die verhouding van God en mens waar die pous of die Roomse kerk die bemiddelende en miskien ook beslissende rol moet speel. Dit is om hierdie rede ook begryplik dat Luther se protes, soos dit in sy kritiek op die aflaat gestalte gekry het, nie daar kon eindig nie en ook nie daar geëindig het nie maar deurgeloop het na alle vlakke van die Roomse kerklike leer en lewe. In die jare onmiddellik voorafgaande aan 1517 het Luther juis deur sy studie van die Heilige Skrif tot volkome ander insigte gekom oor die destyds algemeen-aanvaarde opvattings oor die verhouding God en mens en so ver gekom dat hy ernstige vraagtekens agter die amptelike Roomse leer in hierdie verband gestel het. Want Luther het gedurende sy gewetenstryd sélf ondervind dat die kerklike praktyk en leer aan hom géén gemoedsrus kon gee nie omdat die kerk die verhouding van God en mens eerder versper het as om so 'n verhouding tot stand te bring.

Die uiterlike aanleiding vir Luther se verdere kritiek op die aflaatpraktyk deur middel van sy 95 stellings was die optrede van die Dominikaanse monnik Johann Tetzel. Omdat Keurvors Frederik die verkoop van pouslike aflate vir die bou van die Pieterskerk in sy vorstedom verbied het, het Tetzel so na as moontlik aan die grens, in die dorpies Jüterborg en Zerbst, sy aflate begin verkoop. Die verkoop van die aflaat het gepaard gegaan met 'n prediking wat nie juis iets anders genoem kan word as godsdienstige dwang om op dié manier die aflate wat verkoop is om die bou

15) H. Boehmer, *a.a.O.*, S. 150-151.

16) Hoe ver die aflaat in hierdie verband gegaan het, kan nagegaan word by die tekste van aflate soos dit o.a. gevind kan word by B. J. Kidd, *l.c.*, p. 7-10. Daar blyk dit dat die aflaatbrief aan 'n bepaalde persoon, nadat hy by die aflaatverkoper sy sondes gebieg het, *waarborg* dat alle tydelike sondestraf en ook die straf in die vagevuur, oombliklik vergewe is. Saam met die ander moontlike variasies van die aflaat skenk dit aan die besitter van die aflaat die (skynbaar ontwyfelbare sekerheid dat hy die saligheid *besit*. Die eise van die Evangelie tot berou en bekering word juis hierdeur totaal verswak en byna kragteloos gemaak. Dit is juis merkwaardig dat dit in die Roomse kerk kon gebeur terwyl die bieg en die boete dáár as 'n sakrament gewaardeer is. Hierdie argument het vanselfsprekend in die stryd teen die aflaat na vore gekom.

van die Pieterskerk in Rome te bekostig, aan die man te bring nie[17]. Een van sy tydgenote het oor Tetzel se prediking die volgende aangeteken[18]:

> „Die aansprake van hierdie onopgevoede en skaamtelose monnik was ongelooflik. So het hy gesê dat selfs indien iemand sou geslaap het by Christus se liewe Moeder, dan het die pous nog dié mag in hemel en op aarde om vergiffenis daarvoor te gee so lank as wat die geld maar in die aflaatkoffer gestort is. En as die pous vergiffenis sou gee dan moet God ook vergiffenis skenk . . . Opsommend was sy stelling: God is nie meer God nie omdat Hy al sy goddelike mag aan die pous verleen het."

Luther self het van die aansprake van Tetzel, wat hy in sy prediking om aflate te kan verkoop na vore gebring het, gehoor en in later jare die volgende daaroor opgeteken[19]:

> „Verder; die rooi kruis van die aflaat en die pouslike wapen op die vlag in die kerkgebou is net so kragtig as die Kruis van Jesus Christus. Verder; as selfs Petrus nou hier op aarde was, sou hy nie meer genade of gesag gehad het as hyself (Tetzel) nie. Verder; hy (Tetzel) sou nie plekke in die hemel met Petrus wou ruil nie want hy het meer siele met sy aflate gered as Petrus met sy prediking. Verder; indien iemand geld in die koffer sou plaas ten behoewe van 'n siel in die vagevuur, dan sal daardie siel die vagevuur onmiddellik verlaat op pad na die hemel op dié oomblik wanneer mens die muntstuk op die bodem van die koffer hoor val. Ook; die genade van die aflaat is dié genade waardeur 'n mens met God versoen word. Verder; dit is nie nodig om berou of verdriet te betoon of boete te doen vir die sonde solank mens maar 'n aflaat of 'n aflaatbrief koop nie. Tetzel het selfs aflate verkoop vir Toekomstige sondes. Sulke verwerplike dinge het hy in oormaat gedoen. Hy was slegs in die geld geïnteresseerd."

Die hele aangeleentheid van die aflaat het juis vir Luther akuut geword omdat 'n hele aantal van diegene wat in Wittenberg vanweë hulle sondige lewenswandel hard deur hom aangespreek is, na Jüterborg of Zerbst gegaan het om daar aflate te koop en om sodoende, soos hulle gemeen het, 'n volkome vergiffenis vir al hulle sondes te ontvang[20]. Maar tog het Luther nieteenstaande hierdie ergernis nie dadelik opgetree nie. Die direkte uiterlike aanleiding vir die opstel van die 95 stellings was toe Luther 'n boekie met instruksies aan die aflaatpredikers in die hande gekry het. Hierdie *Instructio Summaria* was uitgereik deur die aartsbiskop Albert van Magdeburg en Mainz. Daarin word amptelik gestel dat die aflaat wat by die aflaatsmous gekoop word vir die sondaar 'n volkome versoening met God bewerk nadat so 'n mens gebieg het en die nodige fondse in die aflaatkoffer gestort het. Verder word daar ook gestel dat om 'n aflaat te kan verkry vir die gestorwenes, om hulle uit die vagevuur te verlos, dit vir die koper nie nodig is

17) W. Köhler, *a.a.O.*, S. 124-126.
18) Friedrich Myconius, *Historia Reformationis*, p. 14 aangehaal by H. J. Hillerbrand, *The Reformation in its own Words*, London 1964, p. 43 f.
19) M. Luther, *Wider Hans Worst*, 1541, soos weergegee in O. Cleme en A. Leitzmann, *Luthers Werke in Auswahl*, Berlin 1959, Bd. IV, S. 321 ff.
20) H. J. Hillerbrand, *l.c.*, p. 46-47.

om òf te bieg òf enige vorm van berou te toon nie. Die geld is voldoende om in daardie geval die vergiffenis te bewerkstellig. Daar word dit duidelik dat die aflaat 'n gewone handelstransaksie is waar dit alleen om geld gaan, en waar die Bybelse eise vir die vergewing van sondes géén rol hoegenaamd speel nie[21]).

Juis omdat hierdie opvattings amptelik is, kon Luther nie anders as om te reageer nie. Maar Luther wou die protes wat hy wou aanteken nie onmiddellik *kerklik* maak nie en maak toe gebruik van sy reg as geleerde aan 'n universiteit om 'n openbare debat oor die saak te probeer loods. Só wou hy die aartsbiskop Albert oortuig dat hy 'n fout gemaak het met die uitgee van die *Instructio Summaria*. Terselfdertyd omdat daar 'n groot aflaatfees in Wittenberg bepaal was vir 1 November 1517 het Luther besluit om sy besware en kritiek teen die aflaat op 31 Oktober te publiseer en om deur middel van 'n geleerde gesprek met sy kollegas aan die universiteit die hele aflaat-aangeleentheid in 'n suiwerder perspektief te plaas[22]). Daarom het Martin Luther sy 95 stellings oor die aflaat opgestel, dit laat druk by die Wittenbergse drukker Johann Grünenberg en op die middag van 31 Oktober 1517, net voor twaalf uur, vasgespyker aan die deur van die slotkerk te Wittenberg[23]).

Die 95 stellings oor die heilskrag van die aflaat is deur Luther in vier groepe verdeel. Daar is drie groepe van 25 stellings elk en een slotgroep met 20 stellings. In hierdie 95 stellings het Luther duidelik die Skriftuurlike gegewens in verband met die vergewing van die sondes na vore gebring en deur middel van sy stellings dit diskutabel gestel of die aflaatpraktyk in die Kerk regverdigbaar is. Dit is natuurlik duidelik dat hierdie stellings nie in alle opsigte Luther se finale standpunt verteenwoordig nie want hy wil met sy stellings 'n debat uitlok, maar dit is ook duidelik dat hy volkome bereid is om hierdie stellings teen die bedenkinge van sy kollegas te verdedig.

Dit is opmerklik dat Luther, terwyl hy die leer en praktyk van die aflaatverkope aanval met Skriftuurlike en sielsorgelike argumente tog nog so behoudend is dat hy die bestaan van die vagevuur nie volkome in twyfel trek nie (stelling 17) en teen die leer van die skat van goeie werke van die Kerk slegs ernstige bedenkings het (stelling 87). Dit is dan ook duidelik dat die 95 stellings geensins bedoel is as 'n berekende frontaanval op die Roomse leer en lewe nie. Maar andersyds is dit ook weer duidelik dat Luther se standpunt tog baie diep ingryp in die hele vroomheidsopvatting van sy dae en dat hy, vanuit die Heilige Skrif, sy protes moet laat hoor.

Die volgende aantal stellings kan miskien beskou word as 'n redelike weergawe van die aard en toon van die 95 stellings van 31 Oktober 1517[24]):

> „Stelling 1: Ons Heer en Meester Jesus Christus wat gesê het: Doen boete ens. (dit is 'n verwysing na Matth. 4:17 en Mark 1:15 waar die Afrikaanse vertaling vertaal: Bekeer julle . . .) het daarmee geëis dat die hele lewe van die gelowige boetedoening sal wees.

21) W. Köhler, *a.a.O.*, S. 104.
22) Oor die datum van die publikasie van die 95 stellings was daar in die jongste tyd nogal meningsverskil, vgl. H. Bornkamm, *Thesen und Thesenanschlag Luthers*, Berlin 1967.
23) H. Boehmer, *a.a.O.*, S. 156.
24) O. Clemen en A. Leitzmann, *Luthers Werke in Aushwahl*, Berlin 1966, S. 1-9.

Stelling 5: Daarom sal die straf (op die sonde) bly solank as wat die misnoeë van die mens met homself bestaan (dit is die ware, inwendige berou en boete), en dit beteken tot by die ingang in die Hemelryk.

Stelling 6: Die pous kan geen skuld anders vergewe as deur die verklaring en toestemming daarmee dat dit deur God vergewe is; verder, deur die vergiffenis in daardie gevalle waar hy seggenskap het en in daardie betrokke gevalle waar die pous verontagsaam word, sal die skuld geheel en al bly voortbestaan.

Stelling 11: Dit wil voorkom asof die saad van daardie onkruid, naamlik die leer van die verandering van die kerklike straf in straf in die vagevuur, gesaai is terwyl die biskoppe geslaap het.

Stelling 16: Die hel, die vagevuur en die hemel is net so verskillend van mekaar as twyfel, byna-twyfel en sielevrede.

Stelling 27: Hulle wat sê dat sodra die geld in die aflaatkoffer val, die siel uit die vagevuur verlos is, verkondig menslike versinsels.

Stelling 28: Seker is dit dat deur die geld wat in die aflaatkoffer val die verbruik en hebsug kan vermeerder. Die voorbidding van die Kerk daarenteen is slegs op Gods welgevalle aangewys.

Stelling 33: 'n Mens moet hom met omsigtigheid hoed vir diegene wat sê dat die aflaat van die pous 'n onskatbare gawe van God is waardeur die mens met God versoen word.

Stelling 36: Elke christen wat ware berou het, het ook volkome vergewing van straf en skuld en dit word hom ook sonder aflaatbrief geskenk.

Stelling 37: Elke ware christen, lewendig of dood, het aan al die goedere van Christus en van die Kerk deel. Dit word hom, ook sonder aflaatbrief, deur God geskenk.

Stelling 43: Die christen moet geleer word dat om aan die armes te gee of aan die behoeftiges te leen, beter is as om aflate te koop.

Stelling 50: Die christen moet geleer word dat indien die pous van die rowery van die aflaatpredikers bewus was, hy liewer die Pieterskerk sou afbrand as om dit gebou te sien met die velle, bloed en bene van sy skape.

Stelling 53: Dit is vyande van Christus en die pous wat terwille van die aflaatprediking Gods Woord in die Kerk heeltemal laat verstom.

Stelling 62: Die ware skat van die Kerk is die hoogheilige Evangelie van die genade en heerlikheid van God.

Stelling 68: In werklikheid is die aflaat maar 'n baie geringe genade as dit met Gods genade en die vroomheid van die Kruis vergelyk word.

Stelling 79: Die opvatting dat die kruisteken wat met die pouslike wapen versier is en sigbaar opgerig word (wanneer aflate verkoop word) gelykwaardig aan die Kruis van Christus is, is Godslasterlik.

Stelling 95: Die christen moet vermaan word dat hy sy Hoof, Jesus Christus, deur straf, dood en hel moet probeer navolg en só sy vertroue meer daarop moet plaas om deur vele beproewinge, as deur sorgeloosheid en vrede, in die hemel in te gaan."

In die 95 stellings word dit duidelik hoe pertinent Luther hom keer teen die destydse vroomheid wat die ontvlugting van die straf

vir begane sondes as 'n vaste onderdeel van die kerklike en godsdienstige lewe sien. Luther daarenteen beskou die sondeskuld as die grootste las wat die sondaar-mens voor God dra en sien daarom ook die boodskap van die vergewing van die sondes om Christus ontwil as die hart van die Evangelie. Die essensie van die Evangelie is immers dat dit aan die mens die genade en heerlikheid van God verkondig en so by die mens die verlange wek om Gods wil te doen en die naasteliefde te beoefen. Dit is dan ook vanuit hierdie standpunt wat Luther sy kritiek teen die aflaatpraktyk loods — en daarmee val Luther, bewus of onbewus, die roomse kerk in sy hart aan en moet dit tot stryd voer, 'n stryd wat uiteindelik die magtige beweging van die Kerkhervorming in die lewe roep[25]. In sy 95 stellings stel Luther die twee grondliggende dinge wat die hele werk en inhoud van die Kerk omskrywe, naamlik: „Die ware skat van die kerk is die hoogheilige Evangelie van die heerlikheid en daarmee val Luther, bewus of onbewus, die Roomse kerk in sy ware, christen, lewendig of dood, het deel aan al die goedere van Christus en die Kerk" (stelling 37) en deur dit só te stel en al die ander omringende menslike gebruike, tradisies en vervormings weg te vee, het Luther die Roomse kerk in al sy geledinge onherroeplik uitgelok tot reaksie.

Onmiddellik ná die publikasie van die 95 stellings het Luther, ook op 31 Oktober 1517, 'n kopie van sy stellings met 'n begeleidende brief aan aartsbiskop Albert van Magdeburg gestuur. In hierdie skrywe motiveer Luther sy optrede as volg[26]:

> „Daar word in die land, onder die beskerming van u deurlugtige naam, die pouslike aflaat vir die bou van die Pieterskerk in Rome verkoop. In hierdie saak kla ek nie soveel oor die groot lawaai van die aflaatpredikers wat ek self nie gehoor het nie. Maar ek is grootliks besorg oor die valse opvatting wat onder die gewone mense bestaan en wat die oorsaak van publieke grootpratery geword het. Hierdie ongelukkige mense dink skynbaar dat hulle verseker is van hulle saligheid sodra hulle aflaatbriewe gekoop het. Hulle glo ook dat die siele onmiddellik die vagevuur verlaat sodra hulle geld in die aflaatkoffer plaas. Verder, dit word gesê dat hierdie genade van die aflaat so kragtig is dat geen sonde te groot vir vergiffenis is nie selfs in die onmoontlike geval waar iemand — om hulle eie woorde te gebruik — die Moeder van God sou onteer het. Ten slotte, daar word aanspraak daarop gemaak dat 'n mens hom deur hierdie aflaat van alle straf en skuld kan vrykoop . . .
>
> Hoe is dit moontlik dat die aflaaatpredikers sekerheid en vreesloosheid aan mense kan leer deur valse fabels en ydele beloftes oor aflate te maak? Aflate dra nie by tot die redding en heiligmaking van siele nie maar kan slegs tydelike strawwe, wat volgens die kerklike reg opgelê is, vergewe. Daarom is die werke van liefde en vroomheid eindeloos meer werd as die aflate en tog word dit nié met dieselfde nougesetheid en ophef verkondig nie. Tog behoort dit die belangrikste en enigste sorg van alle biskoppe te wees om die Evangelie en liefde van Christus aan alle mense te verkondig. Christus het nêrens bevel gegee om die aflate te predik nie, maar het nadruklik die verkondiging van die Evangelie beveel. Wat 'n groot gevaar en skande wag

25) H. Boehmer, *a.a.O.*, S. 160.
26) H. J. Hillerbrand, *l.c.*, p. 50. Luther se opvattings word nog verder duidelik uit sy preek *Eyn Sermon von dem Ablasz* van 1518.

vir 'n biskop wat toelaat dat die Evangelie stilgemaak word en terselfdertyd toesien hoe die aflate met bombasme verkondig word en wat meer bekommerd is oor die aflaat as oor die Evangelie."

Hieruit word wel duidelik dat Luther destyds nog daarvan oortuig was dat sy opvatting oor die aflaat en oor die werklike boete die ware leer van die Kerk weergee en ook volkome daarmee verenigbaar was. Maar op hierdie punt sou hy deur die laat-Middeleeuse Roomse kerk wreed ontnugter word.

Die merkwaardige, agterna gesien, was dat die 95 stellings aanvanklik byna geen indruk gemaak het nie. Niemand het hulle vir die openbare debat oor die 95 stellings aangemeld nie en ook aartsbiskop Albert het nié gereageer op die ontvangs van die 95 stellings en die begeleidende skrywe nie. Om sy opvattings te verbreï en ook te laat toets deur sy kollegas, stuur Luther dan teen die middel van November 1517 'n aantal van die gedrukte weergawes van sy 95 stellings na die Universiteit te Erfurth, waar hy opgelei is, en na die Universiteit Nurnberg. Sonder dat Luther daarin geken word, het van dié kollegas die 95 stellings laat herdruk en selfs vertaal en in vertaling laat versprei. Vandaar uit word die 95 stellings dan heeltemal onverwags, met 'n fenomenale spoed versprei en vele male herdruk sodat, en in 'n besonder kort tydjie die 95 stellings oral in Duitsland bekend is en dit die onderwerp van drukke bespreking word[27]). So gebeur dit dat die 95 stellings byna oornag Luther beroemd èn berug maak en die beroering rondom die stellings het toe so 'n omvang aangeneem dat Luther verplig was om deur middel van verdere geskrifte sy standpunt, soos weergegee in die 95 stellings, te verduidelik en te verdedig. Juis met sy verdere geskrifte het Luther as vanself die saak verder gevoer, sy standpunt helderder uiteengesit en ook daardeur al meer medestanders en simpatiseerders gekry. En uit hierdie eerste begin het geleidelik die hervormingsbeweging van die Kerk vorm en rigting begin kry. In hierdie verband kan nog net daarop gewys word dat Luther in 1518 'n besonder belangrike geskrif die lig laat sien waarin hy die 95 stellings omstandig verduidelik. Dit is sy *Resolutiones disputationem de indulgentiarum virtute*. Hierdie werkie het Luther aan pous Leo X opgedra en in die voorrede ook gestel dat hy hom in hierdie aangeleentheid graag aan die oordeel van die pous sal onderwerp[28]). Maar juis in sy verdere uitleg van die 95 stellings, wat Luther as voorlopige en aanvegbare menings beskrywe, gebeur dit tog dat Luther eintlik *'n reformatoriese program* opstel en daarmee die begin wat hy op 31 Oktober 1517 gemaak het, onherroeplik verder voer. Die een stap het op die ander gevolg. Hoewel dit opmerklik is om na te gaan hoe die Roomse ampsdraers getrag het om Luther tot swye te bring sonder dat hulle sy geskrifte werklik gelees het òf op sy vrae antwoorde gegee het, het die gebeure van 31 Oktober 1517 onstuitbaar sy loop geneem — al het Martin Luther op dáárdie dag dit nooit bedoel as die beginpunt van 'n hervorming van die Kerk nie.

As ons vandag, 450 jaar later, die gebeure van 31 Oktober 1517 dankbaar in herinnering roep, dan word dit terselfdertyd óók duidelik dat daar meer as 'n suiwer menslike daad plaasgevind het. God het daar ingegryp in die geskiedenis van sy Kerk. Dáárom is

27) H. J. Hillerbrand, *l.c.*, p. 46-47.
28) O. Clemen en A. Leitzmann, *Luthers Werke in Auswahl*, Berlin 1966, Bd. 1, S. 15-147.

dit ook noodsaaklik dat ons dankbaarheid vir daardie gebeure in die eerste plek tot God gerig sal wees wat deur die werk van sy diensknegte Martin Luther en sy navolgers, die lig van sy Woord weer op die staander geplaas het.

As afsluiting van hierdie kort uiteensetting van die gebeure rondom 31 Oktober 1517 is dit miskien interessant op die reaksie van die Roomse kerk op Luther se prinsipiële verset teen die Roomse leer en praktyk van die aflaat — 'n leer en praktyk wat in geen enkele ander christelike kerk teruggevind word nie. Op die volgende paar aangeleenthede kan dan net kortliks gewys word.

In die 16e Eeu het die Roomse kerk 'n eerste antwoord op Luther se 95 stellings gegee en wel in die pouslike bul *Cum postquam* wat op 9 November 1518 deur pous Leo X in Rome uitgegee is[29]. Die opmerklike van hierdie pouslike uiteensetting wat bedoel was om Luther die swye op te lê was juis dat die dogmatiese inhoud daarvan gebou is op *die jongere kerklike tradisie*[30] en nié op die inhoud of uitsprake van die Heilige Skrif nie. Daarby word in hierdie pouslike stuk die essensiële aspekte van Luther se protes nié beantwoord nie maar stilswyend verbygegaan en niks anders gedoen as om gehoorsaamheid aan die kerklike opvatting te eis nie[31]. Dáárom het Luther, wat dit as noodsaaklik, onontbeerlik eintlik, geag het dat die Kerk die gronde vir sy leer duidelik uit die Heilige Skrif en die opvattings van die ou kerkvaders moet kan aantoon, nie kans gesien om sy standpunt, soos geformuleer in die 95 stellings en wat hy daarná in dié verband geskrywe het, te herroep nie. Hierdie weiering van die Roomse kerk om op die werklike-essensiële punte met Luther in gesprek te tree, is één van die belangrikste redes waarom die Kerkhervorming 'n beweging word wat buite die Roomse kerk as sodanig omgaan.

Daar kan dan verder gewys word op die Konsilie van Trente en sy besluite. Hierdie Konsilie van die Roomse kerk wat bedoel was om 'n antwoord te gee op die Protestantisme en om teenoor die Protestantisme die Roomse leer weer duidelik en helder te stel, het in 1563 die leer van die aflaat net her-bekragtig. Ook hier vind mens géén duidelike Skriftuurlike basis vir die leer van die aflaat of vir die basis van die aflaatleer naamlik die skat van goeie werke van die Kerk en die vagevuur, aangedui nie[32]. Daar word slegs, ewe apodikties, geformuleer:

> „Aangesien aan die Kerk die mag gegee is om aflate te verleen en die Kerk selfs in die vroegste tye[33] van hierdie mag wat

29) W. Köhler, *a.a.O.*, S. 158 ff.

30) Die tradisie van die aflaat is beslis nie ouer as die elfde eeu nie. Dáárom word die leer van die aflaat nie teruggevind by die vroeg-christelike skrywers nie en ook nie by die Grieks-Ortodokse Kerk wat in 1053 die band met Rome verbreek het.

31) H. Bornkamm, *a.a.O.*, S. 57.

32) 1563, Sectio XXI, 30. Vgl. *Conciliorum Oecumenicorum Decreta*, Basel et al. 1962, p. 772.

33) Die aanduiding „in die vroegste tye" (Latyn: antiquissimis temporibus) is, om die minste te sê, nogal misleidend want die vroegste vorm van die aflaat dateer eers uit die elfde eeu, uit die tyd van pous Urbanus II.
Vgl. in hierdie verband ook P. F. Palmer, S.J., *Sources of Christian Theology. Sacraments and Forgiveness*, London 1959, p. 398.

deur God gegee is, gebruik gemaak het, leer en beveel hierdie heilige Sinode dat die gebruik van die aflate . . . in die kerk behou moet word, en die Sinode veroordeel met vervloeking (in Latyn: *anathema)* hulle wat beweer dat die aflaat waardeloos is of wat ontken dat die Kerk die mag het om aflate te verleen."

Hoewel na die Konsilie van Trente 'n groot deel van die misbruike rondom die aflaat deur pous Pius V in 1567 opgeruim is[34], het die basiese aanklag van Luther téén die Roomse kerk in verband met die aflaatleer en wat daarmee saamgaan onveranderd en onbeantwoord bly staan.

Hoewel in die jongste tyd daar weer 'n Roomse dogmatici is wat op bepaalde punte Luther gelyk gee in sy protes téén die aflaat en wat daarmee saamgaan[35], is dit duidelik dat die Roomse kerk nog nooit werklik erns met die 95 stellings gemaak het nie en juis daardeur veroordeel staan. Want Luther het nie sommer maar net „'n afwykende mening" na vore gebring nie, maar die Heilige Skrif, *die Woord van God* weer laat spreek. Die Roomse kerk het egter vanweë sy opvatting dat die kerklike tradisie net so swaar weeg as die Woord van God, 'n aangebore hardhorendheid ten opsigte van die spreke van die Woord alleen.

Interessant is dit dan ook om daarop te let dat in ons eie tyd, in Januarie 1967, 'n verdere verklaring in verband met die Roomse leer van die aflaat gemaak is en wel deur die heersende pous Paulus VI. Die merkwaardige van sy uitspraak is dat die basiese beginselstandpunte van die Roomse kerk ten opsigte van die aflaat hier andermaal klakkeloos oorgeneem word sonder enige nadere of Bybelse motivering. Die leer van die vagevuur, die leer van die skat van die goeie werke van die Kerk — die basis van die hele aflaatleer en pratyk — word hier slegs herhaal en die aflaat vir die lewende en die dode word as normale kerklike gebruik gehandhaaf. Uit hierdie stuk is dit duidelik dat die Roomse kerk *niks verander het nie* en in hierdie streng-tradisionele uitspraak van die pous (wat seker ook as 'n onfeilbare uitspraak gesien moet word) word dit andermaal duidelik dat 'n hervoming van die Roomse kerk deur die Woord van God alléén, menslikerwys gesproke, nie moontlik geag moet word nie. Die protes van 31 Oktober 1517 téén die aflaat en die bestaan van die reformatoriese kerke wat uit daardie protes gegroei het, het by die kerk van Rome verbygegaan — tot vandag toe is sy ore en hart gesluit vir die beroep op die Woord van God alléén.

Maar juis vanweë hierdie Roomse standpuntstelling, presies in hierdie herdenkingsjaar, is dit duidelik dat dit noodsaaklik is en bly om die 95 stellings van Luther andermaal te beklemtoon. Dié stellings en Luther se hele reformatoriese optrede het nog niks van sy aktualiteit verloor nie. Teenoor die dwaalleer van die Roomse kerk moet die eise van die Woord van God duidelik gestel word.

Terselfdertyd word hiermee ook duidelik dat die protes van Martin Luther en die daaruit voortkomende Kerk van die Reformasie nie maar net 'n enkele, verbygaande moment in die geskiedenis van die sonde en die dood. Dáárdie Evangelie, daardie Woord van protes téén 'n dwaling van die pous en sy kerklike formasie wat vir die chistengelowige méér as net 'n tydelike betekenis het. Daarom kan die Reformasie, tot in ons dag, nie maar sommer verontagsaam of verbygegaan word nie — al is dit in sommige kringe 'n nogal populêre opvatting. Want die Reformasie was en is nie die willekeur

34) P. F. Palmer, *l.c.*, p. 366 en 401.
35) H. Bornkamm, *a.a.O.*, S. 60-63.

van mense nie maar die sigbaar word van 'n gehoorsaamheid aan die Woord van God alleen, 'n gehoorsaamheid aan die Drieënige God wat in sy Woord Hom aan ons openbaar, ons aanspreek om ons die goeie boodskap te bring van die verlossing uit die magsgreep van die sonde en die dood. Dáárdie Evangelie, daardie Woord van God het presies dieselfde draagkrag en betekenis vir alle mense en alle tye. Ons ondermaanse situasie verander, dit is waar. Tegnologies, maatskaplik, politiek — op byna alle vlakke van die lewe is ons samelewing en sy patroon totaal anders as dié van die sestiende eeu. Maar in sy wese het die mens niks verander nie en ook die sogenaamde moderne mens van vandag het dit nog netso nodig om die Woord van God te hoor as die mens van die sestiende eeu. Daarom is en bly die Reformasie aktueel en kan ons wat vandag 450 jaar later die werk van Martin Luther gedenk, alleen maar diepdankbaar wees dat die Here God 'n man soos Martin Luther van Wittenberg laat opstaan het wat sy hervormende werk in die Kerk begin het met die gevleuelde woord: *Die ware skat van die Kerk is die hoogheilige Evangelie van die heerlikheid en genade van God.*

NICOLAAS JOHANNES JANSEN VAN RENSBURG
21.6.1894—17.6.1967

Toe hy, die forse, fiere vrygesel vroeg-oggend op 17 Junie 1967 onverwags oorlede is, is 'n besondere skakel met die verlede van kerk en volk verbreek. Hy was nl. die naam-draer-seun van Siener van Rensburg.

En soos sy oorlede vader het hy intens die lotgevalle van sy volk, sy kerk en sy mense belewe: hulle stryd en nederlaag; hulle armoede en ekonomiese herstel; hulle opstand en oorwinning. Sedert die rebellie, wat hyself ook meegemaak het, het hy hom hart en siel gewy aan die belange van sy volk. Sonder die versiendheid van die Siener, maar met 'n skerpheid van siening en kragtigheid van die daad, het hy gewerk, gedien.

Een van sy uitstaande kenmerke was ook sy liefde vir en dienswerk in die kerk. Sedert die stigting van die gemeente Ottosdal in 1938 het hy onafgebroke as kerkraadslid gedien tot enkele jare voor sy dood toe siekte hom gedwing het om uit te span. Gedurende hierdie tyd was hy Ouderling, Jeugouderling, Skriba, Kassier, Skriba vir Registrasies, afgevaardigde na Rings- en Algemene Kerkvergaderings, aan die begin ook Diaken en aan die einde lid van die Boukommissie van die Kerk. En . . . nooit was die werk vir hom te veel nie — getrou het hy gedien, altyd op sy pos. As die een voertuig buite orde was het hy die trekker voor die perdekar gespan, maar wegbly van die erediens het hy nie geken nie.

Die gemeente Ottosdal het in hom 'n staatmaker verloor; ons kerk het in hom 'n vurige stryder en kampvegter verloor; ons volk

N. J. J. van Rensburg

het in hom een van sy beste seuns verloor. Ons dank egter die Here vir die dienswerk van hierdie onvermoeide stryder.

Met sy heengaan as enigste naamdraer van Siener van Rensburg sal die stamnaam van hierdie besondere Van Rensburg familie uit die lewe van kerk en volk verdwyn. Die geskiedenis rondom hulle sal egter bly voortlewe van geslag tot geslag, want die werk wat hulle gedien het kan nie uitgewis word nie.

Ons eer hulle nagedagtenis en bring hulde aan 'n geslag wat nie verniet geleef het nie.

C. J. S. van Niekerk,
Ottosdal.



Prof. dr. Pieter Harting (1812-1885).

'N KAMPVEGTER VIR DIE TRANSVALERS.

Dié onder ons wat weet dat die bekende Noord-Transvaalse dorp Warmbad, aan die grootpad tussen Pretoria en Beitbrug, aanvanklik 'n tydlank bekend was as Hartingsburg, is ongetwyfeld dun gesaai.

En tog is die geskiedenis wat agter hierdie tydelike, nie-geslaagde naamgewing skuil, interessant omdat dit ons gedagtes terugvoer na die spannende dae van die Eerste Vryheidsoorlog, na Paardekraal, Heidelberg, Majoeba en die Konvensies van 1881 en 1884.

Terselfdertyd gaan ons gedagtes terug na hulle wat die vryheidstryd van die Transvalers met geesdrif vanuit die verte toegejuig en alles in hul vermoë gedoen het om dieselfde Transvalers in woord en daad te help om die tydelik verlore gegane vryheid en onafhanklikheid te herwin.

Prof. dr. Pieter Harting, lewensloop

Een van hulle was prof. dr. Pieter Harting (1812-1885), 'n Nederlandse geleerde wat sowel in sy eie land as elders naam verwerf het as die outeur van talryke wetenskaplike publikasies.

As 'n seun van die Rotterdamse egpaar Dirk Harting en sy gade, het Pieter van 1823-1828 aan die Van Kinsbergeninstituut in die stadjie Elburg studeer om vervolgens op 16½-jarige leeftyd sy studie in die medisyne aan die Universiteit van Utrecht voort te sit. In 1835 het sy promosie in die geneeskunde gevolg en het dr. Harting as 'n medikus in die stadjie Oudewater begin praktiseer. In 1841 het sy benoeming as hoogleraar in Franeker gevolg. Nadat hierdie inrigting in 1843 opgehef is, was prof. dr. Harting van laasgenoemde jaar tot sy aftrede (1882) aan die Universiteit van Utrecht verbind. Daar het hy hom veral op die studie van plant- en dierkunde toegelê en deur sy velerlei vakkundige geskrifte, sowel in sy eie land as in die buiteland bekendheid verwerf.

Na sy aftrede het prof. Harting hom in die stad Amersfoort gevestig waar hy op 3 Desember 1885 oorlede is.

In 1961 het, van die hand van J. G. van Cittert-Eymers en P. J. Kipp, en vir rekening van die **Koninklijke Nederlandse Akademie van Wetenschappen** die publikasie **Pieter Harting 1812-1885. Mijne Herinneringen. Autobiografie** by die **N.V. Noord-Hollandsche Uitgeversmaatschappij,** Amsterdam (pp. 228) verskyn. Aan hierdie publikasie is, met uitsondering van 'n paar gegewens wat uit **Nederland-Zuid-Afrika. Gedenkboek uitgegeven door de Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging bij gelegenheid van haar vyftigjarig bestaan 1881-1931,** Amsterdam, 1931, die volgende besonderhede aangaande prof. Harting se werksaamhede ten behoewe van die Transvalers ontleen.

Prof. dr. P. Harting en die Eerste Vryheidsoorlog

In 1877 het die anneksasie van die **Zuid-Afrikaansche Republiek** beroering verwek in dié Nederlandse kringe waarin die harte nog warm geklop het vir die Voortrekkers en hul afstammelinge wat, in die verre suide, hul eie vrye en onafhanklike Boererepublieke — die **Zuid-Afrikaansche Republiek** en die **Oranje-Vrystaat** — gestig en geleidelik tot ontplooiing gebring het. Terwyl hierdie proses, wat met betrekking tot die **Zuid-Afrikaansche Republiek,** soms moeisaam verloop het, nog aan die gang was, het die anneksasie plaasgevind en onder meer ook in sekere vooraanstaande Nederlandse kringe 'n storm van verontwaardiging laat opsteek het. Onder dié Nederlanders wat in 1877 vol verontwaardiging na die pen gegryp het, was prof. dr. George Willem Vreede (1809-1880), 'n historikus wat hom veral op die diplomatieke geskiedenis toegespits het. In die **Utrechtsch Dagblad** het hy teen die anneksasie geprotesteer. Prof. Vreede is in 1880 oorlede en toe, in die loop van Desember 1880, die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog in die stad Utrecht bekend geword het, het prof. Harting besluit om wyle prof. Vreede se selfopgelegde taak oor te neem.

Waar sy voorganger in 1877 teen die anneksasiedaad te velde getrek het, daar het prof. Harting nou besluit om, in die **Utrechtsch Dagblad** van 23 Desember 1880 'n adres aan die Britse volk te rig waarin hy onder meer verklaar het:

> **Lang hebben zich de bewoners der Transvaal met de voorwaar niet ongegronde hoop gevleid, dat het hun aangedane onrecht zoude worden hersteld. Thans, nu deze gebleken is ijdel te zijn, is hun geduld ten einde, en zij hebben in hun wanhoop naar de wapens gegrepen. Wij betreuren dat, al kunnen wij het begrijpen. Hunne voorvaderen toch die ook de onze zijn, hebben eenen tachtigjarigen strijd gevoerd voor het behoud hunner vrijheid, en de aard hunner nazaten is niet verbasterd.**

En in die Engelse vertaling van **Aan de Britsche Natie** wat onder die titel **To the People of England** in Brittanje versprei is, lui 'n gedeelte van die daaropvolgende gedagtes soos volg:

No, Britons! You are a free people yourselves, cannot but sympathise with a community, however comparatively insignificant, which your own powerful Government may indeed scatter, may even exterminate, but which never will suffer itself to be entirely subdued.

Na twaalf dae het meer as 6,000 persone, afkomstig uit die hoogste kringe in Nederland, die adres onderteken.

Briewe is deur prof. Harting aan vooraanstaande Engelse gestuur, duisende vertaalde afdrukke van prof. Harting se beroep op die Britse nasie is na Londen, Birmingham, Liverpool en Manchester gestuur en daar deur Nederlanders onder die bevolking versprei en in Januarie 1881 is prof. Harting se adres aan die Britse Parlement voorgelê.

In Nederland het komitees ontstaan om geld vir die Transvalers in te samel en om die koste van die druk en verspreiding van brosjures te bestry.

In Utrecht het die **Hoofdcomité tot bevordering van de belangen der Transvaalsche Boeren** met sy werksaamhede begin en onder meer in briefwisseling getree met die Londense **Transvaal Independence Committee** onder kapt. Vernoy.

Prof. Harting het onder meer briewe aan sir John Lubbock, die latere lord Avebury (1834-1913) geskrywe en verder is van Nederlandse kant onder meer die koste vergoed wat deur die reeds genoemde Londense groep gedruk en versprei is.

Temidde van hierdie en ander bedrywighede is die tyding in Utrecht ontvang dat daar 'n voorlopige vrede in die suide tot stand gekom het en op dié feesdag het 'n dankbare prof. Harting 'n Nederlandse vlag met 'n groen wimpel, die naaste wat hy aan die Vierkleur kon bekom, uitgesteek.

Die N.Z.A.V. kom tot stand

Na aanleiding van 'n poging van die kant van die pro-Boer-komitees van Amsterdam en Utrecht om saam te werk, is op 12 Mei 1881 die **Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Vereniging** in Utrecht in die lewe geroep.

Doel van die N.Z.A.V. was om

door alle wettige middelen de belangen onzer stamgenooten, niet alleen in de Transvaal, maar in geheel Zuid-Afrika, te blijven behartigen en dan, in overleg met henzelven, nijverheid en andere stoffelijken belangen voor hen te openen en te ontwikkelen en de publieke opinie zoo ten onzent als in het buitenland, over de toestanden in Zuid-Afrika voor te lichten.

Prof. dr. P. Harting was, tot sy heengaan in 1886, ere-voorsitter van die N.Z.A.V., terwyl die eerste bestuur soos volg saamgestel was: D. Cordes, prof. dr. Abraham Kuyper, W. Heineken, ds. M. A. Perk, N. G. Pierson, Jac. Wertheim (almal van Amsterdam), prof. C. H. D. Buys Ballot (Utrecht), W. H. de Beaufort (Leusden), prof. J. T. Buys (Leiden), A. van Naamen van Eemnes (Zwolle), A. J. Blijdenstein (Enschedé), W. J. van Welderen baron Rengers (Leeuwarden) en dr. H. P. N. Muller (Rotterdam).

Soos bekend bestaan die N.Z.A.V., tans bekend as die **Nederlands Zuidafrikaanse Vereniging**, tot vandag toe en word die tradisionele werksaamhede, te wete die versterking van die bestaande bande tussen die twee lande en die bevordering van die totstandkoming van nuwe betrekkinge, nog steeds met ywer en besieling voortgesit. Elkeen wat kennis van die inhoud van die maandblad van die N.Z.A.V. dra, kan hierdie uitspraak bevestig.

Transvaalse dank

Reeds op 28 Februarie 1881, het vise-president S. J. P. Kruger en staatsekretaris W. E. Bok in die **Gouvernementshuis** op Heidelberg

'n skrywe aan prof. Harting gerig waarin aan sowel die professor as die duisende ondertekenaars van die adres dank betuig is. In dié brief is onder meer verklaar:

> **Gij kunt U niet voorstellen hoe welkom dat bewijs van belangstelling ons is. In onzen bitteren strijd, een strijd op leven en dood voor de kostbaarste bezitting van een volk, voor onze duur gekochte vrijheid en onafhanklijkheid is uwe sympathie ons een zichtbaar teeken dat wij niet alleen gelaten worden. Uw adres is een balsem van ons hart. Neen, het is onmogelijk, dat recht en gerechtigheid niet zullen zegevieren, want God staat aan onze zijde.**

Wanneer ons by die kernagtige uitspraak, hierdie belydenis van die latere Staatspresident en staatsekretaris Bok van Februarie 1881 stilstaan, dan dink ons onwillekeurig aan 'n vermoedelik vergete gediggie wat deur **Janni**, van Kaapstad, tydens die Tweede Vryheidsoorlog geskrywe is.

In **Wat meen dit?** stel hy, met verwysing na die oorlog, die vraag **Wat kan dit alles tog bedoel?** en dan vra hy homself af:

> Of is daar wel 'n hooger doel
> Met dese skerpe dolk?
> Is't dalk ni di geboorte van
> 'n Groot toekomstig volk?

In 1961 het 'n vrye en onafhanklike nasie, met as 'n eie tuiste die Republiek van Suid-Afrika, sy verskyning gemaak. 'n Nuwe bouwerk het verrys, 'n monument waaraan duisende meegewerk het om dit tot stand te bring en op hegte grondslae op te rig. Tot die bevriende van elders behoort ook prof. dr. Pieter Harting, die opsteller van sy ope brief **Aan de Britsche Natie** en een van die stigters van die N.Z.A.V. Hy was, in 'n stamverwante land, een van die vriende in die nood, een van die beproefde wagters op die mure.

JAN PLOEGER.

Pretoria, Augustus 1967.

HARTINGSBURG

Soos prof. Pieter Harting, die „edelen, grooten hoogleeraar", by die meeste van ons helaas 'n vergete figuur geword het, so ook weet weiniges van ons iets oor die ontstaan en lotgevalle van die dorp Hartingsburg, soos dr. Ploeger in 'n artikel elders in die Almanak tereg opmerk.

Die terrein waar Hartingsburg in die tagtigerjare van die vorige eeu uitgemeet is, was in die onmiddellike omgewing van die bekende warmbad wat alreeds vanaf die vestiging van die Voortrekkers in Transvaal wye bekendheid verwerf het vir die geneeskundige eienskappe van die water uit sy bron.

Daar bestaan 'n moontlikheid dat die berugte Coenraad Buis en sy kinders wat hy by naturellevroue verwek het, ongeveer vyftien jaar voor die Groot Trek agtereenvolgens by Buisfontein in die Klerksdorpse distrik, by Buispoort in Marico en Buiskop by Warmbad tydelik gewoon het en dat hy vermoedelik die eerste witman was wat met die warmwaterbron kennis gemaak het.

Toe kommandant Hendrik Potgieter en sy ekspedisie in 1836 vanaf Zoutpansberg na sy hooflaer teruggekeer het, het hy waarskynlik die warmbron besoek aangesien die rook wat uit die bron opgestyg het van ver af sigbaar was en verbytrekkendes daarheen gelok het.

In 1837 is die Matabeles uit Wes-Transvaal verdrywe maar kleiner groepe van dié gevreesde stam het daarna nog in die omgewing van die Magaliesberg bly woon en eers nadat hulle ook deur Potgieter en sy burgers teen die einde van die dertigerjare noordwaarts verdrywe is en die sentrale gedeelte van Transvaal ook veilig geword het vir blanke bewoning, is die warmwaterbron meer en meer besoek, veral in daardie jare toe die naaste mediese dokters in Natal woonagtig was. Van heinde en verre het die siekes daarheen gereis om genesing vir 'n verskeidenheid van kwale te soek.

Een van die bekendste gevalle is dié van Christina Pretorius die nobele eerste vrou van kommandant-generaal Andries Pretorius en die moeder van die latere eerste President van die Zuid-Afrikaansche Republiek. In Julie 1848, kort na hulle vestiging op Grootplaats en terwyl haar dapper man op pad was na die gebied suid van die Vaal om aan die burgers militêre hulp na die Britse anneksasie van Transoranje te verleen, het sy in geselskap van haar oudste seun, Marthinus Wessel, en ander familiebetrekkinge na die warmbad gegaan om te kyk of sy nie genesing kon vind vir haar ernstige siekte wat toe alreeds vir geruime tyd slepende was. Sy is egter daar oorlede en op haar grafsteen in die Warmbadse Kerkhof kan die gevleuelde woord wat sy teenoor haar man, kort voor sy vertrek, uitgespreek het, gelees word:— Gaan Andries, jou landgenote het jou nodig. Kyk wat jy vir hulle kan doen. My kan jy die lewe tog nie gee nie!

Dan weet ons ook dat kommandant-generaal Hendrik Potgieter die warmbad by verskillende geleenthede besoek het. 'n Paar maande voor sy dood in Desember 1852 was hy vir oulaas daar. Toe di. Murray en Neethling teen die helfte van daardie jaar op hulle terugreis vanaf Noord-Transvaal was, het hulle Potgieter daar by die kerkplek by die warmbad aangetref en ds. Neethling beskrywe hom as „een man van hooge statuur en van een eerwaardig gelaat... maar door de jaren en een ongemak aan de beenen wat gebogen . . ."

In die loop van die tyd het kommandant-generaal Stephanus Schoeman ook gereeld die warmbad besoek om genesing vir sy ou oorlogswonde te probeer verkry. Vroeg in die tagtigerjare het hy en sy gesin met twee groot tentwaens weer 'n keer daar aangekom en in twee tente gewoon.

Met die besoek van di. Murray en Neethling in 1852 het die warmbad vir die eerste keer as Kerkplek gedien. 'n Groot aantal mense het

vir die belangrike kerkgeleentheid daarheen gegaan en by dieselfde geleentheid het 'n aantal jongmense belydenis van hulle geloof afgelê. In 'n sekere sin kan die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Warmbad dus tot in 1852 teruggevoer word!

Die oudste beskrywing van die warmbad en omgewing kom in die aangehaalde reisverslag van di. Murray en Neethling voor. Dit het oorspronklik in die Kerkbode van September en Oktober 1852 verskyn en is later oorgedruk in die werk van ds. C. Spoelstra. Nadat hulle eers by veldkornet H. J. van Staden van Waterberg aangegaan het, en vermoedelik deur hom en sy gesin verder vergesel is, het hulle vervolgens die warmbad aan die suidelike hange van die Waterberge bereik en dit as volg beskrywe:—

„Het Bad waar wy ons thans bevinden, is een aangenaam gelegen, en voor die streken welbebouwde plaats. Eene met ruigte en riet digt en welig bewassen rondte, van (laat my zegge) 50 schreden in doorsnede, is de plek waarnaar de gansche plaats den naam draagt. De walm en de rook, die uit de bron in de vandaar lopende voor opstygt, overtuigt u dat het water van het bad kokend is, zoodat reeds een hond, een jong kameelpaard en wie weet al meer, dood of in geraamte er uit gehaald zyn. Het Bad heeft eenen sterken waterloop, maar het water verscht (zegt men) het land uit en geeft na twee jaren onvruchtbaarheid."

Ten tye van di. Murray en Neethling se besoek het die plaas aan die familie Van Heerden behoort maar volgens ds. Neethling het die Volksraad op daardie stadium alreeds die warmbad bestem „tot algemeen gebruik ten dienste van kranken" wat baie baat by die gebruik daarvan gevind het.

In November 1847 is daar alreeds op Potchefstroom besluit „dat een nieuw dorp zal worden aangelegt aan de Waterberg" en wanneer in aanmerking geneem word dat daar op daardie stadium nog net twee dorpe in die hele gebied noord van die Vaalrivier bestaan het, nl. Potchefstroom en Andries-Ohrigstad, was die omgewing „aan de Waterberg" waar die warmbad geleë was vermoedelik die plek wat as nuwe dorp vir die sentrale en noordelike gedeelte van Transvaal oorweeg is. Op daardie stadium het Lydenburg, Zoutpansbergdorp, Rustenburg en Pretoria nog nie bestaan nie. Die stigting van dié dorpe in die daaropvolgende jare en van Nylstroom in 1866 het die stigting van 'n dorp by die warmbad egter aansienlik vertraag.

Waar die terreine van verskillende Transvaalse dorpe aanvanklik kerk- en laerplekke was wat vanweë hulle besondere ligging vir dié doeleindes geskik was, was dit ook die geval met die omgewing van die warmbad. Dit is bekend dat veldkornet H. J. van Staden alreeds in April 1851 die burgers van sy wyk in Waterberg in 'n laer op „Warmbat" bymekaar laat kom het nadat gerugte die rondte gedoen het dat Makapan die klein aantal blankes in die Waterbergse omgewing wou aanval.

Intussen het meer blankes hulle in Waterberg gevestig en het Nylstroom in 1866 ontstaan. Nadat president Burgers die warmbad in 1873 besoek het, het hy voorgestel dat die regering die plaas moet aankoop en in die aangesig van veel teenstand is sy voorlopige ooreenkoms met die eienaar bekragtig. Op 9 Junie 1873 het die Volksraad aandag gegee aan die aankoop van grond en besluit om die plaas „De Bad" aan te koop. Die aankoop van die plaas was in die eerste plek in die openbare belang en in die daaropvolgende jare het die inwoners van die Republiek vanuit alle uithoeke van die land gereeld van dié staatseiendom gebruik gemaak en alles sou daartoe meewerk dat 'n dorp mettertyd in die omgewing van die warmbad sou ontstaan. Vóór sowel as ná die ontstaan van die dorp was die

bewoning daarvan in die meeste gevalle van tydelike aard en vir gesondheidsdoeleindes. Die meeste mense het hoogstens vir vyf maande in die jaar daar uitgekamp en dan weer vertrek.

Met die stigting van Nylstroom in 1866, enkele myle ten noordooste van die warmbad, is die geleentheid dat die plaas „Het Bad" tot 'n dorp geproklameer kan word op daardie stadium verspeel. 'n Ernstige struikelblok waarmee die voorstanders van 'n dorp op „Het Bad" te kampe gehad het, was dat die warmbad minder sentraal was as die plaas Rietvlei waarop Nylstroom aangelê is en die probleem van water voorsiening vir 'n nuwe dorp in die onmiddellike omgewing van die warmbad.

Die dorp Nylstroom het in die loop van die tyd nie algemene tevredenheid gegee nie en daarom vind ons dat daar mettertyd sterk behoefte aan 'n nuwe dorp ontstaan het en dat vertoë tot die stigting van 'n dorp op 'n ander plek as Nylstroom tot die regering en Volksraad gerig is. Veral vanaf 1881 het die aandrang vir 'n nuwe dorp en wel op die plaas „Het Bad" baie sterk geword sodat 'n kommissie aangestel is om die hele aangeleentheid te ondersoek en voorstelle aan die hand te doen. Die betrokke kommissie het na deeglike ondersoek tot die oortuiging gekom dat die stigting van 'n nuwe dorp wenslik sou wees.

Tydens die volksraadsitting in 1882 is die versoeke tot die stigting van 'n dorp in die omgewing van die warmbad deur die Volksraad bespreek. Vise-president Kruger het ook aan die debat deelgeneem en op 7 Junie onder andere verwys na „het oude dorp Nylstroom hetwelk niet beantwoord had."

Op 23 Mei 1882, voordat die kwessie van dorpstigting voor die Volksraad gedien het, is 'n kommissie aangewys om 'n besluit te formuleer na aanleiding van die pragtige bedrag van 45,000 guldens (ongeveer R9,000) wat uit Holland deur die tussenkoms van prof. Harting van Utrecht ingesamel is. Duisende en nogmaals duisende Nederlanders, volwassenes sowel as kinders, het uit simpatie met die Transvalers se stryd, geldelike bydraes tot die fonds geskenk.

In die Volksraad het F. G. Joubert as die mondstuk van die kommissie opgetree en gesê dat die kommissie se gedagtes na die verlede gegaan het en veral na die jongste verlede rondom die jare 1880/81. Verder het hy gesê:

> Toen was het dat wy sterke hulp en krachtigen bystand ondervonden van de oude broeders in het verre Noorden, toen bleek het weder hoe zy met onontknoopbare banden aan ons verbonden waren; onontknoopbaar, want het waren banden des bloeds die nimmer kunnen losgemaakt worden . . ." Voorts het hy verwys na die Franse, Duitse en Nederlandse bloed in die Transvalers se are en toe 'n groot waarheid beklemtoon: **„Er komen tyden wanneer dat Nederlandsch bloed boven het andere opwelt en zich het sterkst doet gevoelen.** Hy was er trotsch op dat wy telgen waren van dien Oud-Nederlandschen stam, die zich onzer zoo heeft aangetrokken." Hy het die regering ten slotte gevra om prof. Harting se naam altyd in herinnering te hou „door byvoorbeeld het eerst nieuw aan te leggen dorp in de Republiek naar hem te noemen."

In die bespreking wat op Joubert se verslag en voorstel gevolg het, is hy sterk en geesdriftig gesteun. Die heer Taljaard, Volksraadslid vir Heidelberg, was selfs geneë om hom te beywer dat die naam van die kiesafdeling wat hy verteenwoordig het, na prof. Harting vernoem moes word.

Daarop het die Volksraad op 8 Junie 1882 eenparig besluit „dat het eerstevolgend aan te leggen dorp in de Zuid-Afrikaansche Republiek zal genoemd worden naar de zoo waardige Professor Harting en alzoo gedoopt worden: Hartingsburg."



Die ligging van die eertydse dorp Hartingsburg.

Die proklamasie waarin die stigting van Hartingsburg deur die Vise-president namens die Driemanskap bekend gemaak is, het in die Staatscourant van 14 Desember 1882 verskyn.

„Nademaal de HoogEdelAchtbaren Volksraad in zyne zittingen van 22sten October 1881 by Art. 176 en die van 7 Junij 1.1. by Art. 303 besloten heeft de Regering op te dragen stappen te nemen om een dorp te proclameren op een geschikte plaats in het distrikt Waterberg, en nademaal door de Commissie met dat doel door de Regering benoemd, rapport is uitgebragt recommanderende dat een dorp zal aangelegd worden op de navolgende plaatsen of stukken grond, te weten: gedeelte van Roodepoort No. 2148, de gouvernementsplaats Het Bad No. 1798, Noodshulp No. 329 en gedeelte Turfbult No. 2125.

„En nademaal de HoogEdelAchtbaren Volksraad in zyne zitting van den 8sten Junij 1.1. by Art. 310 heeft besloten dat het eerstvolgend aan te leggen dorp in de Zuid-Afrikaansche Republiek zal genoemd worden naar Professor Harting en alzoo gedoopt zal worden Hartingsburg,

„zoo is het dat ik by dezen proclameer en bekend maak dat vanaf den 1ste Januarij 1883 op de bovengenoemde plaatsen een dorp zal aangelegd worden onder den naam van „Hartingsburg,"

„en dat de bovengemelde plaatsen een dorpsgrondgebied zullen zyn onderworpen aan de administratie, de contrôle en het bestuur van de Regering der Zuid-Afrikaansche Republiek en het bestuur

en van in handen gesteld worden van zodanige ambtenaren als hierna door de Regering der Zuid-Afrikaansche Republiek zullen worden aangesteld.

„God behoede Land en Volk."

Intussen is die landdros en sy personeel vanaf Nystroom na die nuwe dorp oorgeplaas ofskoon dit nog 'n tydlank sou duur voordat finaliteit bereik is oor die presiese plek waar Hartingsburg uitgemeet sou word. Die opmeting deur G. R. von Wielligh, die destydse Landmeter-Generaal en latere bekende Afrikaanse skrywer, is eers in 1886 afgehandel. Terwyl landdros H. J. Kroep en sy klerke die administrasie van die dristrik in gehuurde woonhuise in die omgewing van die warmbad begin voortsit het, en ook vir hulle persoonlik huise saaigrond en later dorpserwe aangeskaf en hulle gereed gemaak het om vir hulle permanente verblyf op Hartingsburg te voorsien, het daar alreeds vanaf 1884 'n nuwe agitasie ontstaan dat die administratiewe setel van die Waterberg-distrik weer na Nylstroom terugverplaas moes word. Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Waterberg het intussen nog gereeld kerkdienste in hulle kerkgebou op Nylstroom gehou.

Die regering en Volksraad het hulle laat lei deur die groot aantal memorialiste wat Nylstroom as landdrossetel bo Hartingsburg verkies het en vanaf die begin van 1887 het die administrasie van die distrik weer 'n keer vanuit Nylstroom geskied.

Vir die doeleindes van hierdie artikel wil ek nie ingaan op die verdere lotgevalle van die dorp Hartingsburg nie. Net nog 'n paar opmerkings. Toe Nylstroom in 1898 ongeveer 50 huise gehad het met 'n paar regeringsgeboue, het Hartingsburg ongeveer 15 huise gehad met geen openbare geboue nie, en slegs twee winkels van McCord & Son en Van der Walt & Co.

Selfs ná die prysgawe van Hartingsburg as regeringsetel het die regering nog steeds belangstelling in die dorp met sy warmbad getoon en blykbaar het die regering nie vergeet nie dat president Burgers destyds baie graag by die bron met sy geneeskragtige eienskappe 'n sanatorium wou inrig maar dat die omstandighede sy prysenswaardige plan verhinder het. Dr. Hahn het in 1889 op versoek van die owerheid 'n grondige ondersoek na die geneeskragtige eienskappe van die water ingestel en tot baie interessante en verassende bevindings gekom. Hy het onder andere aangetoon dat die water van die warmbad 'n noue ooreenkoms vertoon met die water van Eems in Europa en kon dien vir die genesing van siekte in die spysverteringsorgane, die niere, die blaas en die vagina en veral ook vir rumatiek en jig. Omdat die regering besef het dat hy oor 'n kosbare eiendom en inrigting beskik wat kon strek tot 'n weldaad vir 'n lydende mensdom, het Sytze Wierda, die Gouvernements Ingenieur en Architekt, opdrag ontvang om sekere noodsaaklike verbeterings, soos die oordekking van die bron en die oprigting van 'n aantal badhuisies en kamers, aan te bring.

Tydens die Tweede Vryheidsoorlog is die warmbad onherkenbaar verniel en in Desember 1903 lees ons die volgende besluit in die „Minutes of the Meeting of the Executive Council, Transvaal":

Resolution 1051, 14/12/1903. On the motion of the Commissioner of Lands (L.D. 3032/7). Resolved, that that portion of the farm "Het Bad" No. 1798, situated in the district of Waterberg (being unproclaimed Town Lands) and surveyed by Mr. F. S. Watermeyer into 100 one morgen lots and 90 half morgen lots, as shown on the general plan filed in the Surveyor-General's Office, Pretoria, be proclaimed a Town site, to be known as Warmbaths and to be dealt with under Ordinance No. 57 of 1903 (The Crown Lands Disposal Ordinance).

Ongeveer dieselfde tyd is ook die poskantoor van Hartingsburg na Warmbaths verander.

Wat egter opmerklik is, is dat daar in 1906 nog sprake was van die aankoop deur die owerheid van 49 erwe in die „Township of Hartingsburg." Of die dorp in die loop van die jare gedeproklameer is, kon nie vasgestel word nie.

Vandag is die dorp Hartingsburg net 'n herinnering, een van die vergane dorpe van Transvaal, soos Schoemansdal 'n ander treffende voorbeeld is. Die enigste herinnering wat daar in die omgewing van die dorp Warmbad nog aan die ou dorpsnaam voortlewe, is die Hartingsburg-wyk van die Nederduits Gereformeerde Gemeente Warmbad.

Waar daar so dikwels verwarring intree tussen Warmbad in Transvaal en Warmbad in Suidwes-Afrika en die naam Hartingsburg so 'n pragtige en spontane gebaar was teenoor die groot weldoener in die stamverwante Nederland in 'n krisistyd van die Hollands-Afrikaanse nasie in Suid-Afrika, kom die vraag onwillekeurig na vore of dit nie deur alle instansies wat daarby betrokke is, oorweeg behoort te word nie om die naam Warmbad te verander na Hartingsburg soos dit vanaf 1882 vasgestel was. Dit sou 'n klinkende daad van piëteit en erkentlikheid wees teenoor die nagedagtenis van 'n groot man uit die stamverwante Nederland.

H. M. REX.
Argivaris, Nederduitsch Hervormde Kerkargief, Pretoria.
17 Augustus 1967.

Ds. S. E. Young.
Die foto is in 1943, in sy finale studiejaar, geneem.

ENKELE GREPE UIT DIE 21-JARIGE DIENSTYD VAN DS. S. E. YOUNG IN DIE NED. HERVORMDE GEMEENTE ZEERUST

Waar ds. Young vanjaar alreeds 'n geseënde dienstyd van een-en-twintig jaar in die Zeerust-gemeente agter die rug het, wil ek graag van die geleentheid gebruik maak om sy jarelange konsensieuse en getroue bearbeiding van die gemeente en sy diens aan die plaaslike gemeenskap in herinnering te roep. Op die oomblik is ds. Young een van die vyf predikante van ons Kerk wat op 'n geseënde dienstydperk van 21 en meer jaar in dieselfde gemeente kan terugkyk. Die ander is di. J. G. M. Dreyer, 30 jaar in Potchefstroom; G. C. Coetzee, 24 jaar in Potgietersrust; A. Brandt, 23 jaar in Kaapstad en dr. P. W. Venter, 22 jaar in Klerksdorp.

Nadat die gemeente vakant geraak het met die vertrek van ds. Viljoen, is die volgende predikante en proponente vanaf Oktober 1944 tot Augustus 1946 sonder sukses beroep: P. W. A. Bierman, P. S. Dreyer, F. J. van Zyl, D. F. Erasmus, W. J. Kemp, S. P. J. J. van Rensburg, A. J. Nolte en P. J. Booysen. In dieselfde tyd, toe die gemeente hom voorberei het op die viering van sy 75-jarige bestaan, in November 1946 onder leiding van die konsulent, ds. H. J. Geyser, van Lichtenburg, is ds. S. E. Young van die gemeente Van der

Hoff, wat op daardie tydstip ook na elders onder beroep gestaan het, beroep, en tot vreugde van die gemeente, het hy die beroep na sy geliefde Wes-Transvaal aangeneem.

Ds. Young, wat toe nog ongetroud was, is Saterdagmôre, 11 Januarie 1947 by die brug op die pad na Groot Marico ontmoet en vandaar na die Kerkgebou begelei waar 'n adres namens die Kerkraad en gemeente voor die Kerkdeur voorgelees en deur ouderling Snyman aan hom oorhandig is. Daarna het 'n ontvangs in die Stadsaal gevolg en het die bevestiging dieselfde middag deur die konsulent, ds. H. J. Geyser van Lichtenburg, plaasgevind.

Die oprigting van 'n nuwe Kerkgebou, wat alreeds jare vantevore in die vooruitsig gestel was, het binne enkele jare na ds. Young se indienstreding werklikheid geword. Op aanbeveling van die Kerkraad, het die gemeentevergadering op 12 April 1947 besluit om fondse in te samel vir die oprigting van 'n nuwe Kerkgebou, nadat die ou historiese Kerkgebou vir meer as 75 jaar in gebruik was. Op 30 September 1950 het die Kerkraad besluit om vir mnr. Hendrik Vermooten, 'n broerskind van ds. Simon Vermooten en 'n eertydse leerling en vennoot van argitek Geers, wat die Kerktoring ontwerp het, te vra om 'n nuwe Kerkgebou te ontwerp. 'n Jaar later is die kontrak met die Ned. Herv. Weeshuisbouers geteken en enkele maande later, op 10 Mei 1952, is die hoeksteen gelê. Die redevoering by geleentheid van die hoeksteenlegging is gehou deur prof. dr. H. P. Wolmarans, een van die vroeëre predikante van die gemeente. Die plegtige optog wat vanaf die ou Kerkgebou na die terrein van die nuwe Kerkgebou beweeg het, is deur dr. W. Wilkens verwelkom waarna ds. Young die hoeksteenlegging waargeneem het met die silwer troffel wat die argitek aan hom geskenk het. Daarna het verskillende predikante en hoogwaardigheidsbekleërs hulle gelukwensinge oorgebring. Vir die gemeente was dit 'n belangrike mylpaal in sy geskiedenis toe die sierlike nuwe Kerkgebou op 8 November 1952 ingewy kon word. Dit was die verwesenliking van 'n jarelange ideaal. Opmerklik is dat veral na die koms van ds. Young daar pragtige vordering met die voorbereidende werksaamhede gemaak is. Die Kerkraad en gemeente het vanuit die staanspoor hulle heelhartige samewerking verleen en so het dit voortgegaan totdat die Kerkgebou, onder voormanskap van mnr. Douglas Foster, opgerig was, en ook daarna, toe die bouskuld afbetaal moes word. Dit was 'n besondere prestasie, toe die bedrag van meer as R53,000 wat benodig was vir die oprigting van die Kerkgebou en die aankoop van die orrel, kerkmeubels en ander noodsaaklike toebehore, alreeds voor die Nagmaalsviering in Mei 1958 afbetaal was.

Die heuglike gebeurtenis is op 'n feestelike wyse op die Kerkplein gevier, en by daardie geleentheid was di. Vermooten, P. J. J. Venter, C. S. van H. Steenekamp, S. P. Viljoen en prof. Wolmarans, die vroeëre predikante van die gemeente, teenwoordig en ook behulpsaam met die verskillende eredienste wat gehou is. Ook enkele gemeenteseuns, wat predikante in die Kerk is, nl. di. B. J. van Staden, S. J. Prins en J. J. Engelbrecht, asook verskillende predikante van die Ring, was teenwoordig en het aan die verrigtinge deelgeneem.

Die susters van die gemeente onder die besielende leiding van mev. Young en die bestuur van die N.H.S.V., het nie alleen 'n groot bedrag geld ingesamel waarmee die nuwe orrel aangekoop is nie, maar ook 'n paar duisend Rand in die boufonds gestort.

Die inwyding van die nuwe Kerkgebou was 'n belangrike mylpaal in die geskiedenis van die gemeente, en ds. Young, sy Kerkraad en die Boukommissie het nie alleen groot en volgehoue ywer aan die dag gelê nie, maar ook besielende leiding aan die gemeentelede gegee wat mettertyd tot 'n pragtige hoogtepunt in die veelbewoë geskiedenis van die gemeente gelei het.

Die gemeente was in die verlede dikwels wakker om geleenthede te benut en tydens die dienstyd van ds. Young tot op datum, is ook algaande voortgebou op daardie tradisie. In die vroeë vyftigerjare het die gemeente spreekkamers vir die tandarts, prokureurskantore en 'n bankgebou vir Volkskasbank op 'n gedeelte van die Kerkplein opgerig.

Die Marico Koshuis wat een van die mooi prestasies van die gemeente op die gebied van die onderwys en opvoeding was en waar honderde kinders vanaf die tyd van ds. Venter tuisgegaan het en vir bykans 40 jaar aan die Transvaalse Onderwysdepartement verhuur is, is teen die einde van 1966 gesluit.

Ds. Young, wat alreeds op universiteit 'n sterk en standvastige karakter en besondere leiershoedanighede aan die dag gelê het en, onder andere, as Voorsitter van die Studenteraad gedien het, het tydens sy predikantskap aan homself getrou gebly en deur woord en daad 'n belangrike en leidende rol in die gemeentelike en maatskaplike lewe van Zeerust gespeel. Deur sy jarelange verblyf op Zeerust, het hy net soos die meeste van sy voorgangers, diep spore getrap en was en is hy nog steeds, soos al sy voorgangers, 'n waardige verkondiger van die Blye Boodskap. Ook op die gebied van die opvoeding en onderwys, is 'n groot bydrae deur hom gelewer wat egter eers mettertyd na waarde geskat sal word. Deur al die jare het sy eggenote, mev. M. M. Young, gebore Pietersen, met wie hy op 20 Desember 1947 in die huwelik getree het, hom getrou bygestaan en hom in sy daaglikse pligsvervulling blymoedig gesteun.

H. M. REX,
Argivaris, Ned. Hervormde Kerkargief.

MARTHA MAGDALENA JOHANNA NEL (GEB. GREYVENSTEIN)
13-12-1886 — 13-6-1966

Die Vader: Henning Petrus Cornelius Greyvenstein, die tweede van vier seuns en twee dogters, (die Buitendag-naam en die Greyvenstein-van), gebore 30-9-1862 in die distrik Molteno op die plaas Morgenson. Op ongeveer 12-jarige leeftyd was hy sy pa se agterryer in die kafferoorloë. Later verhuis hulle na Barkley-Oos. Daar is hy getroud met:

Die Moeder: Johanna Jacoba Hendrika Greyvenstein, die jongste van vier susters en twee broers. Die jonger broer nl. Hendrik is die vader van die voormalige prof. J. H. J. A. Greyvenstein van die Universiteit van Pretoria.

Die Kinders: Martha Magdalena Johanna (op foto), is die tweede dogter van vier susters. Sy is op 13 Desember 1886 in Moltenodistrik gebore; op Ida het sy groot geword, daar is sy aangeneem en op 24 Maart 1904 is sy getroud met Marthinus Jacobus Nel (op foto) uit Barkly-Oos. Uit hierdie huwelik is daar ses kinders gebore, waarvan drie seuns en een dogter nog in lewe is. Die oudste en die middelste dogter is op een dag aan skarlakenkoors en pokke in 1920 oorlede. 'n Hele paar kleinkinders en agter-kleinkinders plant die geslag voort. Na die huwelik het hulle hul in Barkly-Oos gaan vestig. In 1931 trek hulle na Oos-Londen.

Die Nel-familie het saam met baie andere oorgegaan na die Hervormde Kerk en in 1937 'n gemeente gestig in Oos-Londen. Onder leiding van die eerste predikant van die gemeente ds. A. J. Barger is die vroue vereniging „Dorkas" gestig. Tant Martie het 'n leidende rol onder die susters gespeel by die insameling van fondse, aanvanklik

M. M. J. Nel en eggenoot.

deur tee-aande. Talle stukkies handewerk, soos hekelwerk, rokkies, ens. het deur haar twee hande gegaan vir haar kerk. Na die afsterwe van ds. Barger het ds. P. J. L. Bierman in 1940 'n beroep na Oos-Londen aangeneem en onder leiding van mev.Bierman is die N.H.S.V. gestig met takke in die verskillende wyke. Tant Martie is as leidster van die Cambridgetak gekies. Later toe die gemeente weer vakant raak, is sy as die voorsitster van die hoofbestuur van die N.H.S.V. in Oos-Londen gekies.

Vanweë haar gesondheid wat agteruit gegaan het, vertrek die gesin in 1946 na Burgersdorp. Daar het die toestand egter vererger en word hulle in Oktober 1947 na Indwe verplaas. Hier word haar man, na sy 9 jaar diens op die kerkraad van Oos-Londen, weer op die kerkraad verkies en hier dien hy 'n verdere 6 jaar op die kerkraad. Hier het haar gesondheidstoestand egter nog verder agteruit gegaan en in 1954 verhuis die gesin na Queenstown. Vanaf 1955 sou Tant Martie ook nie meer uit die bed opstaan nie. In die tyd het hulle ingewoon by die middelste seun Henning Petrus Cornelius Greyvenstein Nel. Maar die bed het haar hande nooit lam gelê nie. Van vroeg tot laat was sy maar altyd besig om die een of ander lappie vir die kerkbasaar te maak. Sy het 'n baie groot liefde vir die Hervormde Kerk gehad en daar sou sy getrou bly tot die dood toe. Onder al die lyding van meer as 10 jaar bedlêende, het sy die geloof behou. Onder die pragtige wit hoof het daar altyd 'n vriendelike gelaat gestraal.

Andries Alberts.

KERKLIKE GESAG.

Die hedendaagse mens koester soms eienaardige gedagtes oor vryheid. Dit wil voorkom asof vryheid en ongebondenheid met mekaar verwar word. Daar is ook 'n neiging te bespeur waarvolgens daar in verset getree word teen enige vorm van gesag. So is in die onlangse verlede lidmate aangetref wat in verset gekom het teen die kerklike instansies wat belas is met die opsig en toesig in die kerk. Dit is ook verontrustend wanneer selfs ampsdraers in verset kom en beslissings van meerdere vergaderings verontagsaam.

Dit het 'n handige strydkreet geword om telkens na die Roomse leer te verwys, asof die kerk skielik op die pad na Rome beland het wanneer die eintlike vanselfsprekende gehoorsaamheid in die kerk verwag word. Die kerke wil geen outokratiese gesag handhaaf nie, en het ook nooit te kenne gegee dat die kerk in sy optrede in organisatoriese verband bo kritiek verhewe is nie. Juis daarom is kanale geskep waarlangs daar voortdurend uiting gegee kan word aan verskille in opvattings onder sy lede. Op sinvolle wyse kan derhalwe voortdurende vernuwing plaasvind wat die kerk ook ten goede kom omdat op die wyse die kerk gevrywaar word van verstarring.

Diegene wat verskil van die kerk oor sekere uitsprake kan egter nie vanweë hul meningsverskil alle gehoorsaamheid oorboord gooi asof hulle gevrywaar is van die betrokke kerklike uitsprake nie. Dit is steeds taak en opdrag om in gehoorsaamheid uitvoerings te gee aan opdragte van die kerk.

Vir die gewone leser van die Almanak wil ek derhalwe poog om duidelik te maak waarom daar in die kerk sprake kan wees van kerklike gesag. Daar is talle vrae wat rondom hierdie probleem gestel kan word wat ons egter agterweë laat om ons te bepaal by 'n paar belangrike faktore.

In Efes. 1:22 lees ons: „En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee . . ." Hier word na Jesus Christus verwys as die hoof van die gemeente van die kerk. Ook in ander tekste vind ons dieselfde gedagtegang bv. in Efes. 4:15 of Kol. 1:18. Wanneer na Christus as die hoof verwys word beteken dit dat Hy die Gesaghebbende is. Die gemeente, die liggaam is ondergeskik aan die Hoof en derhalwe sal Sy Wil alleen kan geld. Daar kan net terloops op gewys word dat wanneer ons praat van die liggaam van Christus en daarmee die kerk bedoel word, dan moet ons nie net 'n spiritualistiese vertolking daaraan wil gee nie. Dit gaan hier trouens ook om die kerk in sy historiese en sigbare bestaanswyse.

Daarom kan ons ook beweer dat die dinge wat gestel word in die Skrif van toepassing is op die kerk van vandag. In die Heidelbergse Kategismus (Sondag 12) word ook na die werksaamhede van Christus verwys as die van die Profeet, Hoëpriester en enige Koning.

Ons kan daarop wys dat Hy vanweë die Koningskap heerskappy voer. Hierdie Koningskap word nie beklee aan die einde van die tyd nie, maar Hy is ewig Koning daarom ook nou, in die hede. Calvyn noem Hom ook die Koning en Wetgewer van die kerk. Voorts sê Hy dan ook dat ons Hom eenparig moet gehoorsaam en dat ons met die grootste vurigheid ons gehoorsaamheid moet rig na Sy wil. Ons wil dit beklemtoon dat die kerk alleen aan die wil van Christus gehoorsaamheid verskuldig is. Dit is die enigste wil wat geld in die kerk en die kerk sou ophou om kerk te wees, wanneer die kerk sou weier om aan hierdie Hoof van die kerk gehoorsaam te wees. Die werksaamhede van die kerk sal noodsaaklikerwys bepaal moet word deur die wil van Christus.

Die kerk is die liggaam van Christus. Hierdie liggaam bestaan vanselfsprekend uit baie lede. Tog is dit goed dat die lede sal weet

dat hulle nie onafhanklik van mekaar is nie. Die nagmaalformulier sê dan ook dat die lede aan mekaar gebind word deur die Heilige Gees om saam een liggaam te wees. Hierdie liggaam is ondergeskik aan die Hoof en wie sonder en los van die Hoof wil lewe soek sy eie dood. Nou is dit ook waar dat ons nie aan die Hoof verbonde kan wees sonder om Hom te gehoorsaam nie. Die Sakrament van die Doop is vir ons 'n teken en seël dat ons aan Jesus Christus behoort. In die Doopsformulier word dit egter onmiddellik gestel dat ons 'n nuwe gehoorsaamheid aan Hom verskuldig is.

Christus regeer Sy kerk deur Sy Woord en Gees. Vir ons as gelowiges beteken dit onder andere dat ons uit die Heilige Skrif die Wil van Christus leer ken. Ons kan dit ook so stel dat die enigste norm in die kerk is die Heilige Skrif. Alles wat in en deur die kerk geskied moet derhalwe voortdurend gemeet word aan, en indien nodig hervorm word na die maat van die Heilige Skrif.

Christus regeer die kerk deur die diens van die gemeente. Sy regering word verwerklik deur die ampsdraers. Hulle, as diegene wat wettiglik deur God en Sy gemeente verkies is, het die taak om die reg te vorm, maar ook om dit toe te pas en te handhaaf in die kerk. Dit is belangrik om daarop te let dat hulle dit altyd vir die kerk doen. Die regerende taak in die kerk is derhalwe altyd dienend van aard en beoog alleen die goeie loop van die verkondiging en die heil van die lidmate.

Die ampsdraers kan alleenlik regeer volgens die mandaat wat hulle ontvang het. Dit bring mee dat hulle genoodsaak is om volgens die Wil van die Koning van die kerk te regeer, soos dit tot openbaring kom in Sy woord. Dit skakel alle eie willigheid uit.

'n Ander aspek wat ook belangrik is, is die feit dat dit in die kerk nooit gaan om mense wat regeer nie. Die mens is in die hele opset eintlik van mindere belang. Hierdie mense is alleenlik instrumente in Sy hand, omdat hulle die orgaan is waardeur Hy sy wil tuisbring by die mens en waardeur Hy ook Sy wil handhaaf. Daar dien dus op gelet te word dat die gesag in die kerk nie aan bepaalde persone wat die gesag uitoefen, verbind kan word nie. Dit is onreformatories om te beweer dat 'n persoon die kerk regeer. Die gesag wat uitgeoefen word moet verbind word aan die diens waarin hulle gestel is, en daarom aan die Woord wat deur hulle bedien word.

Paulus beklee 'n unieke posisie vanweë sy apostelskap. Dit is te begrype dat hy met gesag kan spreek. Tog moet ons daarop let dat hy uitdruklik ook daarop wys dat diegene wat in die gemeente arbei erkenning in die gemeente moet geniet. (Vgl. bv. II Thes. 5:12). Hierdie mense is in hul onderskeie posisie aan die gemeente gegee deur God (Vgl. Rom. 12:6-8) of Christus (Ef. 4:11) derhalwe moet die manne wat goed regeer dubbele eer waardig geag word.

Die regeringstelsel wat in ons kerk gevolg word, is bekend as die presbiteriaal-sinodale stelsel. Dit beteken dat aan die ouderlinge die regerende tak in die kerk opgedra is. In elke gemeente het die kerkraad die regerende taak en is dit aan die kerkraad opgedra om toe te sien dat alles dan ordelik sal toegaan en sal verloop volgens die voorskrifte van die Heilige Skrif. Die kerk bedien hom ook van meerdere vergaderings ten einde die dienswerk aan hom opgedra op die beste wyse te verrig. Die Algemene Kerkvergadering is dan die vergadering wat die beleid bepaal in die kerk. (Dit is 'n ope vraag of die diakens lid mag wees van die vergaderings). Om die samehang beter te begryp kan dit so verduidelik word dat in elke gemeente moet daar ouderlinge wees om die regerende taak uit te voer. Die ouderlinge beklee 'n gesagsposisie vanweë hul amp. Nou kan een ouderling egter nie selfstandig optree nie, maar is hy lid van die kerkraad, en sal hy in sy werk in die wyk waarin hy dien wel deeglik rekening moet hou met die besluite van die kerkraad.

Dieselfde geld vir die verskillende gemeentes. Almal is deel van die een liggaam. Dit is derhalwe noodsaaklik dat hulle ook langs die weg van meerdere vergaderings met mekaar kontak sal hê. Die Algemene Kerkvergadering is dus die orgaan wat geskep is sodat eenparigheid in die kerkregering bewerkstellig kan word. Elke gemeente het verteenwoordiging op hierdie vergaderings, bygevolg moet elke gemeente ook rekening hou met die besluite van die Algemene Kerkvergadering en is die gemeentes verantwoordelik vir die uitvoering van die besluite (Vgl. bv. Hand. 15).

Gehoorsaamheid word vereis ten opsigte van die besluite van hierdie vergadering want na die beste van die kerk se wete en onder die diepe geloofsoortuiging van die leiding van die Gees van God vind die manifestasie van Sy wil plaas in die wetgewing en besluite van die vergadering. Dit is hier dat op gesaghebbende wyse gevra word na en besin word oor die wil van God soos die kerk dit verstaan vir die hede rondom die probleme van die hede.

Dr. D. J. Booysen, Primrose-Oos.

KOMMANDANT D. R. J. VAN VUUREN

Oral in ons land en in ons kerk is daar mense wat as „merkwaardig" bestempel kan word — merkwaardig vanweë een of meer besondere eienskappe, belewenisse of uitstaande dade. Een van hierdie sonderlinge figure is Kommandant Daniel Rudolph Jansen van Vuuren, gebore op die 5de Junie 1880, naby die teenswoordige Ottosdal, waar hy vandag op gevorderde leeftyd nog leef en werk.

Hy word as merkwaardig bestempel omdat hy op die ouderdom van 87 jaar nog 'n lewende belangstelling het in die sake van volk en kerk; oor 'n besonder geheue beskik en selfs nog besig is om met absolute presiesheid sy herinneringe sedert sy kinderdae te boekstaaf. So kan hy met vermelding van dag en datum vertel van die oorlog teen Massau, 'n Korannakaptein uit die omgewing van die huidige Schweizer-Reneke. In hierdie slag het Veldkornet Reynecke gesneuwel en is in gedagtenis geëer met die stigting van Schweizer-Reyneke, toe die dorp na hom vernoem is. Met dieselfde presiesheid en noukeurigheid verhaal hy van die Jameson-inval en die vir hom onvergeetlike optrede van die Landros van Krugersdorp, Gert Maartens, toe hy na die oorgawe van Jameson die burgers by Malmane toegespreek het met die woorde: „Burgers, die Here het ons weer gehelp, kom ons sing Psalm 146:1."

Merkwaardig helder is sy geheue as hy in herinnering roep sy deelname aan die Anglo-Boere-oorlog waaraan hy teen die wil van die offisiere deelgeneem het omdat hy na hulle mening te jonk was. Interessant is sy vertelling rondom die slag wat by Palmietkuil, naby Sannieshof, plaasgevind het en waar die Engelse aanvoerder Methuen gewond is. Terwyl die burgers na die gewonde veldheer gestaan en kyk het, het hy hom bitterlik vererg en versoek om met Generaal de la Rey te praat. Toe die Generaal hom vra waarom dit gaan het hy dringend versoek dat die klomp nuuskierige boere verwyder moet word. Hierop was die Generaal se antwoord: „As jy hulle nie wil sien nie, trek dan maar jou hoed (helmhoed) oor jou oë."

Oor die Rebellie, waartydens hy bevorder is tot die rang van Kommandant, kan hierdie ou krygsman en vaderlander nie uitgepraat raak nie. Die aanleidende oorsake vir hierdie gewapende protes waartoe die dood van Generaal de la Rey en die afkondiging van krygswet



Kommandant D. R. J. van Vuuren.

deur Generaal Smuts veel bygedra het, kan in die fynste besonderhede deur hom gerekonstrueer word; in die besonder ook die rol wat Siener van Rensburg in hierdie ekspedisie gespeel het. O.a. vertel hy dat veral Generaal Kemp aanvanklik baie skepties gestaan het teenoor die visioene van die Siener, maar namate die opmars gevorder het en die Siener keer op keer die regte pad aangedui het, het selfs Generaal Kemp hom laat lei deur hierdie merkwaardige mens. As dit nie was vir die Siener nie, sou die rebelle-magte hoegenaamd nie ver gevorder het nie, so sê Kommandant van Vuuren.

Terwille van sy land en sy volk is hy gewond, in die tronk gestop, gesmaad en verag. Maar met trots en dankbaarheid maak hy melding van die weinig wat hy gedoen het, sodat sy nageslag hier kan leef en bly.

As een van diegene wat in die Nederduits Gereformeerde Kerk lidmaat geword het (te Wolmaransstad) maar kort na sy geloofsbelydenis by die Ned. Hervormde Kerk aangesluit het, het hy ook met toewyding in die kerk wat hy lief het, gedien. Vir altesaam 29 jaar het hy in die kerk gedien as diaken en ouderling en nou dat die ouderdom hom ingehaal het dien baie van sy kinders en klein-

kinders in versikllende gemeentes van die kerk in dieselfde hoedanigheid waarin hy gedien het.

Kommandant van Vuuren leef vandag met sy tweede vrou Hester Uys, geb. Otto, nadat sy eerste vrou Adriana Wilhelmina, geb. Kriel, hom op 19 April 1948 ontval het. Uit sy eerste huwelik is daar 7 kinders gebore (5 seuns en 2 dogters).

Waar sy gesondheid goed gehou het tot op sy 86ste lewensjaar het daar die laaste tyd 'n radikale verandering ingetree. Die ouderdom het hom ingehaal, die rateltaaie gestel het geknak, die beloofde lewensspan het hy verby gegaan. Die hart klop nog warm vir kerk en volk, die gees is nog vol durf en moed, sy geloof onderskraag hom in moeilike dae, maar sy tevredenheid om heen te gaan gee betekenis aan 'n lewe van diens aan God, sy kerk, sy volk.

Krag en sterkte word hom toe gebid.

C. J. S. van Niekerk.

AFTREE VAN OUDERLING C. P. WILLEMSE OP 14/8/1965

Ouderling C.P. Willemse het as kerkraadslid gedien vanaf die stigtingsjare van die gemeente (1917) tot 14 Augustus 1965, 'n tydperk van onafgebroke diens van 49 jaar. Hy moes die tuig neerlê weens swak oë.

Aangesien die gemeente Eendracht gedurende November 1967 sy halfeeufees vier, hoop ons dat die Allerhoogste ook die afgetrede oudl. C. P. Willemse en gade sal spaar om die fees by te woon.

Ons wil dit voorop stel dat ons in die eerste plek die eer en dank toebring aan ons Hemelse Vader wat deur die eeue heeen en goddank ook vandag nog van swakke nietige mense gebruik maak in Sy diens. Paulus skryf aan Thesalonicense: „Julle onthou tog broeders ons arbeid en inspanning".

So 'n vlugtige kykie in die geskiedenis van die egpaar: Bogenoemde broeder is net voor en sy gade net na die Eerste Vryheidsoorlog gebore. Tydens die tweede Vryheidsoorlog was sy 'n meisie in die bloeitydperk van haar lewe en hy was 'n jongman onder die wapen. Daarna is die twee in die eg verbind.

Wanneer iemand 49 jaar gedien het as kerkraadslid, wil ons darem op 'n paslike wyse dankie sê. Soos in die Voortrekkertydperk die vrouens gesê het: „Liewer kaalvoet oor die Drakensberge as om om te draai", so was suster Willemse aan sy sy, dié stukrag, die inspirasie, die stille werker. Hulle het saam gestaan, gebid, gewerk en gedien deur dik en dun. Die egpaar is nou 62 jaar getroud.

Ons volksverlede is ook tot 'n mate ons Kerk se verlede. Die gemeente Eendracht wil as 'n dankbare kerk en gemeente aan hulle dankie sê en hulde bring terwyl hul nog in ons midde is.

En terwyl die son op die horison daal en die aandskaduwee nader sluip, wil 'n dankbare gemeente saam met u en u dierbares aan ons Hemelse Vader die dank toebring: „Dank Vader, dank vir die genade, dis onverdiende guns alleen". Ons wil saam met u sing: „Ek weet aan wie ek my toevertrou het, al wissel dan ook dag en nag."

Hiermee ons seënwense, ons heilbede op u oudag vir gemoedsrus en sielevrede, die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan.

Ouderling J. P. J. Smith

SKRIBA.

RHODESIË

Rhodesië, redelik obskuur in wêreldsake, het in die afgelope twee jaar skielik te vore getree in die belangstelling van die politici, koerante en toeriste. Selfs die burgers in ons buurstaat, Suid-Afrika, toon nuwe en lewendige belangstelling in die politiek, die gebeure en tot 'n groot mate in Rhodesië as vakansieland. Dit is 'n land met sterk kontraste, die kaal veld van suidelike Matabeleland, die bosse van die grootliks onbeskaafde noord-weste, die bergeprag van Manicaland in die Ooste, die rykdom van die Laeveld, en die vrugbare aarde van Masjonaland.

Die afgelope vyf jaar het daar in Rhodesië, op alle gebiede, 'n geweldige verandering ingetree. Op politieke gebied het daar met die verkiesing van die huidige regering, 'n stadige wending ontstaan in die kleurbeleid, en in die landsbeleid in die algemeen. Die veelrassige en sogenaamde „partnership"-beleid van die Huggins — Welensky — Whitehead era, is gestuur in 'n nuwe rigting. Mens kan begryp dat die toenmalige beleid eers gestuit moes word, eerdat in 'n nuwe rigting ingeslaan kon word, en dit is 'n tydsame proses.

Met die onafhanklikheidsverklaring van ons land, het die regering die voet dwars gesit, en met daardie daad, waarin ons eerste minister, mnr. Smith, hierdie land en sy volk opgedra het aan die Almagtige, is daar aan die wêreld deur hierdie klein volkie, vreesloos gesê: „Tot hiertoe en nie verder nie."

Dat daar, deur hierdie daad, vir ons land en volk nadelige gevolge sou wees, het ons besef. Dit was immers nie 'n daad van onverantwoordelikheid nie, maar is voorafgaan deur maande van worsteling, twyfel, beraadslaging en beplanning. Deur hierdie daad is nog 'n volk van Afrika, wat andersins soos 'n logge kolos met onbeheersde spoed die afgrond sou genader het, tydelik altans, gered. Net die geskiedenis sal leer wat die lot van hierdie klein landjie sal wees.

Met hierdie daad is daar ook geskep. Waar Rhodesië voorheen bewoon is deur 'n losse konglomerasie van volksgroepe, was 11 November, 1965 die geboortedatum van die Rhodesiese nasie. Daar het ontstaan 'n ongekende trots op die eie, daar was nou 'n gemeenskaplike vyand in „Moeder Brittanje", daar is 'n gevoel van eenheid, 'n gevoel van nasiewording. Hiervoor kan ons mnr. Harold Wilson nie genoeg dank nie.

Ten opsigte van industrieë het daar 'n groei ontstaan wat in moderne tye, in verhouding gereken, slegs deur die bloei van 1961 in Suid-Afrika, oortref word. Nuwe fabrieke en industrieë het verrys soos miershope in die Hoëveld.

Dat die toestand in die huidige Rhodesië soos 'n reënboog na 'n hewige storm is, is sekerlik nie waar nie. Daar bestaan nog oneindig vele probleme. Die lewenskoste-indeks het geweldig gestyg, die vernaamste landbouproduk, tabak, met die ganse tabakbedryf en -nywerheid, het beslis 'n geweldige knou weg. Talle boere is uiters nadelig getref, maar dit het ook die bedekte seën, dat vele boere, feitlik almal, hul boerdery nou moet wissel tussen vele produkte. Onder andere het beesboerdery 'n groot stoot vorentoe gekry. Waar voorheen net akkers en akkers tabakbome gestaan het, vind mens nou bone, mielies, aartappels, koring, grondbone, akkers katoen, sonnebloem, ens.

Van die kant van die Afrikaners is daar tans 'n hegte eenheid. Ons voel dat ons 'n groot rol te spel het in die toekoms van hierdie land en nasie, dat ons 'n groot bydrae te maak het in die vestiging en groei van ons land en nasie. Dat die beginsels, waardes, erfgoedere en geloof wat ons voorvaders drie eeue laat voorbestaan het, ook deel moet wees van hierdie nasie. Hiertoe moet ons verenigd wees, en

hiertoe het ons 'n mondstuk nodig om ons eie mense, versprei oor die lengte en breedte van die land, te bereik. So is gestig die grootste organisasie wat die Afrikaners nog hier gehad het, naamlik die Genootskap van Rhodesiese Afrikaners, met twee kantore in Salisbury, en 'n direkteur as voltydse amptenaar, 'n gegradueerde van die Universiteit van Pretoria, baie jare lank al hier woonagtig, bekend met die omstandighede en probleme. Hiertoe bestaan die mondstuk, die enigste Afrikaanse koerant, naamlik „Die Rhodesiër", klein maar belangrik. Hiertoe werk alle Afrikaanse instansies en kerke, verenigd, tot die legging van die fondament van die Rhodesiese nasie, die Bybelsreformatoriese verkondiging van die Evangelie, en die beginsels en lewenswyse wat nou daarmee saamhang. Hierin het ons Kerk sy plek meer as volgestaan.

Dit is ook so dat die lot van die volk in baie opsigte ook die lot van die kerk is. Wat van ons kerk in Rhodesië? Die lidmate van ons Kerk, as u die statistieke sou nagaan, is nie veel nie. Die gemeentes is baie klein. Daar is een gemeente wat bykans 200 lidmate tel, twee wat ongeveer 100 lidmate tel, drie wat ongeveer 50 lidmate tel, die ander minder, een wat slegs 13 tel. Dit het tot gevolg dat die land tans verdeel is in drie kombinasies, met gemeentes wat honderde myle van mekaar lê. Dit bring mee dat die meeste gemeentes slegs een diens per maand het, en terwyl 'n kombinasie vakant is, soos al te dikwels die geval is, die mense glad nie die Evangelie hoor nie.

Die omstandighede bring mee dat lidmate alhier die voorreg het om, soos dat in die Christelike geloof hoort, waarlik offers en opofferinge te maak in hul kerkgang, en in hul kerklike lewe. Die klein getal lidmate, versprei oor geweldige afstande, maak die verantwoordelikheid van elke lidmaat groter, die eise aan alkeen soveel hoër. Maar gelukkig word dit nie so gesien nie, want mens se ganse lewe is uit dankbaarheid immers in diens van Christus.

Die skerp daling in tabakpryse het in ons boeregemeenskappe groot finansiële verliese tot gevolg. Die hoë lewenskoste knaag aan almal se sak, maar ten spyte van alles, is daar lewe en wil in ons gemeentes. Daar word gepraat van Kerke bou, daar word gewerskaf en gearbei.

Maar die stryd van die kerk hier is groot, menslik gesproke bykans onmoontlik. Kerkloosheid en -losheid, sport en bioskoop op Sondae is deel van die daaglikse lewe. Die gedagte, selfs onder sommige Afrikaanssprekendes, dat godsdiens net goed is vir die eenvoudiges, dat die Bybel in baie opsigte ongeloofbaar is, ens., ens., is aan die orde van die dag. Dit is seker te wagte, want dit is by uitstek die Anglo-saksiese lewenswyse wat hier gehandhaaf word. Dit maak dat die verleiding vir ons kinders wat hier gebore word en groot word, soveel groter is. Hulle voel uit pas met die oorgrote merderheid van die bevolking, hulle voel uit pas in die skole asook in die algemene maatskaplike lewe, en dit is nie altyd vir die ouers maklik om te verduidelik nie. Dit is dan ook so dat van ons Afrikaners verengels het, nie alleen wat hul taal aanbetref nie, maar ook t.o.v. hul lewenswyse, veral in die stede. Daarenbowe is die siening van al die Engelse kerke, asook die pers, geheel van liberale inslag. „Fundamental human rights, one man, one vote", ens., het al so gewoon geword soos die botter op ons brood.

Hierin het ons kerk die noodsaaklikheid gesien om ons Engelse landgenote te bereik, ook die kinders van Afrikaners wat verengels. Ons het die noodsaak aangevoel om suiwer Evangelie aan hulle te verkondig. Hiertoe het ons tot dusver gebruik gemaak van preekbeurte oor die radio, besprekinge en praatjies op beeldradio, eredienste in Engels met die viering van Onafhanklikheidsdag. Maar ons poog nou ook om 'n stappie verder te vorder, om gereeld dienste in Engels te hou. Ook het ons Kerk, nou met die formulering van

ons land se nuwe grondwet, sy profetiese roeping nagekom, toe ons getuienis aan die Grondwetlike Kommissie voorgelê het, skriftelik, sowel as mondelings. Mag dit so wees dat die Here God ons Kerk as instrument so goed sal gebruik.

Mag ons u verseker van ons opregte dankbaarheid teenoor die burgers van die Republiek vir hulle wonderlike ondersteuning van ons land, en die diep waardering van al ons lidmate teenoor ons geliefde Kerk, in die besonder die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, dat hulle in hierdie tye aan ons lidmate hier dink. Nie alleen deur bemoediging nie, maar dat hulle ons ook op materiële gebied so mooi help. Ons dank u! „Die Here is my Lig en my Heil, vir wie sou ek vrees? Die Here is die toevlug van my lewe, vir wie sou ek vervaard wees?"

Ds. Rowan Cronjé

SALISBURY.

DIE INTERNASIONALE LIBERALISME

Dr. P. J. Meyer.

1. DIE LIBERALISERING VAN DIE WESTERSE NASIONALISMES

1. Die ouere nasionale liberalisme van die negentiende eeu, die liberalisering van die Westerse nasionalisme dus, was 'n geestesstroming wat veral

(a) Die staatsabsolutisme en despotisme beveg het;
(b) die regte van die enkeling bepleit het;
(c) vrye spraak, 'n vrye pers en die vryheid om te vergader vir openbare doeielindes voorgestaan het.

2. Hierdie liberalisme het hom met die Christelike waarhede verbind om daarvan „redelike" waarhede te maak.

3. Dit het die negentiende eeuse Europese nasionalismes onderskryf en gevoed, en die vryheidsoorloë wat daarmee gepaard gegaan het, gesteun.

4. Dit het verder die woordvoerder, meestal sentimentele woordvoerder, geword van die verontregtes en verdruktes sonder om te noulettend rekening te hou met die werklike toedrag van sake, soos dit duidelik in die negrofilisme van die negentiende eeu in ons land tot uiting gekom het.

5. Die nuwe liberalisme van ons tyd hou in 'n mate verband met die liberalisme van die vorige eeu, maar openbaar as die filosofiese uitdrukking van die jongste maatskaplik-ekonomese struktuurverandering van die Westerse wêreld nuwe inhoude en eienskappe wat dit wesenlik van die ou liberalisme laat verskil.

6. Terwyl in die tyd van Marx die opkomende en groeiende fabrieks-wese die indruk geskep het dat hierdie sekondêre sektor, die fabrieksektor, die oorheersende en alles-beslissende sektor in die ekonomiese wêreld gaan word, het dit in ons eeu geblyk dat die tersiêre sektor, die diens-sektor, sterker en vinniger sou groei en spoedig van beslissende betekenis in die moderne ekonomie van hoogontwikkelde lande soos die V.S.A. en die lande van Wes-Europa sou word. Trouens, die Franse sosioloog, Jean Fourastié, het op grond van hierdie tendens vasgestel dat in 'n moderne hoogontwikkelde ekonomie hoogstens 15% van die ekonomiese bedrywige persone in die landbou, en hoogstens 20% in die fabriekswese nodig sal wees om 'n hoë lewensstandaard vir almal te verseker, terwyl dan van $\frac{2}{3}$ tot $\frac{3}{4}$ van alle arbeidskragte in die tersiëre sektor werksaam sal wees. Een van die belangrikste redes vir hierdie ontwikkeling is die meganisering en outomatisering wat in die nywerheidsvertakking van hierdie lande se ekonomiese lewe toegepas word.

7. Die kommunisme soos ons dit vandag ken en waarvan ons ons in ons kontemporêre geskiedenis rekenskap gee, is die lewensbeskoulike, die filosofiese uitdrukking van die maatskaplike struktuurverandering wat ten gevolge van die Industriële Rewolusie in die vorige eeu in die Westerse wêreld plaasgevind het — die rewolusie wat die verdeling van die maatskappy in 'n werkgewersklas en 'n werknemersklas as primêre maatskaplike struktuurprinsipe laat geld het. So, op sy beurt, is die liberalisme van ons tyd — die internasionale liberalisme wat onderskei moet word van die nasionale liberalisme van die negentiende eeu, die lewensbeskoulike of filosofiese uitdrukking van die maatskaplike struktuurverandering wat in die Westerse wêreld in ons tyd ten gevolge van 'n nuwe maatskaplike rewolusie plaasvind — 'n rewolusie wat James Burnham, 'n Amerikaanse geleerde, in 1941 as die „Managerial Revolution" omskryf het. Ek verkies die wyere omskrywing van „Rewolusie ten opsigte van die Dienstebedrywe".

8. Die wese van hierdie nuwe situasie, met sy vinnige aangroeiende

tersiêre sektor in 'n hoogontwikkelde welvaart-ekonomie is dat die ekonomiese stelsel nie meer gerig is op die vervaardiging van produkte om te voorsien in 'n bestaande behoeftetoestand nie, maar dat dit behoeftes produseer vir die massaprodukte wat dit vervaardig. Dit kom daarop neer dat die mens se behoeftes nie meer van binne uit homself bepaal word nie, maar van buite af aan hom opgelê en selfs opgedring word, en wel op 'n wyse waarteen hy gaandeweg minder en minder weerstand kan bied.

9. Hierdie welstand in die hoogontwikkelde lande sal alleen volgehou kan word deur nuwe uitvindsels, nuwe tegnieke, nuwe grondstowwe, die verhoging van arbeidsproduktiwiteit, die verdieping en verbreding van kennis, die verinniging en versterking van die geesteskrag van die mens, veral in sy toenemende vrye tyd, die gedying van groter offervaardigheid e.d.m.

10. Hierdie nuwe ekonomiese bedeling is veral bevorder deur die ontstaan en gebruik van die massamedia, naamlik die pers, die radio, film en beeldradio. Deur hierdie media word die behoeftes geskep vir die massaprodukte van die nuwe tyd. Die advertensie word deur al hierdie media bereik en vorm veral die lede van die tersiêre sektor — dit is hoofsaaklik hulle wat koerante lees, na die radio luister en na die bioskoop gaan.

11. Terwyl in die vorige bedeling tussen die werker en die werkgewer 'n onoorbrugbare kloof bestaan het, heers daar tussen die lede van die tersiêre sektor net graadverskille wat posisie en inkomste betref. Die wesensaard van hierdie tersiêre groep se lewe en bestaan is dan ook nie 'n klassestryd nie, maar promosiemoontlikhede van 'n laer status na 'n hoër inkomste binne hierdie groep. Deur die massamedia word hierdie graadverskille verder afgestomp en word almal as gelykgeskakeldes gevorm en benader.

12. Die tersiêre sektor in ons tyd onderskei hom van die ander sektore veral ook deur groter beweeglikheid binne die eie groep en ook ten opsigte van die geografiese geheel waarin dit werksaam is.

13. Samehangend met die gesketste situasie het die vernaamste waardes van die oorheersende tersiêre sektor in ons tyd sekuriteit en aansien geword. Sekuriteit waardeur die bestaande posisie binne hierdie sektor gehandhaaf en verbeter moet word, is vasgelê in promosie volgens senioriteit, in pensioenfondse, in werkkontrakte, e.d.m.

Die aansien en status van 'n persoon in hierdie sektor word bepaal deur sy plek binne die gesagslinie van elke bedryfsvertakking van hierdie sektor, sowel as deur sy deelname aan die sosiale lewe en die weerspieëling daarvan, veral in die sosiale kolomme van die nuusblaaie.

14. Die gevolg van dit alles is dat bestaande verskille oorbrug en gelyk gemaak word. Die tersiêre sektor het dan ook in ons tyd die draers geword van 'n nuwe liberalisme, 'n nuwe sosialisme en 'n nuwe kommunisme wat anders ingeklee word as die liberalisme, sosialisme en kommunisme van die vorige eeu.

Die liberalisme van ons tyd is daarom die filosofie van

(a) die uitwissing van alle grense en verskille tussen mense en mensgemeenskappe sodat almal absoluut gelyk aan mekaar kan wees ter verwesenliking van één geïntegreerde wêreldgeheel met dieselfde geleenthede en lewensstandaard vir alle mense;
(b) die prysgee van vaste vorme op al die lewensterreine wat stryd en verskille kan veroorsaak;
(c) die losmaak van alle bande wat die mens aan sy gesin, sy familie, sy volk en sy eie staat bind ten einde die toenemende integrasie van die groot wêreldgemeenskap te bevorder;
(d) die losmaak van die mens en mensgemeenskappe van hul

tradisies, taal, kulture en godsdienste om 'n volkome „liberale" wêreld tot stand te bring;

(e) die losmaak van die mens van die natuur en van sy arbeid terwille van grotere beroepsmobiliteit, promosie, aansien en sekuriteit;

(f) hierdie filosofie wat welig tier in die woord-beroep, d.w.s. die beroep van die joernaliste, politici, dosente, sosiale hervormers, e.d.m. is die filosofie wat alle minderheidsgroepe aangryp om hul posisies te beskerm en te versterk;

(g) dit is ook die filosofie van mense wat, omdat hulle geoefend is om hul vinger op die swak plekke en gebreke van die gemeenskap te lê nêrens in die wêreld 'n positiewe heelmiddel, behalwe frases, daarvoor aanbied nie.

II. ROEPING VAN DIE CHRISTELIK-NASIONALE AFRIKANER BINNE DIE WÊRELDVERBAND

1. Die Afrikanervolk het as die eerste en enigste afsonderlike en selfstandige Westerse volksgemeenskap met 'n eie taal en kultuur op die bodem van Afrika ontstaan en was sedert sy ontstaansjare tot vandag toe nou en intiem ineengeweef met die Westerse wêreld.

2. Die bewering wat dikwels gemaak word, naamlik dat die Afrikaner in isolasie ontstaan en gegroei het, is 'n oppervlakkige veralgemening wat geen steek hou nie. In elke tydperk van sy ontwikkeling het die Afrikaner binne die Westerse wêreld geestelik, kultureel, polities en ekonomies as 'n inherente deel van Wes-Europa op Afrikaanse bodem tot volwassenheid uitgegroei. Die Afrikanergeskiedenis vertoon geen afwisselende fases van na-binne gerigtheid en van na-buite gerigtheid nie. In elke groeifase het hy op grond van sy eie lewensbeskouing binne sy eie lewensomstandighede tegelyk deelgeneem aan alles waarmee die Westerse wêreld hom op daardie tydstip besig gehou het.

3. Die ontstaan van die Afrikaanse volk 300 jaar gelede het direk gewortel in die Hervorming wat in die 16de eeu as die groot Europese teenbeweging van die ontkerstening van die Westerse mens op die voorgrond getree het. Hierdie verworteling in die Calvinisme het tot vandag toe die kragtigste, deurslaggewendste en kenmerkendste stukrag en trekkrag in die Afrikaanse nasionale groeiproses gebly. Hierteenoor het bv. die puritanisme as groeibodem van die Noord-Amerikaanse nasionalisme geleidelik oorspoel geraak deur die 18de eeuse Verligtingsinvloede uit Europa.

4. Die roeping van hierdie Christelik-Nasionale Afrikaner-nasionalisme in die huidige wêreld is 'n roeping wat bepaal word en bepaal behoort te word vanuit sy Calvinistiese groeibodem. Dit bring die Afrikaanse roepingsvervulling dus lynreg te staan teenoor die toenemende ontkerstening van die Westerse wêreld.

5. Die ontkerstening van die Westerse wêreld het na die Middeleeue tot dusver in drie fases verloop. Elkeen van hierdie fases vloei direk voort uit die verskillende maatskaplike struktuurveranderinge wat sedertdien in die Westerse leefwyse plaasgevind het.

6. Die eerste fase tree tydens die 13de eeu in met die opkoms van die stedelike burgery wat in die daaropvolgende paar eeue die beslissende stempel afgedruk het op die nuwe maatskaplike struktuur van die Westerse mens. Hierdie burgerstand se oë en werksaamhede is aards gerig en tegelyk meer en meer op hulself as selfgenoegsame wesens, d.w.s. op die mens met al sy drange en begeertes. Die filosofie van hierdie maatskaplike omwenteling teenoor die Christelike lewens- en wêreldbeskouing van die Middeleeue is die Humanisme. Hoewel die Humanisme nie anti-religieus ingestel was nie, het dit tog die Westerse mens steeds losser gemaak van die Christelike leefwyse en lewensbeskouing van die Middeleeue.

7. Die tweede fase van die Westerse ontkerstening maak sy intrede in die geskiedenis van die Westerling met die Franse Rewolusie en die Industriële Rewolusie aan die einde van die 18de en begin van die 19de eeu. Die Franse Rewolusie was die eerste Westerse geestesbeweging wat geen regstreekse wortel in die Christendom gehad het nie. Met die Industriële Rewolusie word die beslissende en deurslaggewende stempel van die maatskaplike lewe van die Westerling die verdeling tussen die kapitalistiese werkgewer en die fabriekswerker. Hiermee tree die vorige kenmerkende maatskaplike oorheersing deur die middestand op die agtergrond. Hierdie nuwe maatskaplike struktuurverandering vind sy uitdrukking in die Marxisme wat hom dan as Kommunisme oor die hele Westerse wêreld versprei. Anders as die humanistiese eerste fase van die ontkerstening van die Westerse mens, is hierdie tweede, naamlik die Kommunistiese fase van sy ontkerstening, uitdruklik anti-religieus. Die bekende uitspraak dat godsdiens opium vir die volk is, getuig hiervan.

8. Die derde fase van die ontkerstening van die Westerse mens maak sy verskyning met die „Managerial Revolution". Waar Rusland die leidende beliggamer geword het van die tweede, naamlik die Kommunistiese fase van die Westerse ontkerstening, word Noord-Amerika die leidende beliggamer van hierdie derde, naamlik internasionale liberalistiese fase van die ontkerstening van die Westerse mens. Terwyl die eerste fase van die Westerse ontkerstening binne die grense van die verskillende nasionale state werksaam was het die tweede fase 'n internasionale karakter begin aanneem. Die derde fase vind egter direk plaas in die „wêreldtydperk" wat na die Eerste Wêreldoorlog onder leiding van Amerika vaste vorm begin aanneem het. Hierdie wêreldtydperk is moontlik gemaak deur tegniese ontwikkelings waardeur die mens oor die hele aardbol direk met mekaar in regstreekse verbinding gebring is, veral as gevolg van toenemende interkommunikasie en verkeer. Dit lei dan tot 'n tydperk van wêreldhandel, wêreldkultuur, wêreldpolitiek en selfs wêreldgodsdiens.

9. Hierdie derde fase van die ontkerstening van die Westerse mens kom daarop neer, soos voorheen aangedui, dat die mens losgemaak word van sy gesin, van sy volk en sy land; van sy tradisies; van die norme vervat in sy geloofsbelydenis; dit alles as basis vir die totstandkoming van 'n geïntegreerde geestelike wêreldgeheel. Hierdie liberalistiese wêreldintegrasie wat tans die lewe van die Westerling deursuur, loop dan uit, nie soos die Kommunisme wil, op 'n klasselose wêreldstaat nie, maar op 'n geestelike wêreldgemeenskap met dieselfde godsdiens, dieselfde geestesbesittinge, dieselfde kultuur, dieselfde maatskaplike vorme ens. Terwyl die geïntegreerde Kommunistiese klasselose wêreldstaat in wese anti-godsdienstig is, is hierdie geïntegreerde liberalistiese wêreld geheel nie anti-godsdienstig nie, maar strewe dit na 'n gelykgeskakelde sosiale godsdiens waarin al die godsdienste van die wêreld moet opgaan. Hiermee is die ontkerstenings-proses, beginnend by die Humanisme, dan die Kommunisme en nou die internasionale Liberalisme tot sy logiese konsekwensie deurgevoer.

10. Dit is in hierdie wêreld dat die Afrikaner-nasionalis sy eie roeping, gegrond op sy Calvinistiese geloofsoortuiging, moet uitleef. In hierdie wêreld is hy as Westerling op godsdienstige, geesteskulturele en politieke gebiede intiem en regstreeks ingeweef.

11. Dit spreek vanself dat die ontkerstende wêreld nie die Christelik-nasionale roepingsvervulling van die Afrikaner sal en kan onderskryf en aanvaar nie, omdat dit lynreg daarteenoor staan. Hierdie wêreld sal ook geen beleidstandpunt, gegrondves in die Afrikaanse Calvinistiese en wêreldbeskouing, aanvaar of goedkeur nie. Wat

hierdie wêreld wel sal aanvaar, is die bestaan van die Afrikanervolk in Afrika as deel van die Westerse wêreld veral vanweë die voordele wat dit vir die Westerse wêreld inhou.

12. Hierdie wêreld sal ons volk slegs aanvaar soos ons is, sal ons eerlikheid, ons standvastigheid, ons wil en ons krag om onsself te bly, aanvaar, as daar by hierdie wêreld geen onsekerheid heers oor wie ons is en wat ons wil nie. Solank bv. ons apartheidsbeleid gegrondves bly in ons Calvinistiese voogdyskapoortuiging, kan ons nie verwag dat 'n ontkerstende wêreld dit sal onderskryf of goedkeur nie. Wat hulle wel sal aanvaar is ons eerlikheid in hierdie verband en die goeie resultate van ons beleid.

13. Hoe suiwerder en hoe sterker die Afrikanervolk sy Christelik-nasionale roeping in sy eie land uitleef en toepas, hoe suksesvoller sal ons binne die toenemende ontkerstenende wêreld kan optree om die voortbestaan van ons volk te verseker.

14. Dit bring mee dat ons nie alleen die eie volkstrewe op Christelik-nasionale grondslag in al sy vertakkinge en op alle lewensgebiede getrou en suiwer uitleef en verwesenlik nie, maar tegelyk die aanslae van die ontkerstenende Humanisme, Kommunisme en internasionale Liberalisme op die gees en lewe van ons volk sonder enige kompromieë, versoenings of tegemoetkomings aktief sal bestry en afweer.

15. Veral van groot belang is dat ons die internasionale Liberalisme van ons tyd nie beskou as iets buite ons eie persoonlike en ons eie volkslewe nie, maar as 'n lewensbeskoulike, filosofiese geestesstroming wat in ons eie leefwyse, in ons eie opvattings, in ons eie omgangsvorme, in ons alledaagse bestaanstryd, in die opvoeding van ons kinders tot uitdrukking kom — ons is immers Westerlinge en kinders van ons tyd.

16. Vir ons in Suid-Afrika is die bedreiging van die internasionale Liberalisme gevaarliker op die godsdienstige en die kulturele terrein as op die politieke terrein. Immers, op die politieke terrein het ons in ons eeue-oue geskiedenis reeds vroeg te doen gekry met die ouere liberale stroming om die blanke en nie-blanke gemeenskappe van ons land polities en sosiaal met mekaar te integreer, pogings wat teen die weerstand van ons Calvinistiese voogdyskap-oortuiging slegs in geringe mate kon vorder en in ons tyd, tenspyte van die internasionale kommunistiese en liberalistiese wêrelddruk, met welslae afgeweer word.

17. As ons egter sou toelaat dat die internasionale Liberalisme, veral in sy Amerikaanse uitdrukking, ons godsdienstige en ons kultuurlewe ongehinderd binnedring en deursuur, kan ons later miskien nog 'n blanke volk in Suid-Afrika wees, fisies, strategies en polities beveilig, maar met sy eie siel verlore — 'n volk wat meer en meer afvallig raak van die Christelike geloof en waarhede, 'n volk met geen kenmerkende eie kultuur meer nie — maar 'n volk wat besig is om 'n wêreldgodsdiens en 'n wêreldkultuur sy eie te maak.

DIE AFRIKANER EN SY KERK

Een van die merkwaardigste kenmerke van die Afrikaner, as volk en as enkeling, is seker sy verbondenheid aan sy Kerk. Dit is 'n verbondenheid wat deur die tyd gegroei het tot 'n byna onlosmaaklike band — 'n band wat 'n rigtinggewende rol speel in die optrede en lewe van die Afrikaner.

Hierdie verbondenheid van Kerk en volk, wat óns as normaal en vanselfsprekend aanvaar, is vir die buitestaander nie alleen opmerklik nie, maar ook kenmerkend van die Afrikaner. En ook die vyande van die Afrikaner hou baie deeglik hiermee rekening. Selfs so dat mens kan betoog dat in elke aanval wat nog op die Afrikaner gemaak is, die Kerk ruimskoots sý deel van die aanslag moes verduur. Dit is nie iets wat net in die jongste tyd gebeur nie, maar is byna so oud soos die bestaan van Kerk en volk in Suidelike Afrika. Die vyande van die Afrikaner besef terdeë dat die Kerk nie net 'n geestelike tuiste, 'n geestelike ruspunt vir die Afrikaner is nie, maar dat die Kerk 'n bepalende faktor is in die lewe van die Afrikanervolk. Prof. N. J. Brümmer het dit so gestel: „Die magtigste hoepel om die stukvat van ons volksbestaan is ongetwyfeld die Kerk."

Eintlik is dit merkwaardig want die Afrikaanse Kerke is nié 'n organisatoriese eenheid nie, eerder 'n familie van kerke. Die drie Afrikaanse kerke is egter, nieteenstaande die dinge wat hulle verdeel, 'n baie dieper geestelike eenheid as wat mens sommer so sou dink. Afgesien van 'n groot stuk gemeenskaplike geskiedenis, is daar ook nog die sterk samebindende faktor van die gemeenskaplike belydenis, wat weer tot uiting kom in die gemeenskaplike gebruik van dieselfde Bybel, dieselfde kerklike psalmboek, en grotendeels dieselfde kerklike formuliere. En hoewel daar tye was in die geskiedenis dat daar sterk spanninge was tussen die drie Afrikaanse kerke, het daardie verdeling nooit die volk verdeel nie. In tyd van stryd het lidmate van aldrie Afrikaanse kerke skouer aan skouer gestaan ter verdediging van die gemeenskaplike vaderland en geestesbesit. Dit was selfs so in die verlede dat eenheid in die volkslewe uiting gegee het aan die wens dat die Kerk van die Afrikaner ook organisatories een sal wees. Maar dit het nog nie gebeur nie, en is miskien ook nie nodig nie want geestelike eenheid en eenheid in die geloof het nie organisatoriese eenheid as voorwaarde om dit te dra, nodig nie. Daarom kan mens, betreklik gemaklik bly praat van die Afrikanervolk en sy Kerk, al is daar, organisatories gesproke, drie kerke.

As nou gevra word watter taak die Afrikaanse Kerk in die lewe van die Afrikanervolk het, dan moet ter beantwoording van daardie vraag, teruggegaan word na die Bybel om daar die essensiële taakomskrywing te vind. Van daaruit kan dan gestel word dat die Kerk, as instelling van die Here God, die taak het om die Woord van God te verkondig. Dit wil sê die Evangelie, die goeie boodskap, van die verlossing uit die sonde en dood wat daar, deur Jesus Christus, is. Dit gaan dus in die spreke van die Kerk altyd in die eerste plek om dáárdie boodskap wat nie van of uit die mens is nie, maar wat van buite die mens en sy wêreld, van God afkomstig is. Dit gaan dus in die Kerk en in die boodskap van die Kerk om die dinge van God, die ewige dinge, waaraan die mens, danksy Jesus Christus, deel kan hê. Die Kerk verkondig dus die Woord van God, en wat die Kerk daaronder verstaan word kortliks saamgevat in die Belydenisskrifte van die Kerk. Die Belydenisskrifte is die essensie van die inhoud en omvang van die Woord van God soos die Kerk dit gehoor en geglo het en dit ook wil uitdra. En as die inhoud van die

Belydenisskrifte baie kort saamgevat moet word, dan kan gestel word dat dit daarin gaan om drie dinge: Hoe groot die mens se sonde en ellende is; Hoe die mens van daardie sonde en ellende verlos word; Hoe die mens God vir daardie verlossing dankbaar moet wees. Die totale prediking van die Kerk, die totale werkverrigting van die Kerk lê dus eintlik binne hierdie raamwerk van die belydenis van die Kerk. Dus — wat die Kerk aan die Afrikanervolk wil sê is niks meer en niks minder as die inhoud van die Bybel soos dit reeds vanaf die dae van die Kerkhervorming verstaan is nie. Daarom het die Kerk ook ten opsigte van ander kerke en ander interpretasies van die Bybel, wat deur die Afrikaanse Kerk nie as korrek aanvaar kan word nie, die volk gewaarsku en vermaan om nié op daardie onregspaaie te gaan nie. Die Kerk het dus nie alleen die taak om positief die Woord van God te verkondig nie maar ook om dit wat bots met die Woord van God, of 'n verdraaiing van daardie Woord is, aan te dui en te bestry. Want aan die Kerk is die verantwoordelikheid opgelê om sy lidmate te bewaar by die suiwere diens van God.

So gesien is die Kerk, ook die Kerk van die Afrikaner, iets eiesoortigs en daardie andersheid van sy boodskap en sy wese sal die Kerk self nooit mag inboet nie. Want die Kerk, wat hy is én sy boodskap, word bepaal nie deur mense of menslike gegewens nie maar deur die ewig-onveranderlike Woord van God. So is die Kerk ook nog steeds verstaan en daaroor het die Afrikaner ook nog nooit werklik onder 'n misverstand verkeer nie.

Nou kom daar egter 'n tweede faktor by wat ook die Afrikaanse Kerk as sodanig help bepaal. Dit is die feit dat die Afrikaanse Kerk ook nog altyd besef het dat hy Kerk van Jesus Christus in en terwille van die Afrikanervolk is. Daarom het die Afrikaanse Kerk met sy boodskap ingetree in die lewe van die Afrikanervolk en sy boodskap het, as vanselfsprekend, daardie kleur en daardie klank gekry wat deur die volk verstaan word en wat die volk aanspreek. Vandaar dat die Kerk, om maar 'n voorbeeld te noem, op die voorpunt gestaan het in die taalstryd. Dáárom het ons vandag 'n Afrikaanse Bybel en nie meer die Hollandse Bybel nie want die Kerk besef dat dit deel van sy taak is om die Evangelie te verkondig in dié taal wat die volk die beste verstaan en wat hom werklik aanspreek. Dit is maar één voorbeeld van hoe die Kerk ingetree het in die lewe van die volk, hoe die Kerk vormend, leidend, rigtend in die strewe van die Afrikaner sy rol gespeel het sodat die pad van die Afrikanervolk die pad van 'n gelowige volk sal wees en bly. En nie net daar nie, maar in voor- en teëspoed, in alles wat die Afrikanervolk moes deurmaak in sy geskiedenis, het die Kerk sy verbondenheid met die volk behou. In dae van voorspoed het die Kerk opgeroep tot dankbaarheid, in dae van terugslag en vernedering het die Kerk getroos met die Woord van God, in dae van eensaamheid en swaarkry het die Kerk gewys op die ontferming en trou van God, in dae van moedeloosheid het die Kerk opgeroep tot geloof en volharding, in dae van verkeerdheid het die Kerk gewys op die toorn van God wat rus op die sonde en die noodsaaklikheid van gehoorsaamheid. En so het daar 'n verbondenheid gegroei tussen Kerk en volk, 'n liefde, as dit só genoem mag word, wat sterk en innig was en is. En nooit het dit beteken dat die Kerk die volk regeer het of dat die volk die Kerk se spreke bepaal het nie. Die grense is erken, terwyl die bande steeds sterk gebly het. Uit hierdie verbondenheid het die Afrikaner sy geloof en sy roepingsbewustheid gekry. Uit hierdie saamstaan van Kerk en volk het die Afrikaner die vaste vertroue gekry dat sy pad deur die Here God bepaal word, en daarom kon die volk, gedra deur die prediking van die Kerk, koersvas sy rigting en roepingsbewustheid behou.

As voorbeeld van wat hierdie verbondenheid van Kerk en volk beteken, kan verwys word na die beroemde gelofte van 1838 en na die minder bekende maar net so veelseggende gelofte van 1880. Dit is, terloops, merkwaardig dat nêrens anders in die geskiedenis van christelike volke gedurende die negentiende eeu was daar 'n dergelike toewyding aan God nie en nêrens in die geskiedenis van christelike volkere is daar iets wat vergelyk kan word met ons jaarlikse Geloftefeeste nie. Dit is iets eie aan die Afrikaner, iets wat gebore is uit die noue verbondenheid van Kerk en volk. Dit toon hoe die Kerk die geestelike tuiste by uitnemendheid van die Afrikanervolk is — dáárdie ruimte waar die Afrikaner met volkome gemoedsrus hom kan terugtrek om daar deur die Woord van God gesterk, gerig, getroos, geïnspireer of gelei te word; en om dan weer, vandaar, voort te gaan op sy weg in die vaste geloof dat die Here God lei.

Nou is dit seker nie nodig om in hierdie verband breed te betoog dat ons as Afrikanervolk die afgelope tientalle jare onder swaar druk geplaas is nie. Dit is seker ook nie nodig om breed te betoog en te bewys dat hierdie druk, wat in sommige gevalle al 'n daadwerklike aanslag geword het, uitsluitlik van links gekom het nie, dit wil sê sowel van die kant van die internasionale kommunisme as van die kant van die internasionale liberalisme. Van Oos én Wes word ons as Afrikaners beoorlog met propaganda, intimidasie, sielkundige oorlogvoering, ondergrawing, sabotasie en selfs terrorisme. Dit is ook vanselfsprekend dat ons so aangeval sal word want die Afrikanervolk, wat die ruggraat vorm van die Suid-Afrikaanse nasie, en wat die bepalende faktor is vir die koers van ons Republiek, is 'n enorme struikelblok vir die kommunisme in sy strewe na wêreldoorheersing en terselfdertyd is ons 'n steen-des-aanstoots vir die internasionale liberalisme wat met die slagkreet van „vryheid" en 'n handvol geld 'n alternatief wil bied aan die volke van die wêreld vir die dwingelandy van sy halwe broer, die kommunisme.

In hierdie aanslag is die Afrikaanse kerke 'n belangrike teiken en word die een poging na die ander aangewend om 'n wig te slaan tussen die Afrikaner en sy Kerk in die wete dat as die Kerk verower kan word, dan is die Afrikaner die voedingsbodem van sy geeskrag kwyt. Reeds in 1957 het ene prof. J. Hoekendijk, 'n voormalige Wêreldraad van Kerke-amptenaar en oortuigde liberalis, gestel dat in Suid-Afrika die Kerk „de meest verwondbare plek" is en daarmee gesuggereer dat 'n aanslag op die Kerk uiteindelik die meeste sukses sal bring in 'n poging om die lewensuitkyk en lewensorde van die Afrikaner radikaal te verander. Hierdie aanslag op die Kerk van die Afrikaner is geloods en word tot vandag toe nog volgehou. Die essensie van die aanslag is dat die Afrikaanse Kerk oortuig moet word dat die beleid van eiesoortige ontwikkeling vals en onchristelik is en dat die Kerk hom dáárom moet distansieer van die volk en die Owerheid wat hierdie beleid deurvoer. Nou is dit duidelik dat die bestaan en die voortbestaan van die Afrikanervolk veranker lê, na die mens gesproke, in hierdie samelewingspatroon wat die volk deur die eeue heen ontwerp het. Dit is dan ook al so dat hierdie samelewingspatroon nie net meer 'n politieke beleid is nie, maar 'n lewenshouding wat saamhang met ons geloof dat die Here God aan die Afrikanervolk 'n eie roeping en taak gegee het en dat die volk, om hierdie taak uit te voer, ook die opdrag het om nie net homself te bly nie, maar ook om sy eie voortbestaan te beveilig en te verseker. Dit beteken nié dat aan die ander volksgroepe in Suidelike Afrika niks gegun word nie. Inteendeel. Wat ons aan die ander gun, vra ons ook vir onsself

en tot dusver kon niemand nog 'n oortuigende saak daarvoor uitmaak dat selfmoord deur die Afrikanervolk die hoogste vorm van naasteliefde teenoor die Bantoe is nie.

Die merkwaardige is nou egter dat hierdie beleid, hierdie lewenshouding wat deur die Afrikaner ontwerp is vir Suid-Afrika, mede bepaal is deur die Kerk. Dit is natuurlik duidelik dat die Kerk self geen politieke beleid sal formuleer nie. Maar die Kerk het in sy taakvervulling ook te make gekry met die ander volksgroepe van Suidelike Afrika. Immers die Kerk het nie net die Evangelie te bring aan die Afrikaner nie, maar ook aan die heidendom. So het die Kerk te staan gekom voor die vraag hoe die Evangelie *die beste* gebring kan word aan die verskillende volksgroepe. In die vasstelling van sy beleid het die Kerk hom toe nie laat lei deur die kwessie van kleur in die eerste plek nie, maar deur die vraagstuk van taal (want die Evangelie wil gehoor word), van kultuur en van volksverband. Dit is miskien interessant om in die verbygaan net daarop te let dat die keuse wat die Kerk hiér gemaak het, 'n belangrike rol gespeel het in die vyftigerjare van die vorige eeu in die Transvaalse kerklike lewe. Vanuit die standpunt, soos die Kerk dit destyds geformuleer het, het ook die bepaling in die eerste grondwet van die ou Zuid-Afrikaansche Republiek gevloei dat geen nie-blankes lidmate van die kerk van die blanke sal wees nie. Wat nie beteken het dat die nie-blanke daarmee afgesny is van die Evangelieverkondiging nie, maar wel dat die Kerk van meet af vermenging afgewys het in die wete dat dit vir blank en nie-blank in Suid-Afrika alleen maar gevare inhou.

As daar nou gekyk word na die aanval wat deesdae op die Afrikaanse Kerk geloods word, as gekyk word na al die beskuldigings en verwyte wat geslinger word omdat die Kerk nie sy eie standpunt wil verloën nie, dan toon dit wel 'n merkwaardige ooreenkoms met die optrede van Van der Kemp en Read en Philip, die berugte sendelinge van die vorige eeu.

Wat egter verskillend geword het, is die instansies wat in ons tyd die aanval voer, wat trag om te verdeel en te verwar en om sodoende Kerk en volk uitmekaar te ruk in 'n poging om die Afrikanervolk toe te ploeg. Van buite ons grense is dit in hoofsaak die Wêreldraad van Kerke wat nog in 1964, by monde van sy Sekretaris-Generaal, verklaar het: „The ecumenical movement does not stand for the defence of a particular civilization e.g. a white, Western and so-called Christian civilization. The ecumenical movement has chosen positively for the multi-racial world society . . ." Dit is hierdie beweging wat in 1960 by die Cottesloeberaad byna daarin geslaag het om die Afrikaanse kerke (uitgenome die Gereformeerde Kerk) so ver te kry om 'n program te aanvaar wat die vernietiging van die Afrikanervolk beoog het. Dit is dieselfde beweging wat in 1965 gestel het: „We believe the Churches should surround with prayers those who are committed to the violence of the freedom struggle . . ." en toe daarna nie net 'n organisatoriese band aangeknoop het nie maar ook sy seën uitgespreek het oor die sg. Organisasie vir Afrika Eenheid. Laasgenoemde, 'n organisasie wat hom nog nie juis onderskei het vanweë sy christelike optrede nie. Dit is ook die Wêreldraad van Kerke wat deur middel van beurse aan teologiese studente; gratis studiekursusse aan dosente van teologiese opleidingssentra; reëling van jeugkonferensies en dergelike meer voortdurend trag om met sy propaganda in te dring in die Afrikaanse kerklike lewe. Dit is hierdie liggaam wat rasse-integrasie as 'n hoë vorm van Christelikheid aanbeveel wat nog verlede jaar ewe plegtig verklaar het dat dit die plig van christene is om aan bloedige rewolusies deel te neem as hulle op daardie

manier van 'n onderdrukkende Owerheid ontslae kan raak. Wat dit beteken kan geraai word as mens weet dat Eduardo Mondlane, die leier van die Frelimo terroriste-organisasie, ook op daardie vergadering aanwesig was.

Naas die Wêreldraad van Kerke is daar die Britse Raad van Kerke met sy berugte boekie „The Future of South Africa" waarin die kenmerkende stelling voorkom: „The face of the oppressed African is the face of Jesus Christ". Koelbloedig word dan gesê dat om die lojaliteit van Afrika (waarskynlik word swart-Afrika bedoel) te behou, apartheid beëindig moet word, terwyl toegegee word dat dit vir die Afrikaner die einde van sy volksbestaan sal beteken.

Iets in dieselfde trant, miskien net nie so uitgesproke nie, is die Herderlike Skrywe van die Nederlandse Hervormde Kerk oor die rassevraagstuk. Opmerklik was dit dat toe die Hollanders van 'n antwoord bedien is, hulle lus vir die voortsetting van die „oop gesprek" onmiddellik verdwyn het.

Gepaard met die druk van buite was daar natuurlik ook die aanval van binne. Hier kan genoem word die poging van die South African Institute for Race Relations om deur middel van die sogenaamde Christelike Instituut rasse-integrasie op kerklike vlak te propageer en in die Afrikaanse kerke in te dra. Die Christelike Instituut, so het een van sy woordvoerders duidelik gestel, is gestig om die verouderde skeidsmure tussen rasse, volke en kerke in Suid-Afrika af te breek. Deur middel van sy mondstuk word hierdie propaganda dan ook gereeld uitgedra. Die aanval word ook ondersteun deur liggame soos die Christian Council of South Africa, wat meeste Engelstalige kerke saamsnoer; die „Engelse" pers; ampsdraers van verskillende nie-Afrikaanse kerke — dink maar aan figure soos De Blank, Huddleston, Reeves en derglike. Dit is die manne en liggame wat elke agitasie teen ons Afrikanerbeleid van eiesoortige ontwikkeling aangeprys het as die toppunt van profetiese moed en christelike kordaatheid.

Die hele aanval, van buite en van binne, is daarop gemik om die Afrikaanse Kerk so ver te kry dat die Kerk die gangbare wêreldmening van gelykstelling moet napraat. Die ideaal wat ons voorgehou word, is dat die Afrikaanse Kerk ook 'n drukgroep moet wees ten opsigte van politieke, ekonomiese en maatskaplike vraagstukke en ons is vertel dat dit nou eintlik die „profetiese taak" van die Kerk is. Daar is hard gewerk om die Afrikaanse Kerk so ver te kry dat hy ook 'n mondstuk sou wees van die „evangelie" van broederskap, gelykstelling en die eenheid van alle mense sonder onderskeid. Daar is selfs druk uitgeoefen dat die Afrikaanse Kerk hom moet uitspreek ten gunste van gelyke politieke regte vir almal in dieselfde geïntegreerde maatskappy.

Word hierdie aanslag egter ontleed en die herkoms daarvan nagespoor dan blyk dit baie duidelik dat ons hier te make het met 'n politiek-georiënteerde aanslag. Dit is 'n aanslag wat in teologiese terminologie gekleed is, maar in wese is dit nié Skriftuurlik nie en kan dit ook nooit wees nie omdat dit bepaal word deur die ideologie van die liberalisme en selfs ook van dié van die kommunisme. Dit is ook waar wat 'n gesaghebbende spreker op die 1966 konferensie van die Wêreldraad van Kerke gesê het toe hy gestel het dat die „teologie" van die Wêreldraad „religious socialism" is. Dit is inderdaad sosialisme in die baadjie van die teologie, of soos die Wêreldraad van Kerke-voorstanders ook al in Suid-Afrika beskrywe is: „Progressives in clerical garb". Dáárom is dit ook moontlik dat mense soos Fischer, Mandela en Sisulu in dáárdie kringe gehuldig word as dié uitnemende christene in Suid-Afrika.

As mens eers daar uitgekom het, dan dink mens onwillekeurig aan die woord van Lenin wat gestel het dat die kommunisme in die Kerk een van die vrugbaarste infiltrasiegebiede sal vind omdat kerkmense so eindeloos naïef is.

Andermaal moet dus beklemtoon word dat hierdie aanval op die Kerk eintlik niks anders is as 'n poging om die Afrikanervolk, wat so nou met sy Kerk verbonde is, van koers en rigting af te bring nie. Hierdie aanslag op die Kerk is maar 'n onderdeel, hoewel 'n baie belangrike! van die hele aanslag van links wat op byna elke lewensterrein op ons geloods is. Die doel van die aanslag is om ons as Afrikaners geestelik te ondermyn en te ondergrawe sodat ons ons wil om onsself te wees en te handhaaf sal laat vaar, sodat ons self sal terugstaan uit die pad van die kommunis of die liberalis en sal toelaat dat ons toegeploeg word in 'n volledig-geïntegreerde, veelrassige gemeenskap.

Dit wil egter voorkom dat hierdie aanslag tot dusver nog nie veel bereik het nie. 'n Jaar of twee gelede is nog gehoop en gebid dat die Afrikaanse Kerk sal skeur en elke keer wanneer 'n ampsdraer van een van die drie Afrikaanse kerke in botsing met sy Kerk gekom het, kon ons breed in die „Engelse" pers lees hoe die gehate „D.R.C." nou uiteindelik deur 'n nuwe, profetiese figuur van bo na onder geskeur gaan word óf gedwing gaan word om 'n ander koers te gaan. So kan ek my herinner dat een „Engelse" weekblad gedurende die afgelope aantal jare al twee maal ewe triomfantelik die finale einde en aftakeling van die N.H.K. voorspel het. Seker tot die innige spyt van die magte teen ons, het dit nog nié gebeur nie. Al wat gebeur het, is dat die enkelinge en selfs kleiner groepies lidmate uit die Afrikaanse kerke getree het om dan teenoor en in stryd met die Afrikaanse Kerk te tree. Elke keer het die meningsverskil, in die grond van die saak, gegaan om die feit dat die Afrikaanse Kerke vasstaan by sy standpunt en weier om te aanvaar óf te preek dat veelrassigheid of integrasie in ons land die enigste christelike lewenspatroon is. Die Afrikaanse Kerk het tot nogtoe nog steeds geweier om hom te laat gebruik deur die vyande van die volk en hulle weier omdat dit ook sou bots met die siening van die Heilige Skrif en sy opdragte.

Wat die toekoms betref is dit wel duidelik dat die aanslag teen die Kerk nie gestaak sal word nie, maar dat dit hewiger sal word. Die druk van buite, die ondergrawing en ondermyning van binne sal nie gestaak word nie want ons vyande het hulle hart daarop geplaas om suidelike Afrika te verower en geen middel sal in dié stryd onaangeroer gelaat word nie.

Dit beteken dus dat die Afrikaner en sy Kerk nog voortdurend die negatiewe taak sal hê om sy vyande te identifiseer, hulle propaganda en aanslae te ontleed en te bestudeer en daarna daartéén stelling in te neem. Dit word soms gesê dat hierdie taak te negatief is, dat dit die Kerk nie waardig is nie. Dit is nie 'n geldige argument nie en wek ook die indruk asof dit slegs die Kerk wil verlam. Ons kan die vyande alleen tegemoet tree as ons weet wie hy is, wat hy sê en wat hy wil; ons kan alleen as Kerk die volk waarsku teen die aanval wat gerig is teen die geestesbesit en geesteserfenis van die Afrikaner as ons weet wat die omvang en inhoud van die aanval is. En as dit nodig is om in hierdie stryd die vyand wat hom skuilhou, te ontmasker dan moet dit gedoen word — net soos 'n Judas ook ontmasker moes word.

Uiteraard sal dit daarby nie kan bly nie. Die Kerk sal ook positief, duidelik en helder die Evangelie moet bly uitdra want ons volk het voortdurend daardie Evangelie nodig. Soos Dr. A. P. Treurnicht dit reeds gestel het: „'n Volk, ook die Afrikanervolk,

moet hom bekeer en uit Christus se versoening lewe, anders het hy geen daeraad nie, geen besef van sy goddelike roeping nie en geen krag om dit te volbring nie. Ons mag nie verwilder nie . . ." Dit is en bly die taak van die Kerk om deur sy prediking, deur sy verkondiging van die ewige Woord van God die Afrikanervolk te lei, te rig, te versterk, te troos sodat die volk in sy weg deur die wêreld nie net sy selfstandige volksbestaan sal behou nie, maar bowe-al ook sy siel sal behou.

Daarom sal ons as Afrikaners, as Kerk en as volk, die toekoms tegemoet moet gaan wetende dat ons 'n moeilike weg het om te gaan. Die uitdagings en beproewings sal inderdaad groot wees. Maar ons gaan nie met onsekerheid in ons hart die toekoms tegemoet nie, ons weet en besef duidelik waarheen ons pad lei en wat ons toekomsideale is. In ons gang na die toekoms toe weet en glo en vertrou ons dan ook dat God met ons is. Hy sal ons lei soos Hy ons volk dwarsdeur sy hele geskiedenis bewaar en gelei het. In daardie geloof is ons onoorwinlik.

Laat ons, wat die toekoms bettref, die woord van Dr. H. C. M. Fourie, die gevierde Bybelvertaler en Afrikaner-volksman, nie vergeet nie: As ons alles gedoen het wat ons as gelowige Afrikanervolk moes doen en wat ons, in hierdie omstandighede ook verplig is om te doen, dan kan ons ons toekoms met 'n rustige gewete in die hande van die Here, ons God, laat.

— A. D. PONT

DIE OSSEWA: VAN EERGISTER AF

Seker nie alle mense in ons land ken die ossewa nie. Baie van ons het moontlik 'n ossewa besit, maar elke ossewa wat ons teëgekom het, het 'n ander doel gehad en langs 'n ander pad gegaan; elke ossewa het spore nagelaat in die grond- en sandpaaie van ons land in 'n ander rigting.

Daar was nie net waspore nie, maar ook ossespore in die sand. Die voorosse, naasvoorosse, op ses, ja, tot by ou Domkrag, die agteros. Elkeen was op 'n sekere plek ingespan, 'n sekere posisie, omdat nie elke os voor kan trek en koers hou nie, en nie elke os agter om die wa te stuur, by die klippe en gate en hindernisse verby.

Die Boer het nie graag wit, rooi, swart of bont osse in dieselfde span gespan nie, want dit lyk nie mooi nie — nee, hy het vir hom gewoonlik 'n rooi of swart span bymekaar gesoek, spoggerig. Alle rooi of swart osse was nie juis goeie trekosse nie, maar terwille van die kleur was hulle in die span. Om hulle saamstap op te merk, het kennis geverg, sodat nie net die gewilliges alleen getrek het nie.

Dit was in besonder die voor- en agterosse waarop die Boer staatgemaak het, want wanneer die vragwa deur die moddervleie gesleep moes word, moes die voorosse die tou styf hou en die agterosse met brute krag beur om die wa deur te trek.

Daar was ook die lang opdraandes waar daar vasgetrek moes word en afdraand waar hoofsaaklik die agterosse moes rem en die brieke moes help om te verhoed dat die wa nie die afgrond afstort nie.

Nie alleen was die ossewa in die begin, ons volk se woning met die Groot Trek nie, dit was ook ons volk se wiegie, sy skool, sy raadsaal, sy hospitaal, sy Altaar, sy Voortrekkerhoogte.

Daar was egter nooit net 'n wa en osse nie, maar altyd die drywer ook. Dit was ook nie elkeen se werk om die span osse te dryf soos wat dit betaamlik was nie. Dit was 'n kuns of meer nog, jy het gebore drywers gekry. Drywers wat met die osse kon gesels, die voorslag kon laat klap sonder om onnodig venynig te wees en tog het al die osse saamgetrek, terwyl die ander drywer, met slaan en skel, meer buitekant die pad as padlangs gery het.

Nie so lank gelede nie het ons in lang rye met ossewaens opgetrek na die Altare om die Here te dien, maar meer nog, daar was en is nog die Kerkwa wat ons nie mag vergeet nie.

Die Kerkwa wat die steiltes uitgetrek moes word, wat soms gedreig het om in die modder vas te val of om bergaf koersloos die afgrond af te stort.

Vir hierdie Kerkwa was en is daar vandag nog osse nodig. Voorosse, naasvoorosse, op ses, tot by die agterosse. Osse om te sorg dat die Kerkwa sy bestemming bereik. Hulle moet die tou styf hou voor, hulle moet die pad hou, koersvas, hulle moet die wa stuur by klippe en gate verby. Hulle moet rem en beur as die drywer die afgrond onderskat of minag.

En as die voorosse op die gladde teerpad van vandag gly en val in 'n poging om daar af te kom — want kyk, die teerpad is nie vir die ossewa bedoel nie, dit is te breed — moet dan nie op hulle skel nie.

Moet ook nie, moet nooit, wanneer ou Domkrag rem in 'n poging om die wa wat op 'n ramp afstuur, se vaart te stuit, die strop breek en onder 'n wiel beland, hom met 'n agterossambok ophelp nie. Hy het sy werk gedoen waarvoor hy ingespan was. Hy kon ook maar saamgehardloop het, né, en saam verongeluk het, nou verkies hy om alleen te verongeluk en die Kerkwa te red.

T. F. J. STEYN.

Delareyville.

DIE UITWISSING VAN DIE VAN RENSBURG-TREK IN 1837

In die jongste jare is daar heelwat geskryf oor die trekke van Louis Trichardt en Hans van Rensburg in Noord Transvaal veral in die loop van die jaar 1837, en veral oor die vraag wat van die trek van Van Rensburg geword het.

Wat hieronder gegee word is in kort die beskouings van mnr. Bernard Dicke, soos wat hy dit op 'n Dingaansfeesviering in 1937 op Veekraal in die distrik Pietersburg in 'n lang toespraak uiteengesit het. Terwyl mnr. Dicke besig was met sy toespraak het ek al meer en meer onder die diepe erns gekom van die belangrikheid van al die feite, wat hy daar meegedeel het en wat duidelik groot gewig moes dra.

Na die toespraak het ek hom persoonlik bedank en hom gevra om hierdie dinge almal swart op wit te sit. Daarop deel hy my mee dat hy 'n maand of wat vantevore in korrespondensie was met die historiese onderkomitee van die eeufeeskomitee vir die volgende jaar se eeufeesvierings en dat hy aangebied het om vir daardie geleentheid die trekke van Louis Trichardt en Van Rensburg op skrif te stel. Daarop het hy 'n brief in Engels ontvang van die sekretaris van hierdie onderkomitee waarin hy skryf: „I understand that you will be able to assist me in reconstructing the Louis Trichardt and Van Rensburg Trek". Hieroor het Dicke hom bitter vererg, veral oor die Engelse brief. Sy standpunt was dat hy self die beskrywing van die trekke sal waarneem en nie bereid was om iemand anders hierin te help nie. Hy wil self die eer daarvan hê, want hy beskik oor die feite. Volgens sy gevoel was die komitee daarop uit om met sy kalwers te ploeg. Hy was blykbaar vroeër in 'n twis-geskryf gewikkel met Gustaf Preller oor hierdie selfde feite. Ek het dit toe weer herhaal: Mnr. Dicke, maar u moet hierdie dinge swart op wit sit. Dicke was toe al 84 jaar en die dinge kon verlore gaan.Ongelukkig was hy nie meer in staat om self te skryf nie, maar omdat hy niks meer van die historiese komitee gehoor het nie, sou hy maar dikteer aan sy dogter, sodat hierdie gegewens bewaar kon bly. Maar in April 1938 is mnr. Dicke dood en al die feite waar hy so trots op was, saam met hom in sy graf.

Hierdie gegewens het so natuurlik en aanneemlik voorgekom dat ek al 'n paar keer met Dingaansfeesvierings hierdie trek van Hans van Rensburg en die uitmoording van die hele laer bespreek het in die lig van die gegewens van Bernard Dicke. Telkens moes ek beloof om dit swart op wit te sit, wat ek graag nou hiermee wil doen.

Ten opsigte van die plek waar Hans van Rensburg en sy hele trek uitgemoor is, het Dicke die stelling gemaak dat dit gebeur het iets ten suide van Elim aan die voet van die Soutpansberg, sodat dit moes gebeur het 'n paar dae, miskien 'n week nadat Van Rensburg sy staanplek ongeveer 15 myl ten ooste van die teenswoordige Louis Trichardt verlaat het. Hiervoor het hy 'n stuk of agt bewyse gegee, waarvan ons die vernaamste hier sal weergee. Die slot van sy toespraak was dat hy binne die omtrek van 'n paar myl die plek sal kan gaan aanwys. Eintlik het hy gewag vir die eeufeesjaar. Wat 'n teleurstelling dat hy dit nie meer kon doen nie!

1. Die eerste en seker ook die vernaamste bewys het hy vasgeknoop aan die besoek van Hendrik Potgieter met 14 man by die laer van Louis Trichardt by die teenswoordige Schoemansdal twee of drie weke voordat Trichardt daarvandaan teruggetrek het op die bekende trek na Lourenço Marques. By Potgieter was 'n paar man wat betrekkings gehad het by die mense van Hans van Rensburg en met wie hulle graag in aanraking wou kom. Tot groot teleurstelling moes hulle egter vind dat Van Rensburg en sy hele laer spoorloos verdwyn

het. Hierdie verdwyning of wegtrek van Van Rensburg, skryf Dicke toe aan die feit dat twee Baster-Portugese, wat kort vantevore by Louis Trichardt was en hom vertel het dat Lourenço Marques nie Noordoos van hulle lê nie, soos wat hy en Van Rensburg gedink het, maar skuins agter hulle. Trichardt het hulle van Van Rensburg en sy laer vertel en soos verwag kan word, het hulle met hul terugkeer na die baai by Van Rensburg aangegaan en hom dit natuurlik ook vertel. Van Rensburg wat altyd haastig besluit het, sou hierop onmiddellik besluit het om te trek en wel in 'n suidoostelike rigting, sonder dat hy Trichardt daarvan in kennis gestel het.

Potgieter het ernstig by Trichardt daarop aangedring om na Van Rensburg te gaan soek en vas te stel wat gebeur het en wat hy ook onmiddellik gedoen het. Met drie man te perd gaan hy dadelik na die plek waar Van Rensburg byna 'n jaar lank gestaan het. Daar gekom kon hy aan die spore vasstel dat Van Rensburg minstens 'n dag of agt vantevore al weg was. Gedagtig daaraan dat hy en Van Rensburg vantevore dikwels daarvan gepraat het dat hulle nog 'n oostelike rigting al onder die Soutpansberg langs sal trek en later dan weer noord sou draai om so koers te hou na Lourenço Marques, begin hy dadelik om die spore te volg. Maar aangesien Van Rensburg al reeds 'n week op trek is, besluit hy om maar van die spore af te gaan en oor die berg, hom met 'n kort pad gouer te kry. Tot sy grootste verbasing kon hy aan die oostelike kant van die berg geen spoor van Van Rensburg kry nie. Hy draai al meer oos en later suid oor die vlaktes van die Klein-Letaba tot naby die rante van Duiwelskloof en eindelik heeltemal wes en geen spoor van Van Rensburg se laer nie. Hy was toe oortuig dat hy nou rondom Van Rensburg gery het. Hy besluit toe om weer terug te gaan tot by Van Rensburg se staanplek en dan die spore te hou. Maar ongelukkig begaan hy vir die tweede keer die fout om van die spore af te gaan. Op 'n sekere punt draai die spore skielik regs in 'n suidelike rigting. Vermoedende dat hy die spore voor weer sou kry ry hy oos en later suid, maar ry tog 'n veel kleiner sirkel as die vorige paar dae en nog geen spoor van Van Rensburg nie. Vir die derde keer kom hy by Van Rensburg se staanplek met die bedoeling om nou die spore te hou tot hy by hom uitkom. Toe vind hy dat die spore waar hy dit die vorige keer gelos het, aanhou in suidelike rigting na twee koppe ten suide van Elim. Omdat hy seker was dat hy nou twee keer om Van Rensburg gery het, hou hy hom nou vas aan die spore. Dis toe dat Trichardt onrustig begin word het. Hy het al die verskillende naturelle-stamme van die omgewing geken en dikwels met hulle in aanraking gekom, maar wis ook dat Van Rensburg nie die slag had nie om 'n goeie verhouding met hulle te handhaaf.

Hy was ook nie baie ver nie toe hy tussen twee koppe deur Bantoes voorgekeer word. Hulle wou hom nie verder laat gaan nie, omdat die tsetsevlieë dan sy perde sou doodsteek. Die feit dat hulle daar was is 'n bewys dat hulle Trichardt wat hulle goed geken het, verwag het n.l. dat hy na Van Rensburg sou kom soek. Op sy vraag wat van Van Rensburg geword het, terwyl hy nou op sy spore is, het hulle geantwoord dat die kaptein wat sy stad aan die ander kant van die berg had, hom sal sê wat van Van Rensburg geword het. Met 'n ompad bring hulle hom by die kaptein, wat by Trichardt ook nie onbekend was nie. Dit was baie opvallend dat die kaptein 'n nukkerige houding teenoor hom aangeneem het. Toe hy hom vra na Van Rensburg, was sy barse antwoord dat Van Rensburg daar verby is in 'n suidoostelike rigting. Dit het hy geweet dat dit nie waar was nie, omdat hy seker is dat hy nou twee keer rondom hom gery het. Mense wat die Bantoe in sy natuurstaat ken weet dat hierdie barse houding die teken is van 'n skuldige gewete.

Toe Trichardt daarop maar wou vertrek omdat hy weet dat in sy laer op hom gewag word, wil die kaptein hom nie laat gaan nie. Hy kan die volgende more vroeg ry. Dit het vir Trichardt duidelik geword dat die kaptein van plan was om hulle in daardie nag te laat vermoor en hy het dit ook aan sy makkers gesê. Later die namiddag gaan hy na die kaptein en sê hom dat dit so goed is en dat hy dan die volgende dag sy laer sal gaan haal om dan ook agter Van Rensburg en sy mense aan te trek. Dit het die kaptein baie goed gevind en toe opvallend 'n vriendeliker houding teenoor hom aangeneem. Daardie nag het Trichardt en sy manne dwarsdeur wag gesit, maar soos Trichardt verwag het, het daar niks gebeur nie en vroeg die volgende more kon hulle vertrek. By die laer gekom, het Trichardt besluit om so gou as moontlik te trek, terwyl Potgieter en sy mense intussen al terug is omdat Trichardt te lank weggebly het. Dit is toe dat hy die trek begin het wat gegaan het oor Soekmekaar, Pietersburg en deur Strydpoort en daarvandaan al langs die Olifantsrivier, oor Trichardtberg, die Blyderivier en Pretoriuskop tot by Lourenço Marques.

Nou maak Dicke die stelling dat as Trichardt met sy manne daardie more nie deur die Bantoes ten suide van Elim voorgekeer was nie, hulle op die plek sou uitgekom het, waar Van Rensburg en sy mense vermoor gelê het en dit alleen terwille van al die vee wat Van Rensburg by hom gehad het. Twee keer het hy rondom Van Rensburg gery en die derde keer was hy verhinder om by hom uit te kom en die nukkerige houding teenoor Trichardt wat die kaptein goed geken het, is die bewys dat hy persoonlik daar agter gesit het.

Die teorieë dat Van Rensburg se laer veel verder oos uitgewis sou gewees het is almal gebou op die opvatting dat Trichardt twee keer oor die spore van Van Rensburg se laer sou gery het sonder om dit raak te sien. Niemand wat enigsins kennis het van hierdie mense van die natuur sal ooit so iets beweer nie. Dis eenvoudig ondenkbaar. Selfs in die skemer sou Trichardt nie oor Van Rensburg se spore gery het nie.

2. Dicke se tweede bewys, wat vir hom groot gewig gedra het en van deurslaggewende betekenis was, berus op verklarings van die latere kaptein van dieselfde stam. Hierdie kaptein het hom en sy broer dikwels gevra om saam te gaan skiet en hy het aan hulle meer as een keer gesê: dat hy niks gesien het nie, maar hy weet sy pa het Van Rensburg dood gemaak. Dit sluit heeltemaal saam met die argumente van die eerste bewys.

3. 'n Derde bewys vir die moorplek naby Elim vind Dicke in die nederige en onderdanige houding wat hierdie groep van Sjangaans (of Kaalkaffers) later teenoor die Boere en Boereregering aangeneem het veral in die tyd van Joao Albisinie uit vrees dat die Boere hulle nog sou straf vir hierdie misdaad.

4. 'n Ander bewys, hoewel nie van deurslaggewende betekenis nie, is die feit dat sekere voorwerpe wat later by die Sjangaans van daardie omgewing gevind is, volgens verklaring van latere Blankes aan die mense van Van Rensburg behoort het. Dicke gee toe dat dit nie groot krag dra nie, omdat die Voortrekkers later dikwels sulke goed soos spieëls, bekers en selfs verkykers aan die Bantoes verruil het.

5. Nog 'n bewys moet gesien word in die feit dat die Bantoes, veral die Sjangaans van die dele ten ooste van Tzaneen, vroeër baie geweet het van Louis Trichardt en self die kop waar Trichardt oor afgetrek het die naam van **Thaba Lebesse** gegee het. In 1930 is 'n ou Bantoe ontdek teen die oostelike helling van Lewiese Berg, wat sê dat hy vir Trichardt gehelp het om die berg af te kom, dat Trichardt met sy mense aan die westelike kant van die berg padgemaak het en dat die berg gevolglik na Louis Trichardt vernoem is. Van Rensburg wat

ook oor daardie vlaktes sou getrek het, het hulle niks van geweet nie. Dit bewys dat hy nooit daar uit gekom het nie. Die verklarings wat in meer moderne tyd gemaak is dat 'n Zoeloe-impi Van Rensburg by die sameloop van die Letaba en Olifantsriviere sou vermoor het, moet mens maar 'n baie groot vraagteken agter sit. Daar is baie nougesette navorsing gedoen in verband met die trekke van Louis Trichardt en Hans van Rensburg veral oor die jaar 1837, waar 'n mens waardering voor moet hê. Baie gegewens het aan die lig gekom, maar mens moet tog maar versigtig wees vir kunsmatige gegewens. Tog lyk die verklaring van Bernard Dicke vir my baie aanneemliker, omdat dit natuurlik is en as mens die Bantoes en die omstandighede ken ook baie begrypliker. Dit verklaar baie dinge soos b.v. die feit dat Van Rensburg so meteens verdwyn het, dat geen mens ooit weer iets van hom in daardie tyd gehoor het nie. Die ou Voortrekkers het net aangeneem dat Van Rensburg en sy mense êrens onverwags totaal uitgewis is, waar en presies wanneer kon niemand sê nie en dat as Louis Trichardt nie so onverwags en so haastig en langs 'n eienaardige roete van die voet van die Soutpansberg omgedraai het op sy trek na Lourenço Marques nie, dit met hom en sy geselskap ook so kon gegaan het.

Ek is jammer dat ek so lank gewag het om hierdie dinge swart op wit te stel. Ek het dit nou gedoen omdat ek tot my ontsteltenis ontdek het dat al die gegewens wat Dicke meen te gehad het met hom in sy graf verdwyn het en omdat ek meen dat ek nog die enigste is wat weet waaroor Dicke by Veekraal op 16 Desember 1937 gepraat het. Dit spyt my ook dat ek 'n paar van die minder belangrike bewyse wat hy genoem het, vergeet het.

H. P. WOLMARANS.

11 September 1967.

STEL DIE GEESTE OP DIE PROEF

Dwarsdeur die Kerk oor die hele wêreld is daar 'n krisis vir en in die Kerk aan die uitbroei. In sommige plekke het dit reeds uitgeslaan; op ander plekke is daar nog net die voorlopers te sien. Hierdie komende krisis gaan dikwels skuil onder die dekmantel van 'n vernuwingsaksie. Op talle terreine van die kerklike lewe en werk is hervorming en vernuwing dringend nodig en daarom word elke „vernuwing" met oop hande aangegryp. Maar hierdie onbesonne aanvaarding van alles wat nuut is, bring soms mee dat die kerk van die wal in die sloot gehelp word. Vernuwing en hervorming is lewensdeel van die Hervormde wêreld maar dit is altyd vernuwing en hervorming vanuit die Skrif en na die Skrif. Waar die hervorming en vernuwing die Skrif op die agtergrond stoot, die swaartepunt van die Skrif gaan verplaas van „Christus die gekruisigde" na die mens met sy behoeftes en begeertes, word 'n gees openbaar wat deeglik op die proef gestel moet word.

Die sg. vernuwing in die wêreldwye kerk, slaan op verskillende maniere en op verskillende plekke uit. In Nederland word in die Roomse Kerk die mis (nagmaal) bedien met die begeleiding niks anders as „Beat-musiek" nie want die jeug beweer dat die nagmaal vir hulle 'n „Happening" is. Elders in Nederland is, na bewering, 'n ‚nagmaal" gevier deur Roomse en Protestante om een tafel met boerkool en wors, met wyn en brood terwyl onder groot gelag iemand 'n voorlesing gehou het uit . . . 'n koerant!

In Engeland en in Amerika kom allerlei proefnemings na vore wat nie skroom om te daal tot die vulgêre in 'n poging om te spreek tot die mens van ons tyd op sy eie manier sodat die Evangelie verstaan kan word! Hiervoor word allerlei metodes en middele gebruik nl. „jazz-orkeste", sg. koffiekroeg-namgaalviering, danse en opvoerings in en tydens die normale eredienste in die kerkgebou en alle ander middele wat maar enigsins gebruik kan word om die jeug van vandag te trek.

Hierdie uitspattighede op die kerklike erf is 'n aanduiding van 'n ingrypende aksentverskuiwing in die kerk. Dit is die uitvloeisels en praktiese toepassing van die sg. „nuwe teologie" wat al geruime tyd deur die Europese en Amerikaanse kerke gewaai het. Dit is 'n duidelike aanduiding dat hierdie teologiese stroming (as 'n mens dit nog teologie kan noem) nie verleë sit met die vraag hoe die evangelie van Jesus Christus verkondig moet word nie maar dat hulle wel sit met 'n godsdiens sonder God en 'n Christendom sonder Christus. Hulle het nog die dop van die Kerk van Christus oorgehou maar die lewensinhoud verruil vir iets anders. Daarom is hulle verleentheid nie die een wat soek om na die hart van die mens te spreek nie maar wel een wat soek om die sin van die mens te bevredig. Daar word nie gepoog om Jesus Christus te alle tye te verkondig nie maar wel om Hom te alle tye te verbloem en te verberg; die mens moet hom nie meer voor Christus buig in ootmoed en dankbaarheid nie maar Christus moet buig voor die eise en begeertes van die mens; die Gekruisigde is nie meer die hoop en verwagting van die wêreld nie maar Hy is slegs die dekmantel waaragter 'n nuwe toekoms vir en volgens die mens opgebou word.

By die sg. „Kirchentag" in Duitsland het hierdie krisis in die Kerk tot uitbarsting gekom. Bykans 450 jaar na die historiese optrede van Luther toe hy te Wittenberg sy protes teen die dwalinge van Rome aan die kerkdeur gespyker het, staan die kerke in Duitsland op die vooraand van 'n intense geloofstryd. Teenoor die moderne teologie het daar verset gekom. 'n Groep in die kerk wat sê: „Geen ander evangelie nie" protesteer teen die moderne vervalsing en vernietiging van die Evangelie. As gevolg van hierdie protes het

talle gemeentes geweier om die Kirchentag te ondersteun, talle predikante het hulle gemeentelede aangeraai om die dag te dwarsboom op allerlei maniere. Dit het die algemene gevoel geword onder die protesterendes dat hierdie Kirchentag 'n geleentheid geword het waarop die moderne teoloë hulle teologie propageer ten koste van die belydenis van die kerk.

As deel van die vernuwingsprogram in die kerk, het talle predikante in Duitsland begin om die belydenisformule in die erediens te verander. Daar word nie meer gesê: „Ons doen belydenis van ons algemene christelike geloof" nie maar wel dat ons na die voorbeeld van die vadere ons geloofsbelydenis uitspreek. So op die oog af klink dit mooi; die ou gebruike en tradisie word nog gehandhaaf! Maar in werklikheid is dit 'n metode waarop predikant en gemeente nie meer op dieselfde wyse as die vadere Jesus Christus bely nie. Dit is 'n masker waaragter predikant, en soms die gemeente ook, gaan skuil omdat hulle nog nie openlik wil erken dat hulle nóg in Jesus Christus nóg in God glo nie. Hiervan het prof. Kunneth, 'n vooraanstaande Duitse teoloog, gesê dat dit 'n belangrike aksentverskuiwing is waardeur die hele gebou van die christelike verkondiging inmekaar kan stort. 'n Skynbaar onskuldige sinsverandering, bring ingrypende en betekenisvolle veranderinge mee t.o.v. die inhoud van die geloof.

Enkele ander opmerkings van Duitse teoloë sal 'n aanduiding gee hoe hierdie sg. vernuwing reeds daarin geslaag het om Christus uit te dryf uit die kerklike verkondiging. Prof. Bartsch van Frankfurt noem die kersverhaal van Lukas 'n legende wat uit die lug gegryp is. Volgens hierdie professor moet kersfees nou vervang word met 'n fees van „medemenslikheid". Volgens hierdie geleerde is die lewe van die mens Jesus merkwaardig. Hy stel hom met krag en met rewolusionêre brutaliteit teenoor die gees van sy tyd en bring die nuwe prinsipe van medemenslikheid na vore. Die godheid van Christus is vir talle 'n aanstoot. Hy is slegs mens, ten volle mens en nie „waaragtige God uit waaragtige God" nie. Hierdie bewering word bekragtig deur 'n ander geleerde wat beweer dat as ons sê dat Jesus die Seun van God is dan word die hele Nuwe Testament vir ons onverstaanbaar. Ook die opstanding van Christus word deur teoloë soos Bultmann, Marxsen en andere geloën.

Daar is tans 'n gejag na sensasie onder die Duitse teoloë aan die gang in 'n poging om die een hoeksteen na die ander van die geloof aan te tas en te probeer omvergooi. Soos prof. Braun dit stel: dit is 'n christendom van die na-metafiesiese geslag; 'n geloof sonder hemel en sonder hel, sonder kontak tussen hierdie en 'n ander wêreld, 'n geloof sonder middelaar wat ontstaan het uit en vir gebeure in hierdie wêreld. Vir hierdie teoloë en hulle teologie is God waarlik dood. Juis daarom is die prediking vir hulle nie meer die uitleg van die Skrif nie maar die verkondiging van 'n eie lewens- en wêreldbeskouing wat vir die mens interessant is. Hulle beroem hulle daarop dat die kerke by hulle weer vol is en dat hulle die Christendom weer vir die mense laat herleef.

Hierdie herlewing is egter nie die van die christendom nie maar van die heidendom want die christendom is gebou op Jesus Christus as hoeksteen, Hy, die Seun van God, die Middelaar en Verlosser is en bly, volgens die Skrif, vir die mens 'n ergernis en 'n aanstoot. Wie hierdie ergernis en aanstoot verwyder, is waaragtig nie meer besig met die Evangelie nie maar is besig met moderne afgodery.

Hierdie nuwe teologie is 'n teologie van angs en van skuld. Dit is dan ook geen wonder dat hierdie teologie in Duitsland gebore is nie. Die Duitsers leef onder die skuldgevoel van die misdade van die Derde Duitse Ryk in die laaste wêreldoorlog; hulle word bedreig

deur die kommunisme en vrees vir hulle bestaan. Daarom skreeu hierdie volk en ook 'n gedeelte van die kerk om medemenslikheid omdat hulle a.g.v. die onmenslikheid van die wêreldoorlog 'n sielewroeging het. Hulle skreeu om medemenslikheid in die hoop dat as hulle die prooi van die kommunistiese wêreldoorheersing word, hulle 'n beter lot sal ontvang as die Jode in Duitsland. Hierdie angs en skuldgevoel word wêreldwyd aangewakker en aangeblaas deur die kommunisme en kapitalisme en ander „ismes" van ons tyd. Die Westerse wêreld word beskuldig dat hulle deel het aan die skuld vir die armoede in groot dele van die wêreld, dat hulle skuld het aan die honger en die agterlikheid. Daar is angs dat indien hierdie honger en ondervoede menigtes in beweging sal kom, ons onder mag gaan. Daarom word die medemenslikheid en die sosiale implikasies van die evangelie bo alles gestel en wanneer die evangelie hom nie wil leen tot hierdie aksentverskuiwing nie word God ter dood veroordeel en Christus opnuut gekruisig.

Dit is egter opvallend dat diegene wat roep om medemenslikheid bo alles en selfs rewolusie t.w.v. medemenslikheid propageer hulle oë sluit vir die onmenslikheid van elke rewolusie. Hulle oë is gesluit vir die massa likwidasie van die Kulakke in die Bolsjewistiese rewolusie, hulle sien nie die wreedhede van Rusland, Sjina, Kuba en ander trawante van die medemenslikheid nie. Hulle is blind vir die onmenslikheid wat gepleeg word in die naam van medemenslikheid.

Waar mensgemaakte skuldgevoel teenoor mense die sondebesef teenoor God vervang, kom daar vervlakking, vervalsing en verdraaiing van die evangelie van Jesus Christus. Hierdie skuldgevoel word ook in ons land gepropageer en dring reeds op talle plekke die geloofserf binne.

Waar daar ook by ons vernuwing en besinning opnuut op baie terreine van die geloofslewe gevra word, mag dit slegs telkens daarom gaan om Jesus Christus die gekruisigde beter en duideliker op die voorgrond in die kerklike lewe en verkondiging te stel. Ook in hierdie opsig is die kerk steeds geroepe om die geeste te beproef of hulle uit God is al dan nie. Ook hier moet ons ons nie laat meesleep deur 'n wêreldgees van kapitulasie en lamlendigheid nie maar die gees van die tyd moet deeglik beproef en getoets word.

Dr. A. J. G. Dreyer.

Kaapstad.

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING:

Di. A. J. Nolte (voorsitter), P. M. Smith (skriba), S. P. Viljoen (vise-voorsitter), dr. J. P. Oberholzer (vise-skriba), ds. J. G. M. Dreyer, dr. P. W. Venter, oudll. prof. dr. P. S. Dreyer, prof. dr. B. J. Engelbrecht, J. H. Lotz, J. C. Oelofse, H. A. Smit, J. M. Theunissen, J. P. van den Berg, D. P. J. van Schalkwyk, P. W. van Staden.

Die Skriba: Posbus 2368, Pretoria. Telefoon 3-5201.

RAAD VAN FINANSIES:

Di. Abr. Ras (voorsitter), C. S. van H. Steenekamp (vise-voorsitter), H. J. Geyser, G. P. J. Grobler, W. F. H. Huyzers, oudl. P. A. Bentum, br. B. Pickardt.

Skriba: Die Administrateur, Posbus 2368, Pretoria. Telefoon 3-5201.

PENSIOENRAAD:

Di. G. P. J. Grobler (voorsitter), Abr. Ras (vise-voorsitter), A. J. van Staden, T. F. Dreyer, C. J. S. van Niekerk.

Skriba: Die Administrateur (ampshalwe lid).

RAAD VIR DIE ARGIEF EN MUSEUM:

Di. T. F. Dreyer, S. J. Botha, die professor in die Geskiedenis van die Christendom, die skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, die Administrateur.

HOSPITAALPREDIKANTE:

Ds. H. M. J. Kramer, Streatleylaan 25, Auckland Park, Johannesburg. Telefoon 31-1915. Ds. J. J. Engelbrecht snr., Moultonlaan 38, Waverley, Pretoria. Telefoon 70-1349.

DIE ADMINISTRATEUR:

Mnr. A. B. van N. Herbst, Dirk van der Hoffgebou, Jacob Maréstraat 224, Pretoria. Posbus 2368, Telefoon 3-5201.

VOORTREKKERTEHUIS:

(Huisvader prof. P. S. Dreyer, Lynnwoodweg 105, Brooklyn, Pretoria. Telefoon 74-4588).

Direkteure: Di. A. J. van Staden, J. D. H. Smit, G. J. J. Roos, P. M. Smith, F. du C. Labuschagne, drr. A. J. G. Oosthuizen, J. I. de Wet, L. M. le Roux, proff. P. S. Dreyer, P J. Coertze. mevv. D. Smit, L. M. le Roux, mnr. A. B. van N. Herbst.

Skriba: Die Administrateur.

H.A.U.M. BOEKHANDEL:

Generaal Pretoriusgebou, Paul Krugerstraat 480, Pretoria. Posbus 460, Pretoria. Telefoon 2-2014.

WERKGROEP PREDIKING EN EREDIENS:

Ds. J. G. M. Dreyer, prof. B. J. Engelbrecht en die voorsitters van die volgende organe:

1. **Raad vir Prediking, Erediens en Kerkbou:**
   Dr. J. I. de Wet, di. C. J. Smit, N. H. Buitenweg.
2. **Raad vir Belydenis en Liturgiese Geskrifte:**
   Die professore en ander dosente in die teologie en ds. G. M. M. Pelser.
3. **Verteenwoordigers op die Kommissie vir die Hersiening van die Afrikaanse Bybelvertaling:**
   Proff. E. S. Mulder en S. P. J. J. van Rensburg, dr. J. P. Oberholzer.
4. **Raad vir Bybelverspreiding:**
   Dr. P. J. T. Koekemoer, di. P. A. R. C. van Wyk, W. J. Roos, M. J. Naude, D. J. A. G. du Toit, J. A. P. van Tonder, dr. J. H. de Kock, oudl. A. A. du Plessis.
5. **Sekretaris van die Bybelgenootskap van S.A.:**
   Ds. A. Ras, Selkirkweg 6, Parkview, Johannesburg. Posbus 639. Tel. 23-6349 (kantoor); 41-4122 (tuis).

6. **Raad vir Kerkmusiek:**
Di. D. F. Erasmus, D. J. C. van Wyk, C. L. van den Berg, dr. P. W. Venter, mnre. W. Mathlener, S. Hofmeyer van der Merwe en J. S. du P. Potgieter, mev. C. Eksteen, sekr. W. Mathlener, Posbus 2368, Pretoria.
7. **Redaksie van die Bybelse Dagboek:**
Proff. B. J. Engelbrecht en F. J. van Zyl, dr. J. P. Oberholzer.
8. **Verteenwoordiger op Adviserende Raad vir Geestelike Sake, S.A.U.K.:** Ds. T. F. J. Dreyer snr.

WERKGROEP KATEGESE:
Ds. P. M. Smith, oudl. P. W. van Staden en die voorsitter van die volgende organe:
1. **Raad vir Sondagskool en Kategese:**
Di. C. J. Smit, S. E. Young, P. A. R. C. van Wyk, J. H. Naudé, H. N. Botha, dr. J. I. de Wet, oudll. C. G. de Groot, H. Coertze en L. J. Loader.
2. **Raad vir Voortgesette Kategese:**
Prof. B. J. Engelbrecht, di. J. H. Koekemoer, M. du P. Beukes.

WERKGROEP GEMEENTE-OPBOU:
Ds. S. P. Viljoen, oudll. J. C. Ooelofse, H. A. Smit en die voorsitters van die volgende organe:
1. **Raad vir die Belydende Jeug:**
Di. W. J. Roos, N. H. Buitenweg, F. du C. Labuschagne, T. F. Dreyer, H. R. Visser, die studenteleraars, oudl. D. C. L. Dreyer.
2. **Raad vir Opvoeding en Onderwys:**
Di. P. M. Smith, D. B. Snyman, J. M. Fourie, G. P. J. Grobler, J. B. C. van Rensburg, drr. L. M. le Roux, N. S. Botes, S. J. L. Gouws.
3. **Verteenwoordigers op die Trans-Oranje Instituut vir Buitengewone Onderwys:**
Di. G. P. J. Grobler, D. B. Snyman, dr. L. M. le Roux.
4. **Raad vir die Herderlike Sorg:**
Di. G. J. J. Roos, P. W. van Heerden, A. J. Zwarts, prof. P. S. Dreyer, dr. S. J. Prins.
5. **Raad vir Voorligting insake Maatskaplike Vraagstukke:**
Di. J. C. de Lange, R. P. Botha, J. P. Snyman, prof. A. S. Roux, dr. F. P. Theron, mnr. S. J. M. van Staden.
6. **Kommissie vir Literatuurvoorsiening:**
Drr. J. P. Oberholzer, P. J. T. Koekemoer, ds. C. J. Mans, die professore en ander dosente in die Teologie, die Administrateur.
7. **Redaksie van die Almanak:**
Di. T. F. J. Dreyer snr., S. P. Viljoen, S. E. Young, die Administrateur.
8. **Redaksie van Die Hervormer:**
Ds. J. G. M. Dreyer, proff. P. S. Dreyer, F. J. van Zyl, drr. P. J. T. Koekemoer, J. I. de Wet, mev. M. E. Dreyer.

WERKGROEP APOSTOLAAT:
Ds. A. J. Nolte, oudll. D. P. J. van Schalkwyk en J. H. Lotz en die voorsitters van onderstaande organe:
1. **Raad vir die Arbeid onder Buitekerklikes:**
Di. M. J. Naude, J. H. Steenekamp, C. J. S. van Niekerk, dr. D. J. Booysen.
2. **Raad vir die Arbeid onder Immigrante:**
Di. T. F. J. Dreyer snr., J. N. Wolmarans, dr. J. F. Stutterheim, mev. W. Mathlener, mnr. A. B. van N. Herbst.
3. **Sentrale Raad vir die Kerstening van die Heidene:**
Prof. P. S. Dreyer (voorsitter), ds. J. A. P. van Tonder (vise-voorsitter), die ringsuperintendente vir die Kerstening, proff.

F. J. van Zyl, A. D. Pont, ds. J. G. du Plessis.
Skriba: die Administrateur.

4. **Raad vir die Handhawing van ons Protestantse Erfenis:**
Di. P. G. van Staden, F. J. H. Buitendag, dr. P. J. T. Koekemoer.
5. **Raad vir Sektewese:**
Di. H. M. E. Dreyer, J. A. Schroeder, J. S. Marais, J. L. van Staden.
6. **Raad vir die Arbeid onder Israel:**
Di. J. G. M. Dreyer, H. M. E. Dreyer, M. W. Pretorius, B. J. van Staden.
7. **Raad vir Sensus en Statistiek:**
Di. J. D. H. Smit, M. J. van Schalkwyk, H. R. Visser, H. J. Geyser, dr. J. H. de Loor.
8. **Verteenwoordiger op die Maatskappy vir Europese Immigrasie:**
Dr. L. M. le Roux, ds. J. J. Smit.
9. **Verteenwoordiger op die F.A.K. en Afrikaanse Kultuurraad:**
Dr. A. J. G. Oosthuizen, sek., ds. T. F. J. Dreyer snr.
10. **Verteenwoordiger op S.A.B.R.A.:**
Ds. T. F. J. Dreyer snr., dr. A. J. G. Oosthuizen.
11. **Verteenwoordiger op die Instituut insake Heersende Ideologieë:**
Ds. G. J. J. Roos.
12. **Verteenwoordiger op die Antikommunistiese Aksiekommissie:**
Ds. G. J. J. Roos.

WERKGROEP AMPSBEDIENING EN KERKORDENING:
Dr. P. W. Venter, oudll. prof. P. S. Dreyer, J. M. Theunissen en die voorsitters van die volgende organe:

1. **Predikantevergadering:**
Alle predikante van die Kerk.
2. **Raad van Ouderlinge:**
Prof. P. S. Dreyer, J. C. Oelofse, P. W. van Staden, D. P. J. van Schalkwyk, J. P. van den Berg.
3. **Raad vir die Barmhartigheidsdiens:**
Prof. A. D. Pont, ds. F. du C. Labuschagne, die voorsitters van die Weeshuisdireksie en die Ondersteuningsraad, die voorsitster van die N.H.S.V. Hoofbestuur, die Administrateur.
   (a) **Weeshuisdireksie:**
   Dr. A. J. G. Oosthuizen (voorsitter), di. A. J. Nolte (sekretaris), W. F. H. Huyzers, J. H. van Staden, J. G. M. Dreyer, C. S. van H. Steenekamp, mnr. A. B. van N. Herbst (uitvoerende Direkteur).
   Hoofkantoor: Posbus 2368, Pretoria. Telefoon 3-5201.
   Jac. van Belkumhuis (Prinsipaal Mnr. C. J. Barnard), Kroningsweg, Wentworth Park, Krugersdorp. Posbus 262, Krugersdorp. Telefoon 660-7531.
   Andries Hendrik Potgieterhuis (Prinsipale Mev. G. C. Viljoen), Malherbestraat 51, Capital Park, Pretoria. Telefoon 3-2710.
   Kleuterskool: Tink-tinkie Kleuterskool, Malherbestraat 51, Capital Park, Pretoria. Telefoon 38776 (Prinsipale Mev. H. F. Pretorius.
   Ned. Hervormde Weeshuispers: Humanstraat 55, Krugersdorp. Posbus 171, Krugersdorp. Telefoon 660-5916/7.
   Ned. Hervormde Weeshuisbouers: Jacob Maréstraat 224, Pretoria. Posbus 2368, Pretoria. Telefoon 3-5201.
   (b) **Ondersteuningsraad:**
   Dr. P. W. Venter, ds. P. J. L. Bierman, mevv. M. J. A. Ras, A. de Wet, een lid van elke Diakonale Streeksraad.

Direkteur: Mnr. P. S. Oelrich. **Hoofkantoor:** T.O.-gebou, Simmondsstraat 95, Braamfontein, Johannesburg, Tel. 724-0371/2. **Takkantore:** Jacob Maréstraat 210, Pretoria, Tel 3-5203. Krugergebou 17, Ockersestraat, Krugersdorp, Tel. 660-4480. Volkskasgebou, Presidentstraat, Germiston, Tel. 51-2024. Kerkstraat 12, Lichtenburg, Tel. 161. Kerkgebou, gemeente Witbank, Posbus 552, Witbank, Tel. 226.

(c) **N.H.S.V. Hoofbestuur:**
Voorsitster: Mev. D. M. Smit, 26ste Laan 304, Villieria, Pretoria. Vise-voorsitster: Mev. S. M. Huyzers, Posbus 151, Duiwelskloof. Sekretaresse: Mev. C. J. van Zyl, Posbus 108, Pretoria, Hulpsekretaresse: Mev. C. Roos, Berglaan 95, Pretoria-Noord. Hulpsekretaresse: Mev. A. Snyman, De Beerstraat 544, Wonderboom-Suid, Pretoria. Tesouriere: Mev. M. J. A. Ras, Posbus 639, Johannesburg. Hulptesouriere: Mev. A. de Wet, Frieslandlaan 410, Lynwood, Pretoria.
Noordelike streek: Mev. (ds.) H. J. Geyser, Posbus 257, Tzaneen. Mev. A. M. Jacobs, Posbus 49, Carletonville (Sek.: Mev. A. Hermann, Posbus 134, Brits).
Suidelike Streek: Mev. (ds.) N. H. Buitenweg, Posbus 210, Vereeniging (Sek.: Mev. (ds.) J. C. du Plessis, Posbus 176, Heidelberg). Mev. A. M. Jacobs, Genl. Hertzogweg 180, Drie Riviere, Vereeniging (Sek.: Mev. E. Venter, Zealaan 10, Arcon Park, Vereeniging).
Westelike Streek: Mev. (dr.) P. W. Venter, Posbus 3001, Klerksdorp. Mev. H. Labuschagne, Posbus 5, Leeudoornstad (Sek.: Mev. S. Scheffer, Rietgat 103, Pk. Bodenstein).
Oostelike Streek: Mev. (ds.) D. J. van Staden, Posbus 86, Marble Hall. Mev. H. Spies, Posbus 37, Hendrina (Sek.: Mev. M. Joubert, N.H.S.V., Robbertstraat 10, De Bruinuitbreiding, Ermelo).
Rand — Wes: Mev. (ds.) D. J. A. G. du Toit, Danie Malanlaan 64, Floridapark. Mev. H. Lotz, Posbus 145, Muldersdrift (Sek.: Mev. L. C. du Plessis, Lothburyweg 36, Auckland Park, Johannesburg).
Rand — Oos: Mev. (ds.) N. J. Wolmarans, Nestorstraat 9, Mayfair-Wes, Johannesburg (Sek.: Mev. (ds.) M. J. Naudé, Noordhoek 4, Robertsham, Johannesburg). Mev. D. C. L. Dreyer, Posbus 42, Booysens, Johannesburg (Sek.: Mev. H. M. Heyneke, Posbus 231, Benoni).
Pretoria: Mev. (prof.) E. S. Mulder, Universiteit, Pretoria (Sek.: Mev. (ds.) G. M. M. Pelser, Posbus 29, Voortrekkerhoogte, Pretoria). Mev. J. F. v.d. Bergh, Pölarislaan 76, Waterkloof, Pretoria.

4. **Kuratorium vir die Teologiese Opleiding:**
Drr. P. J. T. Koekemoer (voors.), L. M. de Roux, A. J. G. Oosthuizen, S. J. L. Gouws, prof. A. P. Grove, di. G. J. J. Roos, C. J. Mans.
Skriba: Die Administrateur.
5. **Raad vir Regsadvies:**
Proff. E. S. Mulder, F. J. van Zyl, A. D. Pont, J. I. de Wet, br. B. Pickardt.
Skriba: Die Administrateur.

WERKGROEP EKUMENE:
Dr. J. P. Oberholzer, oudl. J. P. van den Berg en die voorsitters van die volgende organe:

1. **Raad vir Ekumeniese Sake:**
Di. A. J. van Staden, J. N. Wolmarans, J. H. Koekemoer, N. H. Buitenweg, C. J. Mans, G. M. M. Pelser, J. G. du Plessis, J. Breytenbach, D. J. A. G. du Toit, E. C. B. Kotze, C. J. Viljoen.

2. **Studiekommissie oor Afrika:**
   Di. C. J. Mans, J. G. du Plessis, A. T. McDonald, C. J. Viljoen.
3. **Korrespondent met buitelandse kerke:**
   Die Skriba van die Algemene Kerkvergadering.
4. **Korrespondente met die Wêreldraad van Kerke:**
   Reformed and Presbyterian World: Dr. A. J. G. Dreyer.
   Jeug: Ds. N. H. Buitenweg.
   Teologies: Ds. C. J. Mans.
   Dept. of Women's Work: Mev. C. J. van Zyl.
5. **Kommissie vir die gesprek met die Gereformeerde Kerk:**
   Proff. B. J. Engelbrecht, A. D. Pont, ds. P. M. Smith.

N.H.S.V. HOOFBESTUUR

Voorsitster: Mev. D. M. Smit, 26ste Laan 304, Villieria, Pretoria. Vise-voorsitster: Mev. S. M. Huyzers, Posbus 151, Duiwelskloof. Sekretaresse: Mev. C. J. van Zyl, Posbus 108, Pretoria. Hulp-Sekretaresses: Mev. C. Roos, Berglaan 95, Pretoria-Noord: Mev. A. Snyman, de Beerstraat 544, Wonderboom-Suid, Pretoria. Tesouriere: Mev. M. J. A. Ras, Posbus 639, Johannesburg. Hulp-Tesouriere: Mev. A. de Wet, Frieslandlaan 410, Lynnwood, Pretoria.

LEDE PREDIKANTSVROUE

Noordelike Streek: Mev. (Ds.) H. J. Geyser, Posbus 257, Tzaneen. Sekretaresse: Mev. (Ds.) G. Coetzee, Hoogestraat 169, Potgietersrust.

Suidelike Streek: Mev. N. H. Buitenweg, Posbus 210, Vereeniging. Sekretaresse: Mev. (Ds.) J. C. du Plessis, Posbus 176, Heidelberg.

Westelike Streek: Mev. (Dr.) P. W. Venter, Posbus 3001, Klerksdorp.

Oostelike Streek: Mev. D. J. van Staden, Posbus 86, Marble Hall.

Rand-Wes: Mev. D. J. A. G. du Toit, Danie Malanlaan 64, Florida-Park.

Rand-Oos: Mev. N. J. Wolmarans, Nestorstraat 9, Mayfair-wes, Johannesburg. Sekretaresse: Mev. N. J. Naude, Noordehoek 4, Robertsham, Johannesburg.

Pretoria: Mev. E. S. Mulder, Universiteit, Pretoria. Sekretaresse: Mev. J. G. M. Pelser, Posbus 29, Voortrekkerhoogte, Pretoria.

NIE PREDIKANTSVROUE

Noordelike Streek: Mev. A. M. Jacobs, Posbus 49, Gravelotte. Sekretaresse: Mev. A. Hermann, Posbus 134, Brits.

Suidelike Streek: Mev. A. M. Jacobs, Genl. Hertzogweg 180, Drie Riviere, Vereeniging. Sekretaresse: Mev. E. Venter, Zealaan 10, Arcon Park, Vereeniging.

Westelike Streek: Mev. H. Labuschagne, Posbus 5, Leeudoornstad. Sekretaresse: Mev. S. Scheffer, Rietgat 103, Pk. Bodenstein.

Oostelike Streek: Mev. H. Spies, Posbus 37, Hendrina. Sekretaresse: Mev. M. Joubert, N.H.S.V., Robberstraat 10, De Bruinuitbreiding, Ermelo.

Rand-Wes: Mev. H. Lotz, Posbus 145, Muldersdrift. Sekretaresse: Mev. L. C. du Plessis, Lothburyweg 36, Aucklandpark, Johannesburg.

Rand-Oos: Mev. D. C. L. Dreyer, Posbus 42, Booysens, Johannesburg. Sekretaresse: Mev. H. M. Heyneke, Posbus 231, Benoni.

Pretoria: Mev. J. F. v. d. Bergh, Polarislaan 76, Waterkloof, Pretoria.

KAAPSE PREDIKANTE VOOR 1814

1665 Johan van Arckel, Kaapstad 1665, oorlede 12 Januarie 1666.
1666 Johannes de Voogt, Kaapstad 1666, na Batavia 1666.
1666 Petrus Wagtendorp, Kaapstad 1666, oorlede 15 Februarie 1667.
1667 Adrianus de Voogt, Kaapstad 1667, na Batavia 1674, oorlede 1674.
1673 Rudolphus Maerlandt, Kaapstad 1674, na Batavia 1676, oorlede 1699.
1676 Petrus Hulsenaer, Kaapstad 1676, oorlede 16 Desember 1677
1678 Johannes Overney, Kaapstad 1678, oorlede 4 Mei 1687.
1687 Johannes van Andel, Kaapstad 1687, na Batavia 1689, oorlede 1690.
1688 Pierre Simond, Drakenstein 1688, na Holland 1702.
1689 Leonardus Terwoldt, Kaapstad 1689, na Batavia 1693.
1694 Hercules van Loon, Kaapstad 1694, na Batavia 1695, Stellenbosch 1700, oorlede 26 Junie 1704.
1695 Petrus Kalden, Kaapstad 1695, na Holland 1708, Ceylon 1722-1737.
1702 Henricus Beck, Drakenstein 1702, Stellenbosch 1707, Kaapstad 1726. Emeritus 1731, oorlede 1757.
1707 Engelbertus Franciscus le Bourq, Drakenstein 1707, na Batavia 1708, oorlede 1748.
1708 Johannes Godefridus d'Aily, Kaapstad 1708, oorlede 1726.
1714 Petrus van Aken, Drakenstein 1714, oorlede 1724.
1723 Lambertus Slicher, Kaapstad 1723, Drakenstein 1725, oorlede 1730.
1729 Franciscus le Sueur, Kaapstad 1729, emeritus 1746, oorlede 1757.
1731 Johannes Wilhelmus Hertzogenraedt, Drakenstein 1731, oorlede 27 April 1736.
1732 Henricus Cock, Kaapstad 1732, na Holland 1742, oorlede 1777.
1732 Salomon van Echten, Stellenbosch 1732, Drakenstein 1738, na Holland 1753, oorlede 1771.
1738 Wilhelm van Gendt, Stellenbosch 1738, oorlede 14 Oktober 1744.
1743 Arnoldus Mauritius Meiring, Tulbagh 1743, oorlede 1757.
1745 Rugter Andreas Weerman, Swartland 1745, na Batavia 1748.
1746 Ruardus Cloppenburg, Kaapstad 1746, na Holland 1748, oorlede 1751.
1746 Petrus van der Spuy, Kaapstad 1746, Drakenstein 1753, emeritus 1781, oorlede 1809.
1747 Eduard Arentz, Stellenbosch 1747, oorlede 1749.
1750 Christian Benjamin Voltelen, Swartland 1750, Kaapstad 1755, oorlede 25 Maart 1758.
1752 Henricus Kronenburgh, Kaapstad 1752, emeritus 1778, oorlede 24 April 1779.
1752 Remmerus Hardens, Tulbagh 1757, emeritus 1775, oorlede 1807.
1753 Johannes Appeldoorn, Stellenbosch 1753, oorlede 29 September 1772.
1754 Gerhardus Croeser, Kaapstad 1754, Swartland 1755, oorlede 26 Mei 1770.
1758 Johannes Fredericus Bode, Kaapstad 1758, oorlede 29 Julie 1784.
1760 Johannes Petrus Serrurier, Kaapstad 1760, emeritus 1804, oorlede 3 Februarie 1819.
1774 Daniel Goldbach, Swartland 1774, oorlede 19 Maart 1783.
1777 Johannes Abraham Kuys, Tulbagh 1777, Kaapstad 1794, oorlede Januarie 1799.

1781 Christiaan Fleck, Kaapstad 1781, oorlede 25 Oktober 1820.
1784 Robert Nicolaas Aling, Drakenstein 1784, oorlede 24 April 1800.
1785 Meent Borcherds, Kaapstad 1785, Stellenbosch 1786, emeritus 1830, oorlede 28 Februarie 1832.
1786 Petrus Johannes van der Spuy, Swartland 1786, Drakenstein 1806, oorlede 2 April 1807.
1786 Helperus Ritzema van Lier, Kaapstad 1786, emeritus 1793, oorlede 21 Maart 1793.
1792 Johann Heinrich von Manger, Graaff-Reinet 1792, Swellendam 1798, Kaapstad 1802, emeritus 1839, oorlede 2 Mei 1842.
1794 Michiel Christiaan Vos, Tulbagh 1794 tot 1802, Swartland 1810, Caledon 1811, emeritus 1818, oorlede 26 Februarie 1825.
1798 Hendrik Willem Ballot, Graaff-Reinet 1798, Swellendam 1802, Tulbagh 1803, oorlede 1814.
1803 Johannes Schütz, Swellendam 1803 tot 1813, Graaff-Reinet 1815 tot 1818.
1806 Johannes Jacobus Kicherer, Graaff-Reinet 1806, Tulbagh 1815, oorlede 1825.
1810 Johan Wilhelm Ludwig Gebhardt, Drakenstein 1810, emeritus 1823, oorlede 12 Oktober 1825.
1811 Jacobus Scholtz, Swartland 1811, oorlede 9 November 1827.
1813 Tobias Herhold, George 1813, Drakenstein 1823, Stellenbosch 1831, oorlede 10 Desember 1857.

VROEËRE PREDIKANTE SEDERT 1853

(Die eerste predikante onder die Voortrekkers was die sendelinge Erasmus Smit en Daniël Lindley).

1853 D. van der Hoff, geordeen 18 Augustus 1852 in Den Haag, Potchefstroom 1853, oorlede 1881.
1861 A. J. Begemann, Pretoria 1861, emeritus 1872, oorlede 1925.
1861 G. W. Smits, geordeen in Den Haag 1860 op 7 Mei, Rustenburg 1861, emeritus 1886, oorlede 1894.
1864 N. J. van Warmelo, geordeen 15 Junie 1864, Zoutpansberg 1864, Heidelberg 1868 (verenig 1885, oorlede 1892).
1864 P. A. C. van Heyningen (Lydenburg 1895) onder die Kerkverband van die Ned. Herv. Kerk 1864 (Kroonstad 1866, emeritus 1894, oorlede 1904).
1875 D. P. Ackerman, geordeen 9 Januarie 1875, Wakkerstroom 1875 (verenig 1885, oorlede 1916).
1875 L. G. F. Biccard (Greytown 1861), Zoutpansberg 1875 (verenig 1885, oorlede 1900).
1876 J. C. de Vries (Hulpprediker Sutherland 1870, Du Toitspan 1873, Zeerust 1876). Laingsburg 1884, emeritus 1894, oorlede 1906.
1876 H. S. Bosman, Pretoria 1876 (verenig 1885), emeritus 1926, oorelede 1933.
1883 C. W. du Toit (Hanover 1869, Pearston 1875, Kruisvallei 1876), Potchefstroom 1883, emeritus 1918, oorlede 1932.
1887 M. J. Goddefroy, geordeen 11 Februarie 1877 (Lage Zwaluwe 1877, Yselmonde 1880, Achlum 1882), Pretoria cs. 1887, Middelburg 1905, emeritus 1917, oorlede 1920.
1891 Jac van Belkum, geordeen 25 Februarie 1877 (Varik 1877, Steenwijk 1882, Zierekzee, 1889), Rustenburg 1891, Heidelberg 1903, emeritus 1927, oorlede 1933.
1895 A. Lagerwey (Ankeveen 1881, Helenaveen 1884, Hoogeloon 1886, Maasluis 1889), Heidelberg cs. 1895, oorlede 1898.

1896 C. Spoelstra (Zoetwoude 1894), Pretoria cs. 1896 (Ned. Herv. Kerk verlaat 1897), Heino 1899, eervol ontslaan 1904, oorlede 1918.

1898 J. Beyer (Lemele 1881, Ijselmuiden 1883, Hierden 1896, Hardewijk 1888, Emnes Binnen 1890) Zeerust 1889, Standerton 1899, na Holland terug 1900, Beek 1902, Nuenen 1905, emeritus 1907, oorlede 1929.

1899 A. Murray (Standerton 1876, Jacobsdal, O.V.S. 1880), Ventersdorp 1899, Rustenburg 1904, emeritus 1921, oorlede 1930.

1904 L. E. Brandt, geordeń te Niezijl 7 Januarie 1901, Zoutpansberg cs. 1904, Johannesburg 1908, Vereeniging cs. 1923, Kensington-Turffontein 1930, oorlede 1939.

1904 Prof. dr. P. J. Muller (Steenwijkerwold 1819, Wolsum 1882, Nijmegen 1884, Rotterdam 1888, Hoogleraar te Amsterdam 1890, Haarlem 1896), Pretoria 1904, emeritus 1909, oorlede 1922.

1905 F. S. du Toit (Nu-Bethesda 1886, Hugenote-Gedenkskool 1899), Ventersdorp cs. 1905, oorlede 1914.

1905 P. W. Ennis (Ermelo 1886), Klerksdorp 1905, emeritus 1928, oorlede 1932.

1907 P. W. van Drimmelen, geordeń 7 Maart 1907, Zeerust 1907, Pietersburg 1915, oorlede 1919.

1908 C. J. L. Ruysch van Dugteren (Ossterland 1904), Pretoria 1908, Bediening neergelê 1911, oorlede 1918.

1908 K. T. van den Heever (Christiana 1899), Makwassie 1908, Ventersdorp 1915 (N.H. of G. Kerk 1915), oorlede 1958.

